A BILL OF RIGHTS FOR SOUTH AFRICA

'N MENSEREGTEHANDVES VIR SUID-AFRIKA

J V VAN DER WESTHUIZEN
H P VILJOEN

BUTTERWORTHS

A bill of rights for South Africa
'n Menseregtehandves vir Suid-Afrika

A bill of rights for South Africa
'n Menseregtehandves vir Suid-Afrika

Proceedings of symposium held at the University of Pretoria on 1 and 2 May 1986
Verrigtinge van 'n simposium gehou by die Universiteit van Pretoria op 1 en 2 Mei 1986

Editors/Redakteurs

Johann van der Westhuizen
BA LLB LLD (Pretoria)

•

Henning Viljoen
BA LLB (Pretoria) LLD (Leiden)

Butterworths
Durban
1988

Reg No 70/02642/07

ISBN 0 409 06108 5

THE BUTTERWORTH GROUP

South Africa
BUTTERWORTH PUBLISHERS (PTY) LTD
8 Walter Place Waterval Park Mayville Durban 4091

England
BUTTERWORTH & CO (PUBLISHERS) LTD
London

Australia
BUTTERWORTHS (PTY) LTD
Sydney Melbourne Brisbane Adelaide Perth

Canada
BUTTERWORTHS CANADA
Toronto Vancouver

New Zealand
BUTTERWORTHS OF NEW ZEALAND LTD
Wellington Auckland

Singapore
BUTTERWORTH & CO (ASIA) PTE LTD
Singapore

United States of America
BUTTERWORTH LEGAL PUBLISHERS
Austin Boston St Paul Seattle
D & S PUBLISHERS INC
Clearwater Florida

Typeset in 10 on 11 pt Times
by Postone Pinetown
Printed by Interpak Natal, Pietermaritzburg

Preface

The symposium, *A Bill of Rights for South Africa*, which took place at the University of Pretoria on 1 and 2 May 1986, was organized by the Faculty of Law of the University of Pretoria, under the auspices of the Society of University Teachers of Law. The idea to hold the conference originated amongst members of the Law Faculty and the organizing committee consisted of academic staff from all departments in the faculty.

The organizers endeavoured to make the programme as representative as possible of the current trends in opinion amongst the legal fraternity in South Africa. The main speakers, panellists and chairpersons on the programme came from nine universities and four organisations of lawyers, and included a retired Apellate Division judge, other judges, members of the Bar and Side Bar, and a member of Parliament. Participants at the symposium numbered approximately two hundred, and included members of the bench, legal practitioners, legal academics and experts in related fields, politicians, foreign diplomats and other overseas observers, students, members of the business community and officials of the South African government.

Before this symposium took place, spokesmen of the South African government had begun to speak, for the first time, of the possibility of a bill of rights for South Africa, although it was not clear whether their ideas corresponded with generally accepted notions of such a bill. It became known during the symposium that the Minister of Justice had instructed the South African Law Commission to investigate the issue, with special attention to the protection of group rights. Several members and researchers of the Law Commission, including the Honourable Justice Pierre Olivier, attended the symposium. The Law Commission's report is expected shortly.

A wide range of political and other opinions expressed frankly in papers and during discussions drew considerable attention and gave rise to lively debate. Prominent delegates regarded the symposium as one of the most important ever held in South Africa. At least some of the significance attached to the event was related to the fact that it was hosted by an Afrikaans university in a city known for its conservatism.

We have to apologise for the late appearance of this book. Editing the papers and discussions proved to be far more difficult and time consuming than expected. Panel and open discussions were tape recorded and in some cases, the quality of these recordings was not high. The discussions were often lively, and speakers participated with varying degrees of eloquence, especially when speaking off the cuff. Thus it was not always easy to reconstruct sentences and paragraphs in such a way as to reflect accurately the thought the speaker wished to convey. Although we have had to summarise, to report indirectly, and even to omit some of what was said, we have tried to stick as closely as possible to the actual words used by speakers. Questions and arguments from the floor during question time after the main papers were not recorded fully and are therefore not included.

We hope and believe that the contents of this volume will contribute to the legal and constitutional debate, as well as to furthering the protection of human rights in South Africa.

A direct consequence of the symposium was the establishment at the University of Pretoria of a Centre for Human Rights Studies with Johann van der Westhuizen as its first director. The purpose of the Centre is the promotion of the idea of human rights, both in an academic and popular way.

JV van der Westhuizen
HP Viljoen

Members of the organising committee:

Professors	Johann van der Westhuizen (chairman) Henning Viljoen Dion Basson Trynie Davel Piet Delport Niek Grové Dirk Kotzé Ferdinand van Oosten Derek van der Merwe Dawid van Wyk	representing the Society of University Teachers of Law
Dr	Duard Kleyn	
Messrs	André Boraine Riet Franzsen Frik van Heerden	
Mrs	Christa van Wyk assisted by Miss Hannelie Basson and other law students and secretaries	
Mesdames	Grieta de Bruyn Rentia Booyens	Secretaries

Contents
Inhoudsopgawe

1 Menseregte: Suid-Afrika se dilemma

GPC Kotzé
Oud-Appèlregter

Die opvatting van 'n groot deel van die blanke bevolking van ons land met betrekking tot menseregte is, soos prof Jonker van die fakulteit Teologie van die Universiteit van Stellenbosch daarop wys, een van uitgesproke afkeur.[1] Na my mening is die basiese rede hiervoor dat die owerheid sigself in 'n dilemma bevind, naamlik omdat die bestanddele van ons bevolking nie gelyksoortig is nie, die land se politieke bestel oor die jare op diskriminasie berus. Die dilemma bestaan daarin dat ons voor 'n keuse staan: moet ons vasklou aan die verlede of soek na 'n werklik, vir die volksmassa, regverdige nuwe bestel? Diegene wat vreesloos oor die onderwerp debat wil voer, vind hulleself noodgedwonge op politieke terrein en loop gevaar om deur die politici (wat graag die alleenreg opeis om hierdie terrein te betree) of selfs deur die staatsowerheid veroordeel te word. U besluit om hierdie onderwerp as tema van hierdie simposium uit te sonder, is dus 'n moedige besluit wat hoë aanprysing verdien. Ek beskou dit derhalwe as 'n besondere eer dat u die waagmoed gehad het om my uit te nooi om die openingsrede te lewer en spreek my opregte dank teenoor u daarvoor uit.

Ofskoon ek onlangs my vorige amp neergelê het en nou met groter vrymoedigheid kontensieuse sake mag aanraak, is dit nogtans niks minder as reg dat ek, as voormalige bekleder van die amp, nie my sin vir verantwoordelikheid kwytraak nie. Dit is dus my voorneme om so objektief as moontlik die aandag te vestig op sommige aspekte waar fundamentele menseregte wel misken word in die hoop dat u, toegerus met u besondere kundigheid, oplossings vir die heersende probleme sal soek en vind.

Dit is waar dat dit tot 'n mate mode geword het in die wêreldpolitiek om Suid-Afrika genadeloos met die vinger na te wys oor die miskenning van menseregte en dit is belangrik om nie hierdie mode blindelings te volg nie. Neem byvoorbeeld die kwessie van godsdiensvryheid: weliswaar mag mens nie orals op Sondag na hartelus visvang of georganiseerde sport beoefen nie, maar tog bestaan daar in hierdie land, in teenstelling met vele ander lande, 'n volslae tradisie van godsdiensvryheid waar die skeiding tussen kerk en staat nie betwyfel kan word nie, en waar iedere individu na begeerte kan aanbid of weier om dit te doen. Ook dui die onlangse herroeping van die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, sekere artikels van die Ontugwet en die onlangs aangekondigde afskaffing van die paswette, op die soeke na 'n nuwe benadering tot die hele probleem. Dit sal vryheid van beweging in Suid-Afrika 'n veel groter werklikheid maak as wat dit tot nou toe was.

Ek gaan onmiddellik oor tot 'n kort bespreking van sommige van die terreine waar, na my mening, daadwerklik en spoedig opgetree behoort te word om die ernstige en ontstellende onrus wat tans in die land heers, af te wend.

---

1 Du Toit (red) *Opstelle oor menseregte* (1984) 47.

Die erkenning van menseregte is een van die waarmerke van 'n ware demokrasie. In wese beteken demokrasie politieke vryheid, dit wil sê die reg om deel te hê aan die keuse van jou land se regeerders en om 'n sinvolle stem uit te bring. In die woorde van Abraham Lincoln op 19 November 1863 te Gettysburg beteken dit: "government of the people, by the people, for the people". Grondliggend tot daardie toespraak was die gedagte dat "all men are created equal".

Hierdie gedagte is vandag universeel wat die Westerse buitewêreld betref. Dit het 'n byna onkeerbare stroom geword wat op Suid-Afrika afspoel. En dit bring my by die eerste groot struikelblok wat ons land vandag in die gesig staar. As ons eerlik wil wees, moet ons toegee dat politieke vryheid vir "all the people" nie bestaan nie. Omdat die bevolking nie homogeen is nie, ons politieke stelsel op rassediskriminasie gegrond is en dit moeilik is om beskerming vir minderhede te verorden, is die probleem 'n ontsaglike een. Dit beteken egter nie dat daar nie dringend na 'n oplossing gesoek behoort te word nie. Die politieke monopolie van mag in Suid-Afrika setel onteenseglik in 'n enkel bevolkingsgroep. Onder die huidige grondwet word Suid-Afrika regeer deur 'n parlement wat uit rasse-aparte kamers bestaan, swart burgers uitsluit en 'n ingeboude oorheersing vir die heersende blanke politieke party verseker. As dit so is, en ek glo dat dit nie betwyfel kan word nie, dan behoort u en ek, iedere lid van die regbank, die advokateberoep en die prokureursorde die stem van ons land se gewete te word, en by verantwoordelike geleenthede soos hierdie een, na die antwoord te soek en aan die owerheid deurdagte voorstelle te doen oor hoe die weerhouding van die stemreg van 'n groot gedeelte van ons bevolking sinryk afgeskaf kan word. U sal my nie verkwalik nie as ek u daaraan herinner dat, indien die voorstel van 'n gekwalifiseerde stemreg geopper word, dit nie uit die oog verloor mag word nie dat 'n groot deel van die bevolking aan 'n toestand van opvoedkundige agterstand ly – wat op sigself 'n miskenning van 'n wesentlike mensereg is.

Vryheid van spraak en van die pers is ook 'n belangrike komponent van 'n ware demokrasie. In die tyd tot my beskikking is daar nie bra geleentheid om aandag te gee aan botsings tussen die staat en buitelandse pers- en televisie verteenwoordigers nie. Vryheid van spraak, sover dit burgers van die land betref, verdien kort behandeling. Hierdie vryheid word in Suid-Afrika op die politieke terrein streng beperk deur onder andere die Wet op Binnelandse Veiligheid 74 van 1982. Besonderhede hiervan is aan u goed bekend. In skrille teenstelling hiermee is die vryhede wat in die VSA, byvoorbeeld aan seepkisredenaars verleen word ten opsigte van die sogenaamde "market place theory of free speech". In *Terminiello v City of Chicago*[2] het *associate justice* Douglas die volgende ekstremistiese uitlating gemaak ter ondersteuning van 'n bevinding dat 'n uiters opruiende rassistiese toespraak deur die grondwetlike waarborg van vrye spraak beskerm word:

> (The) function of free speech under our system of government is to invite dispute. It may indeed best serve its high purpose when it induces a condition of unrest, creates dissatisfaction with conditions as they are, or even stirs people to anger. Speech is often provocative and challenging. It may strike at prejudices and preconceptions and have profound unsettling effects as it presses for acceptance of an idea. That is why freedom of speech, though not absolute, . . ., is nevertheless

2 337 US 1 4-5.

> protected against censorship or punishment, unless shown to produce a clear and present danger of a serious substantive evil that arises far above public inconvenience, annoyance or unrest. . . .

Gedeeltes van hierdie uitlating bevat wyshede en moontlik sal u die geleentheid vind om oorweging te skenk aan die vraag of 'n middeweg tussen hierdie twee uiterstes nie ernstige oorweging deur die owerheid verdien nie.

Ons veiligheidswetgewing en die wyse waarop dit toegepas word, het hierdie land reeds onberekenbare skade berokken. Gedurende 1977 het Biko, terwyl hy kragtens arbitrêre magte ingevolge die veiligheidswetgewing aangehou is, gesterf. 'n Hele aantal soortgelyk sterfgevalle het, soos Dugard in 'n artikel aangeteken het,[3] vòòr dit plaasgevind. Biko se dood het menige Suid-Afrikaner nie "koud gelaat" nie en het saam met sekere ander optrede deur die uitvoerende gesag, daartoe aanleiding gegee dat die veiligheidsraad van die VVO op 4 November 1977 resolusie 418 uitgevaardig het, waarkragtens 'n verpligte wapenverbod teen die land ingestel is en waarskynlik ingestel sal bly, totdat Rusland moontlik genoeë sal neem met 'n toekomstige regeringsvorm en besluit om nie sy vetoreg uit te oefen nie. U sal u herinner dat ondersoek hierna deur 'n kommissie, onder voorsitterskap van die huidige hoofregter, ingestel is wat aanleiding gegee het tot die aanname deur die parlement van die Wet op Binnelandse Veiligheid 74 van 1982, wat die land se veiligheidswetgewing gekonsolideer en ietwat gelenig het. Maar, soos die hoofregter op 30 Maart van hierdie jaar in die eenparige gesamentlike uitspraak van die appèlhof in drie sake[4] verklaar het, verleen artikel 28 van hierdie wet steeds ontsaglike mag ("vast powers"), aan die Minister van Wet en Orde vir aanhouding van persone in 'n gevangenis, ten einde die pleging van sekere misdrywe of die ingevaarstelling van die veiligheid van die staat of van wet en orde te voorkom. Artikel 29 verleen eweneens ontsaglike mag vir die aanhouding van persone vir ondervraging. Gemelde drie sake demonstreer op treffende wyse hoe onwenslik dit is dat die wetgewer selfs aan 'n hooggeplaaste funksionaris, in plaas van aan die hooggeregshof, mag verleen om die regte van die individu aan bande te lê. In hierdie en talle ander sake het die Minister van Wet en Orde die aanhouding van persone in gevangenisse veroorsaak op 'n wyse wat nie aan die voorskrifte van die wet voldoen het nie. Die appèlhof kon hier regshulp verleen kragtens sy uiters beperkte hersieningsmag omdat die minister nie, soos vereis deur die wet, die redes vir sy drastiese optrede aan die betrokke persone bekend gemaak het nie. In gevalle waar foutiewe optrede deur 'n minister of ander funksionaris wat nie regterlike ondervinding het nie, nie ooglopend duidelik is nie soos hier, kan 'n groot onreg teenoor die onderdaan gepleeg word. Ek glo dat bykans elke lid van die regbank dit betreur dat daar so 'n sterk neiging in ons land bestaan om aan ministers (lede van die uitvoerende gesag), rade, die polisie en amptenare in plaas van aan die regterlike gesag wye magte en bykans onbeteuelde diskresie te verleen om menseregte aan te tas. Deur op hierdie wyse toe te tree tot die terrein wat tradisioneel dié van die howe is, ontstaan die gevaar dat die legitimiteit van die howe onder verdenking

3 "A triumph for executive power – an examination of the Rabie report and the Internal Security Act 74 of 1982" 1982 SALJ 589.

4 *Nkondo and seven others v Minister of Law and Order*; *Gumede and five others v Minister of Law and Order* en *Minister of Law and Order v Gumede and six others* 1986 (2) SA 756 (A).

kom. Hierdie tendens het ernstige afmetings aangeneem: tot so 'n mate dat administratiewe funksionarisse, liggame en hulle magte feitlik 'n vierde vertakking van die landsregering geword het. Hierdie uitsluiting van die geregtelike proses wek kommer. Administratiewe liggame is nie suiwer regsprekend nie. Sodanige liggame inisieer optrede, versamel getuienis, besluit oor beleid, voer die saak en gee die beslissing. So geskied reg baiekeer nie. Die regterlike funksie is 'n beperkte funksie. Die regter beslis slegs en doen niks meer nie.

Die doel van wat ek tot nou toe gesê het, is nie om afbrekende kritiek te lewer nie, maar om 'n beskeie voorstel te doen om tekortkominge reg te stel. Na my mening lê die antwoord op die probleem in die toekenning van mag aan ons hoogste hof om die miskenning van menseregte te toets aan 'n grondwetlike handves, wat die reg behels om in gevalle van botsing met die grondwet, wetgewing en administratiewe of uitvoerende optrede ter syde te stel. In hierdie verband sluit ek graag aan by die voorstelle wat my voormalige kollega, appèlregter Corbett, tot die 1979 konferensie insake menseregte gerig het.

Ten grondslag van 'n ordelike demokratiese regeringsisteem lê die prinsipe van die *trias politica*: die skeiding van die staatsfunksies in wetgewende, uitvoerende en regterlike mag.[5] Die huidige grondwet dra in 'n mate die soewereiniteit van die parlement oor aan die staatspresident wat nou, anders as voorheen, wye uitvoerende magte besit. Voorts vervul die staatspresident 'n leidende rol in die wetgewende proses ofskoon hy nie konstitutief 'n lid van die parlement is nie. Dit, so wil dit voorkom, bring tot 'n mate 'n versteuring mee van die fyn balans wat voorheen tussen wetgewende, uitvoerende en regterlike mag bestaan het.

Soos in die verlede bly die bevoegdheid van die hooggeregshof om 'n wet ongeldig te verklaar uiters beperk. Artikel 34(3) van die huidige grondwet bepaal uitdruklik dat geen geregshof bevoeg is om ondersoek in te stel na of uitspraak te doen oor die geldigheid van 'n wet van die parlement nie. Hierop is daar 'n groepie uitsonderings, soortgelyk aan dié wat sedert 1910 in ons land se vorige grondwette gegeld het, wat van weinig praktiese belang is. Die eerste is dat enige afdeling van die hooggeregshof bevoeg is om ondersoek in te stel na, en uitspraak te doen oor die vraag of die bepalings van die grondwet nagekom is in verband met 'n wet wat te kenne gee dat dit die bepaling van die staatspresident en die parlement of van die staatspresident en een van die drie huise is. Dit beteken slegs dat die hooggeregshof by magte is om die prosedure deur die wetgewer gevolg te ondersoek, maar nie die meriete daarvan nie. Tweedens is 'n afdeling van die hooggeregshof bevoeg om ondersoek in te stel na, en uitspraak te doen oor die vraag of die staatspresident met die speaker van die parlement en die voorsitters van die onderskeie huise geraadpleeg het, alvorens by besluit het dat 'n saak ressorteer onder eie sake van 'n bevolkingsgroep. In die derde plek bepaal artikel 89(1) van die grondwet dat Afrikaans en Engels die amptelike tale van die land is en op gelyke voet behandel word, en artikel 99(2) verbied die herroeping of wysiging van artikel 89(1), tensy sodanige herroeping of wysiging deur minstens twee derdes van die totale getal lede in elke huis goedgekeur is.

5 Vgl *Hess v Staat* 1895 OR 139 142.

Vermoedelik is die hooggeregshof by magte om 'n herroeping of wysiging wat nie hieraan voldoen nie, nietig te verklaar. Hieruit blyk dit dus dat 'n sisteem van geregtelike hersiening van wette van die parlement feitlik nie bestaan nie. In die VSA is die posisie heel anders. Reeds gedurende 1930 het senator Norris gekla:

> We have a legislative body, called the House of Representatives, of over 400 men. We have another legislative body, called the Senate, of less than 100 men. We have, in reality, another legislative body, called the Supreme Court, of 9 men; and they are more powerful than all the others put together.[6]

Die geldigheid van hierdie klag is nie nou ter sprake nie, maar die senator se uitlating dui daarop, soos wel bekend is, dat die *supreme court* van die VSA beslis 'n kragtige konstitusionele rol speel. Ek doen nie aan die hand dat Suid-Afrika se hoogste hof so 'n sterk instelling word nie maar wel dat, ten grondslag van die *trias politica* prinsipe, die idee lê dat die regterlike mag, as een van die drie pilare van die staatsbestel, 'n gewigtige en nie bloot 'n denkbeeldige een behoort te wees nie.

In 1803 het die *supreme court* van die VSA in *Marbury v Madison*[7] beslis dat die hof bevoeg is om deur middel van regterlike hersiening ("judicial review"), regte en vryhede te beskerm teen uitvoerende en administratiewe optrede en ongeoorloofde wetgewing. Die *ratio* van die beslissing was logies en oortuigend. Kortliks gestel was hoofregter Marshall se benadering dat die grondwet die opperste landswet is wat die wetgewer, die uitvoerende gesag en die regbank bind; dat 'n wet van die wetgewer wat met die grondwet bots van nul en gener waarde is; dat dit onteenseglik die funksie van die regbank is om die reg neer te lê; dat tensy die grondwet as absurditeit beskou word, die regbank daartoe gebonde is om die oppergesag van die grondwet in stand te hou. Met die aanvaarding van hierdie beginsel het die *supreme court* (en in besonder die Warren-hof tussen 1953 en 1969) die kragtigste staatswaarborger van menseregte in die geskiedenis van die VSA geword. Waar ek reeds afgetree het, pleit ek nie uit eie belang wanneer ek aan die hand doen dat 'n handves van menseregte by die grondwet ingelyf word en dat 'n onbeperkte mag in ons land se hoogste hof gevestig word om wetgewing, administratiewe en uitvoerende optrede te hersien en aan die grondwet te toets nie. Ek kan my nie voorstel, gesien die integriteit wat die regbank kenmerk, dat dit tot wanorde in die regering van die land aanleiding sal gee nie. Dit het sekerlik nie in die VSA gebeur nie. Die *supreme court* het gedurende die tydperke 1789-1864 (wat die regime van die Marshall-hof insluit) en 1937-1959 (wat die eerste ses jaar van die Warren-hof insluit), dit wil sê 'n gesamentlike tydperk van bykans 'n eeu, gemiddeld slegs een keer in twaalf jaar federale wetgewing ongeldig verklaar.[8] Professor Robert Dahl lewer die volgende veelseggende kommentaar oor *Marbury v Madison* en die instelling van regtelike hersiening:

> Marshall's opinion has the majestic finality of Euclid. It has been quoted and paraphrased thousands of times in defence of judicial review, by judges, lawyers, historians, political scientists and others. From 1803 to 1966, the Supreme Court used the power of judicial review on more than eighty occasions to strike down

6 *Congressional record* deel 4 van vol 72 3566.
7 1 Cranch 137.
8 Glendon Schubert *Constitutional politics* (1964) 174.

> federal legislation. It has used the power many more times – no one has ever calculated how many – to hold state laws unconstitutional. The Court's actions have invariably been met with protest. Yet more often than not, critics protest a particular decision but not the general principle of judicial review. And the bitterest critics of the Court in one decade are often the Court's boldest defenders in the next.
>
> Thus the principle of judicial review is firmly anchored simultaneously in tradition and in a highly compelling rational-legal appeal to the supremacy of the Constitution.[9]

I have been reminded, ladies and gentlemen, that some of you are from abroad and may have experienced some difficulty in following my remarks in Afrikaans. Mindful of that, I propose, with your kind concurrence, to detain you a very brief while longer for the purpose of providing a résumé of the main thrust of my remarks.

Human rights, the theme of this symposium, is a concept which many South Africans shrink from discussing. Accordingly, although I am no longer hindered by the duty which attached to my previous office to avoid the expression of contentious views, I am still obliged to take care not to harm the dignity of that office by irresponsible or unworthy utterances. At the same time bearing in mind that human rights are an abiding concern of the Western world and that South Africa is frequently singled out for harsh attack, I propose to be objective albeit perfectly frank in identifying some of the respects in which, I believe, such rights are being denied in this country. I would however, preface my remarks by mentioning that in some fields, like freedom of religion, it has little to be ashamed of.

South Africa's position is a perplexing one by reason mainly of the fact that to the present day the political order has been based on discrimination between races. Notwithstanding commendable attempts to break with the past by the adoption of a new constitution (which some citizens claim to be flawed), the repeal of the Prohibition of Mixed Marriages Act and the repeal of degrading provisions of the Immorality Act, a solution to our problems is not yet in sight.

The current constitution does not, in my view, measure up to Abraham Lincoln's high ideal of "government of the people, by the people, for the people". Our parliament consists of three racially separate chambers, it excludes Blacks and reins of government are effectively in the hands of a white political party which rules by virtue of a built-in position of dominance. The result is that political freedom in the full sense does not exist. This is the first obstacle which requires to be surmounted without delay. Our population is not a homogeneous one and the protection of minority rights cannot be overlooked. Yet who can deny that it is of the essence of a society which upholds human rights that the vesting of a monopoly of power in a single racial group cannot persist? It is my sincere hope that you, the delegates to this symposium, will apply your expertise to finding a solution to this overwhelming problem.

In regard to freedom of speech I have drawn attention to the constraints imposed on political freedom of expression by the Internal Security Act 74

---

9 *Pluralist democracy in the United States* (1967) 149.

of 1982, and have compared it with the wide protection extended by associate justice Douglas (in the passage which I have quoted) to the right to indulge in free speech of even the most vituperative character. I expressed the hope that this approach might usefully be applied in part in achieving an alleviation of South Africa's very strict stance.

The tragic consequences of our security legislation as, for example, exemplified in the Stephen Biko type of occurrence, the subsequent appointment of the Rabie commission and the adoption of less harsh security legislation I also referred to and pointed out that vast powers of detention still remain vested in the Minister of Law and Order. The harsh and wrongful manner in which this legislation is sometimes applied to the detriment of the freedom of the subject, emerges from the recent unanimous judgment of the appellate division of the supreme court and demonstrates the need for a reinforcement of the judicial power vis-à-vis the legislative and executive powers. These are shortcomings of the South African system which have moved me to suggest, as my former colleague Mr Justice Corbett did some seven years ago, that very serious consideration be given to yet a further constitutional change in South Africa which *inter alia* should embrace a bill of rights enforced by a more powerful appellate division of the supreme court of South Africa.

The rise of administrative agencies is cause for concern to lawyers. Such rise has virtually become a fourth branch of government. Ministers of state and administrative officials and bodies frequently combine the initiation of proceedings, collect evidence, decide on evidence and pronounce judgment. Lawyers know that judges adjudicate and that they do so dispassionately.

Mr Chairman, my best wishes go out to you for a highly successful two days. May your deliberations bear rich fruit and make its contribution to the emergence of a happier South Africa!

2 Filosofiese perspektief op 'n menseregtehandves vir Suid-Afrika

Lourens M du Plessis
B PHIL LLD
Professor in en hoof van die departement Regsfilosofie
aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO

SUMMARY

A case is argued in favour of a bill of rights for SA by firstly drawing attention to the very basis upon which the concept of human rights rests. It is argued that one's view of this basis for human rights is determined by pre-theoretical convictions and that in terms of a Christian view of the matter, human rights can be seen as active manifestations of the status of man, created in the image of God and called upon to rule over and care for God's creation.

Three categories of "founding rights" are then distinguished and it is argued that all other more specific rights, susceptible to protection in a bill of rights, are based upon these. The categories so distinguished are:

- ☐ the right to freedom;
- ☐ the right to equality; and
- ☐ the right to free association and participation in societal processes.

It is contended that group rights as the rights of social institutions susceptible to legal personality, are to receive recognition, but that ethnic rights are not group rights for purposes of such recognition.

The relationship between the recognition and protection of human rights on the one hand and the legal order is then briefly dwelt upon. In conclusion an attempt is made to answer the question whether a bill of rights is a possibility for South Africa. The attitude of the South African courts and the political situation is briefly analysed, and it is concluded that the ideal of a bill of rights is worthwhile working for even though certain factors in the present situation are discouraging.

It should, however, be clearly understood that a bill of rights will only be meaningful in a country where all citizens enjoy full political rights and where a majority government is in power. Furthermore a bill of rights should deliberately be designed to benefit the less privileged members of our society and to improve their present backward position.

1 TEN GELEIDE

Op 'n simposium oor 'n omstrede kwessie kan die spreker wat die filosofiese perspektief moet bied, maklik voor die versoeking swig om in abstrakte breingimnastiek en/of spitsvondige semantiek te probeer ontvlug. Ek probeer hierdie versoeking weerstaan.

Wat ek as suiwer teoretiese fundering vir die begrip en idee van menseregte aanbied, gaan bloot 'n inleidende onderafdeling tot my lesing wees. In die lig van die teoretiese inleiding toon ek daarna aan watter drie hoofkategorieë menseregte (met hulle onderafdelings) myns insiens in 'n handves beskerming behoort te geniet en hoedat die beskerming van hierdie regte langs die

normatiewe weg van die voormelde handves op die korrelasie menseregte-regsorde inspeel. Ten slotte sal ek, mede om ook 'n bal van praktieser besinning oor 'n brandende eietydse staatkundig-konstitusionele aktualiteit by die bek van die dinkskrum te probeer inkry, 'n eie mening lug oor die vraag of die daarstelling van 'n menseregtehandves binne die afsienbare toekoms in Suid-Afrika moontlik sal wees.

Ek verwoord deurentyd primêr my eie insigte oor tersaaklike onderwerpe so kernagtig moontlik, sonder om u telkens te vermoei met die filosofies- en polities-historiese aanloop tot elke kwessie wat in die proses aan die orde kom.[1]

Menseregte appelleer op die hart van menswees. Daarom, ofskoon akademiese diskussies oor menseregtekwessies saaklik, beredeneerd en objektief kan wees, is hulle nooit neutraal nie. Elk van die deelnemers aan so 'n diskussie se opvatting oor mensregte word deur bepaalde grondliggende, voorteoretiese oortuigings oor die plek en rol van die mens in die wêreld, menswaardigheid, menseverhoudinge, mensverwesenliking ensovoorts deursuur. Vandaar 'n wye verskeidenheid menseregteopvattings.[2]

My eie opvatting oor die aard en oorsprong van en wesensgrond vir menseregte is 'n Christelike en meer bepaald Calvinistiese of, soos ek verkies om dit te noem, 'n Christelik-reformatoriese opvatting. Ek noem my uitgangspunt by die naam, omdat die feit dat daar in die Calvinistiese teologieswysgerige en regsfilosofiese tradisie volop duidelike aanknopingspunte vir die ontwikkeling van 'n menseregteteorie te vind is,[3] dikwels deur die onderdeurdagte en selfs onkundige opvatting dat "die Afrikaner, *met sy Calvinistiese agtergrond*, meer geneig is om die staatsorde en die handhawing daarvan" eerder as "individuele regte" te beklemtoon,[4] versluier word. Daar

---

1 Ek sal egter wel in voetnotas na literatuur verwys waarin bepaalde sodanige onderwerpe breër aangesny en beredeneer word, en/of, waar ek dit ter wille van groter helderheid dienstig ag, self bepaalde kernaangeleenthede kortliks toelig.

2 Velema *Discussie over de mensenrechten* (1980) onderskei bv 'n klassiek-liberale opvatting, 'n Marxisties-Leninistiese opvatting en 'n dêrde wêreldse opvatting en trek kontoere vir 'n eie Christelike opvatting. Uit 'n studie van die eerste agt hoofstukke van Van der Vyver se *Die juridiese sin van die leerstuk van mensregte* (LLD-proefskrif 1973 UP) blyk eweneens duidelik dat die verskillende mensregteopvattings van filosowe deur hulle (dws die filosowe se) onderskeie voorteoretiese uitgangspunte en oortuigings gerig word. Omdat al hierdie opvattings op een en dieselfde werklikheidsverskynsel afgestem is, vertoon hulle vanselfsprekend bepaalde raakpunte en oorvleuel hulle dikwels. Hulle onderskeie aanhangers kan die een die ander egter nie op suiwer teoretiese gronde of met tipies rasionele argumente van die fundamentele (of "uitgangspuntmatige") houdbaarheid van mekaar se opvattings oortuig nie.

3 Kyk oor die algemeen Van der Vyver "The bill-of-rights issue" 1985 *TRW* 1 veral 4-5 tesame met die vollediger uiteensetting in sy *Juridiese sin* 420-35 asook sy *Die beskerming van mensregte in Suid-Afrika* (1975) 13-16. 'n Verdienstelike oorsig wat die ontwikkeling van mensregtedenke binne die Christelik-reformatoriese tradisie ook goed in perspektief stel, is dié van Olivier *Mensregte: oorsig en uitsig* (HL Swanepoellesing PU vir CHO 1984). Stoker *Die aard en rol van die reg – 'n wysgerige besinning* (RAU Publikasiereeks A36 1970 38 ev) aanvaar die bestaan van menseregte ten spyte van ander Calviniste se huiwering wat onder andere uit 'n reaksie teen die humanistiese beskouings van "natural rights" spruit. Stoker ontwikkel tewens 'n baie interessante menseregtebeskouing wat my eie beskouing in bepaalde belangrike opsigte sterk beïnvloed het.

4 My kursivering in die aanhaling. Vgl *Tweede verslag van die grondwetkomitee van die presidentsraad oor die aanpassing van staatkundige strukture in Suid-Afrika* (PR

word tewens dikwels gepoog om hierdie diep gewortelde wanopvatting oor die 'Afrikaner se Calvinisme' te ontrimpel deur dit met die gesigsroom van 'die etnies-plurale samestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking en die noodsaaklikheid om die individu-in-groepsverband te sien'' te beplak.[5] Dat agterdog jeens die idee en praktyk van menseregte gekoppel aan 'n oorbeklemtoning van 'n romantiese, universalistiese geheel – en veral die volk of etniese groep – leidende temas in Afrikanerdenke is, betwis ek nie, maar die vorm van ''Calvinisme'' in die naam waarvan apartheid gepleeg en facisme geheilig word, is hoogstens Afrikaner stamcalvinisme – 'n verdraaide namaaksel van die ware Jakob.[6] In Calvinistiese (kerklike sowel as akademiese) geledere word tans nie alleen die idee van menseregte aanvaar nie, maar ook die noodsaak vir die daadkragtige erkenning en beskerming daarvan toenemend bepleit.[7]

4/1982 72) asook Coetsee ''Hoekom nie 'n verklaring van menseregte nie?'' 1984 *TRW* 5 6. Rondom oa die houdbaarheid van die mensregte-idee in Calvinistiese geledere is ook 'n interessante debat tussen Robinson ''Menseregte, militêre diensplig en geloofsbeswaardes'' *Woord en Daad* 23(256) Des 1983 12-13 en Venter ''Menseregteperspektief in perspektief'' *Woord en Daad* 24(262) Jun 1984 13-14 aan die een kant en Van der Vyver ''Menseregte in perspektief'' *Woord en Daad* 24(259) Maart 1984 12-13 en later ook 1985 *TRW* aan die ander kant gevoer.

5 *Tweede verslag van die grondwetkomitee* 72; Coetsee 6.

6 Hierdie stelling is in 'n besondere mate van Afrikanercalvinisme in vergelyking met ''Calvynse Calvinisme'' waar – kyk in hierdie verband bv my uiteensetting in 'n artikel getitel ''Calvin and Calvinism on the state and the law: a few perspectives for South Africa today'' (in *IRS Our reformational tradition – a rich heritage and lasting vocation* PU for CHE reeks F3 no 21 1984 510 528-531). Ek ontken nie dat daar in die wesenlik negentiende eeuse Calvinisme van iemand soos Kuyper heelwat van die kultuuroptimisme van sy tydsgewrig en van sy Europese omgewing en onmiskenbare trekke van die romantiek te vind is nie (vgl bv Douma *Algemene genade* 1966 veral 48 ev) maar hierdie trekke in Kuyper se denke is nie kenmerkend reformatories nie en bots selfs met ander fasette van Kuyper se eie teologie en filosofie.

7 Natuurlik dra Calvinistiese menseregteopvattings 'n eie stempel en beklemtoon dit aspekte van menseregte wat in ander opvattings nie so 'n prominente rol speel nie en selfs geïgnoreer word. Dit is egter nie ongewoon nie. Sodra 'n mens die bestaan van 'n op voorteoretiese uitgangspunte gebaseerde opvattingsverskeidenheid oor menseregte erken, erken jy ook dat die verskillende opvattings in vergelyking met mekaar prinsipiële sowel as klemverskille sal vertoon.

Afgesien van duidelike blyke van erkenning van die idee en praktyk van menseregte wat in Calvinisties wysgerige en regsfilosofiese geledere bestaan en waarna voorheen verwys is, het die menseregtedebat onlangs ook 'n sterk teologiese en veral teologies-etiese dimensie bygekry. Die algemene trant van die debat is een van aanvaarding eerder as verwerping van die idee en praktyk van menseregte en menseregtebeskerming. In sekere kringe (soos bv in die geledere van die teologies oorwegend konserwatiewe Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES)) is hierdie aanvaarding ooglopend sterk – vgl bv RES *Testimony on human rights* 1983 asook 'n vroeëre uitgawe van die *RES Theological forum* 3(1) Desember 1979. In lg publikasie is veral die artikel van Gordon Spykman, ''Toward a Biblical view of 'human rights' '' op 1-14 van besondere belang. 'n Konserwatiewer en miskien versigtiger instemmende verwoording van die voorgaande geesdrif is in Velema se hierbo aangehaalde *Discussie* te vind.

In die geledere van die Suid-Afrikaanse lidkerke van die GES (wat onder andere die teologies sowel as polities konserwatiewe Nederduits-Gereformeerde en Gereformeerde Kerke insluit) word die GES se oorwegend positiewe houding teenoor menseregte nie op teologiese of ander prinsipiële gronde weerspreek nie. By sekere Afrikaanse teoloë en kerklidmate binne die Calvinistiese kerktradisie is daar 'n entoesiastiese aanvaarding van die idee en praktyk van menseregte merkbaar: Du Toit (red) se *Menseregte* 1984 gee hiervan treffend blyke. Selfs by konserwatiewer en ''versigtiger'' gereformeerde teoloë, soos Helberg ''Die Ou Testament oor menseregte'' in die *Skriflig* 18(72) Des 1984 4-12, is egter ook 'n positiewe houding te bemerk.

2 DIE FILOSOFIESE GROND VIR MENSEREGTE

Om iets van die kern van die konsensus oor die inhoud van die begrip "menseregte" onder Christelik-reformatoriese denkers onder woorde te probeer bring, omskryf ek menseregte kortweg en in algemene terme as die *mens se basiese ampsaansprake wat hom in die vervulling van sy deur God opgelegde taak of roeping rugsteun of borg*.[8] Die erkenning van menseregte word wesenlik deur eerbied vir die menslike lewe self sowel as vir die mens se geleenthede om die skepping te benut en daarvoor te sorg, genoodsaak. As kroon van die skepping en beeld van God het die mens 'n primêre verantwoordelikheid voor God en 'n fundamentele reg teenoor ander mense om die lewensmoontlikhede wat hom gebied word te ontplooi en te benut.[9] Ofskoon menseregte fundamenteel is in dié sin dat hulle met die mens-wees van die mens gegee is,[10] is hulle geen aansprake teenoor God nie: hulle is juis aansprake teenoor die medemens op sterkte van 'n verantwoordelikheid voor God.[11]

Wat ek tot dusver oor die aard van menseregte gesê het, bring hulle met die uniekheid van die mens as skepsel en, in die besonder, as God se gevolmagtigde bewerker en bewaker van sy skepping in verband. As sodanig word die bestaan van menseregte as 'n skeppingsfeit gekonstateer. Hierdie skeppingsfeit het onteensegtelik konkrete sosiale en uiteindelik ook heilsimplikasies. Wat tot dusver oor die skeppingsmatige fundering van menseregte gesê is, is teologies-filosofies uit Bybelse gegewens afgelei. Die Bybel self praat

---

8 Du Plessis "Die reg van die gelowige – menseregte en menseverantwoordelikhede" 1984 *Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* 210-214 210.

9 Ek steun in my uiteensetting oor die wesensfundering van menseregte en die konsensus wat daar onder veral reformatoriese Christene hieroor bestaan, sterk op 'n konsep *Getuienis oor menseregte* aan die opstel waarvan ekself, prof Lategan van Stellenbosch asook drr De Villiers van Wellington en Kinghorn van Stellenbosch meegewerk het. Hierdie dokument sal so wyd moontlik onder Christene in Suid-Afrika versprei word ten einde vas te stel presies hoe groot die vermoedelike konsensus oor menseregte in hulle geledere is. Die projek word deur die RGN, as uitvloeisel van die religieuse aspek van sy ondersoek na tussengroepverhoudinge, geborg. (Dit het tewens juis uit hierdie TGV-ondersoek geblyk dat daar 'n aansienlike mate van konsensus onder 'n groot verskeidenheid Christene en Christelike kerke oor bepaalde uitgangspunte ivm menseregte bestaan – vgl RGN *Die Suid-Afrikaanse samelewing: werklikhede en toekomsmoontlikhede* 1985 75-6. Ek verwys in my lesing (en veral in hierdie en die volgende paragraaf daarvan) taamlik vryelik na hierdie dokument – wat ek as *Konsepgetuienis*, gevolg deur 'n verwysing na die toepaslike artikel daarvan aanhaal – eensdeels omdat terugvoering en kommentaar vir verdere skaafwerk aan die konsep met die oog op die finalisering daarvan van veel waarde sal wees en andersdeels omdat kernstellings oor menseregte soos deur Christene verstaan, kort en kragtig geformuleer daarin voorkom. Verwysings na die *Konsepgetuienis* verkort en vergemaklik dus my eie uiteensetting. Tans verwys ek hoofsaaklik na art 2 en in die besonder art 2.1 van die konsep.

10 Stoker 38.

11 Vgl in hierdie verband ook Velema 34-5 se kontensie dat juis op grond van wat God X in verband met sy optrede teenoor Y beveel, aan Y regte verleen word. Dit is natuurlik nie heeltemal dieselfde as wat hierbo, waar ek die feit dat X op grond van sy verantwoordelikheid voor God regte teenoor Y en andere het beklemtoon, gesê word nie. Velema se stelling dui egter op die gevoeligheid vir die korrelasie reg-plig of regverantwoordelikheid wat sterk in die Christelike denke oor menseregte figureer. 'n Ander manier om dit te stel is om te sê dat X se reg Y se plig en *vice versa* is. Ek wil egter ook beklemtoon dat X se verantwoordelikheid – juis omdat hy "toerusting" benodig om dit na te kom – eweneens sy reghebbendheid fundeer.

egter nie in sulke teoretiese terme oor die skeppingstatus van die mens nie,[12] en dit is veral baie konkreet en prakties oor die daadwerklike reghebbendheid van mense in verhoudingsituasies. In die Ou Testament is daar verskeie kere sprake van menslike reghebbendheid in gevalle waar veronregtes hulle op 'n regter – meesal Jahwe, die God van die Verbond self – beroep met dié versugting: "Verskaf (tog) aan my reg – ook en veral teenoor diegene wat my bedreig of veronreg."[13] Die regter wat reg verskaf, word veelal ook as redder of verlosser van die veronregte of hulpbehoewende beskou, en hierdie beeld word in sommige gevalle profeties op die heilswerk van die Messias betrek.[14]

Die voorgaande lys voorbeelde put Bybelse verwysings na die verreikende sosiale implikasies van menslike reghebbendheid hoegenaamd nie uit nie. Hulle is tewens maar net regstreekse konkretiserings van 'n gedagtegang oor die regte van die mens wat op heelwat ander plekke in 'n verskeidenheid onregstreekser skakerings voorkom.

Ten einde die werking en verwerkliking van menseregte binne die regsorde beter te begryp, moet ek die voorgaande algemene stellings oor die algemeen skeppingsmatige maar veral die meer spesifiek sosiale wesensgrond(e) vir menseregte, filosofies enigermate verfyn. Ek doen dit deur menseregte na hulle eie aard met die wesensaard van die reg in verband te bring.[15]

Die woord ampsgeborgenheid is myns insiens wesenstiperend van die reg.[16] "Amp" dui op die kreatuurlike staanplek of status van die gevolmagtigde mens as skepsel met 'n taak of roeping. Hierdie unieke skepsel is "beskermingsbehoeftig" in die ruimste sin van die woord: hy moet ter wille – en in die uitvoering – van sy taak, te midde van 'n wisselwerking van veral sosiale magte, gesaghebbend gerugsteun of geborg word. Die reg vervul hierdie "ampsborgende" funksie op 'n heel basiese "voorwaardevlak". Soos

---

12 Met hierdie stelling wil ek vanselfsprekend nie probeer te kenne gee dat teologiese en/of filosofiese teoretisering in die gepaste(r) konteks van regswetenskapsbeoefening noodwendig futiel is nie.

13 Kyk oor die algemeen Du Plessis 1984 *Almanak* 211. Vir spesifieke voorbeelde kyk Gen 16:5; Ex 5:21; Rig 11:27B; I Sam 24:13 en 16; Ps 7:9, 26:1. 35:24, 43:1 en Klaag 3:59.

14 Vgl bv Jes 11:4; Jer 21:11-12, 23:5 en 33:15.

15 Ek steun in hierdie verband sterk op my artikel "Reg, geregtigheid en menseregte" 1980 *Obiter* 51 veral 70-80. Ander uiteensettings van my opvatting oor die wesensaard van die reg en die verband tussen die regsorde en menslike status is te vind in my *Die juridiese relevansie van Christelike geregtigheid* (LLD-proefskrif 1978 PU vir CHO) 799-803; "Menseregte en konfliksituasies" 1979 *Koers* 339 344; "Enkele opmerkings oor wet en orde en konflik" 1984 *Koers* 319 329-332; "Thoughts on law, order and state security" 1985 *TSAR* 233 236.

16 Ek gebruik 'n enkele woord vir hierdie wesentipering aangesien 'n definisie as 'n omskrywing van a in terme van (sy verhouding tot) b en c en d en e ens nie die eie-aard van die reg behoorlik kan vasvang nie. 'n Mens se "sienende greep" op die reg as menslike belewings- en ervaringswyse van die werklikheid berus op intuïtiewe waarneming en bygevolg insig. Die wetenskaplik-metodologiese geldigheid van intuïtief insien berus op die feit dat die intuïsie as kulminasiepunt van alle menslike ervarings en belewings ook 'n teoretiese dimensie het. Stoker *Oorsprong en rigting I* (1967) 239 ev beskryf hierdie metode van intuïtiewe wesenskou as die diafanerotiese metode. In 'n veralgemenende sin kan die diafanerotiese metode as die "sintuiglike waarneming" van nie-sintuiglik waarneembare gegewens in die geestes- en sosiale wetenskappe beskryf word.

John Rawls[17] dit heel kernagtig so raak stel: ". . . [L]aw defines the basic structures within which the pursuit of all other activities take place." Ampsgeborgenheid impliseer 'n onverbreeklike korrelasie tussen die status van die mens (as reghebbende), die gesaghebbende normbepaalde en -gereguleerde beskerming wat hy geniet en die orde waarbinne die wisselwerking tussen status en normatiewe beskerming plaasvind..

Die gegewenheid van menseregte appelleer op die feit dat die mens 'n statushebbende wese in gemeenskap met andere is. Menseregte kan daarom ook, in 'n filosofies verfynder sin as aan die begin van hierdie paragraaf, as manifestasies of verskyningsvorms van die mens-in-amp se status-in-aksie in vehouding tot ander mense (maar) binne die konteks van 'n normatiewe orde van beskerming omskryf word.[18]

3 WATTER BASIESE MENSEREGTE BEHOORT IN 'N HANDVES BESKERM TE WORD?[19]

Ek wil kortliks enkele menseregte wat ek meen eksplisiet in 'n menseregtehandves opgeneem en beskerm behoort te word identifiseer en sistematies tabuleer. Vooraf egter drie kantaantekeninge:

(a) Oor presies welke ampsaansprake van die mens (of dan verskyningsvorms van sy status-in-aksie) as beskermingswaardige menseregte kwalifiseer en oor hoe geïdentifiseerde regte sistematies getabuleer kan word, kan en sal daar altyd verskille van mening bestaan. Die regte wat ek identifiseer en die sisteem wat ek aan die hand doen is myns insiens in pas met die uitgangspunte waarop ek my tot dusver beroep het.

(b) Die indelingsisteem wat ek aan die hand doen, is in ieder geval nie 'n voorbeeld van 'n praktiese handvessisteem nie maar van 'n teoretiesfilosofiese sisteem. Ofskoon ek dus van mening is dat al die regte wat ek opnoem in 'n handves beskerm kan en behoort te word, kan 'n handves nie sonder meer en regstreeks op die sisteem wat ek hier gebruik baseer word nie.

(c) Die regte wat ek tabuleer is hoofsaaklik wat soms ook substantiewe menseregte soos te onderskei van prosessuele menseregte genoem word.[20] Op die vraag of hierdie onderskeid in alle opsigte wetenskaplik houdbaar is, wil ek tans nie ingaan nie. Ek konstateer bloot die feit dat die regte waarna ek

---

17 *A Theory of Justice* (1972) 236.

18 Vgl ook Du Plessis 1980 *Obiter* 79.

19 Vir gegewens in hierdie paragraaf het ek besonder sterk op die *Konsepgetuienis* art 3, 4 en 5 gesteun.

20 Van der Vyver, veral in sy *Beskerming*, maak ruim van hierdie onderskeid gebruik sonder om dit ooit werklik te verduidelik. Op 41 konstateer hy gewoon dat daar so 'n onderskeid bestaan en noem dan voorbeelde van agtereenvolgens substantiewe en prosessuele menseregte. Substantiewe menseregte sluit, volgens hom, die vryheid van spraak en van die pers, die kompetensie om te vergader en te betoog en die kompetensie om wapens te dra in, terwyl prosessuele menseregte die verbod op arbitrêre gevangesetting en lewens-, vryheids- of eiendomsontneming sonder behoorlike regsproses en die reël dat die bewyslas in strafsake op die staat rus, insluit. Wat Van der Vyver oor hierdie onderskeid te sê het en die voorbeelde wat hy noem, berus op inligting wat hy uit menseregtehandveste bekom het en is dus waardevol in dié sin dat dit 'n mens 'n aanduiding gee van hoe hierdie aangeleenthede in die praktyk geformuleer word. Of die onderskeid wetenskaplik egter altyd houdbaar is, is argumenteerbaar.

verwys in terme van hierdie onderskeid hoofsaaklik as substantief aangemerk sou kon word. Ek laat my dus nie uit oor die meer tegniese aspekte van die regsproses gesien teen die agtergrond van menseregtebeskerming oor die algemeen en die noodsaak vir 'n menseregtehandves nie. Dis nie dat ek dink dat probleme op hierdie vlak onbelangrik is nie – inteendeel. Ek dink egter dat ek, gegewe die grense van my onderwerp, met die konstatering van 'n reg op vrye toegang tot die regsproses en op gelyke behandeling voor en beskerming deur die reg kan volstaan. Daarbenewens noem ek ook sekere regte waarop nie sonder behoorlike regsproses inbreuk gemaak kan word nie.

Uit die grond(e) vir menseregte in paragraaf 2 hierbo aangestip, volg myns insiens drie basiese regte (*qua* ampsaansprake *qua* manifestasies van die mens-in-amp se status-in-aksie) te wete 'n reg op vryheid, 'n reg op gelykheid en 'n reg op lewe. Alle ander, meer besondere menseregte berus op hierdie basiese regte, soos ek tewens vervolgens aantoon.

3 1 Die reg op vryheid

Die mens beheers die skepping as gevolmagtigde. Volmag behels eensdeels "die vermoë om te kan" of kompetensie (dit wil sê gesag)[21] en veronderstel (en verg) andersdeels noodwendigerwys 'n (gesags-)uitoefeningsruimte (dit wil sê vryheid).[22] Die basiese mensereg op vryheid berus op die wisselwerking of korrelasie tussen die mens se gesag (dit wil sê ook sy besondere vermoëns, aanleg en talente) om skeppingsmoontlikhede te ontgin aan die een kant en, aan die ander kant, die ruimte waarbinne hy sy gesag laat geld. Hierdie reg word nie op grond van geloof, ras, kleur, geslag of herkoms nie maar alleen deur die noodsaaklike erkenning en eerbiediging van die soortgelyke reg van andere beperk.[23] Konkreter en meer besondere verskyningsvorms van hierdie basiese reg op vryheid is die volgende:[24]

3 1 1 die reg op vryheid van geloof en van gewete;

3 1 2 die reg om verantwoordelikheid te aanvaar en beslissings te neem;

3 1 3 die reg van elke mens om sy volle potensiaal ooreenkomstig sy besondere aanleg en met die verantwoordelike gebruik van beskikbare hulpbronne en -middele te ontgin;

3 1 4 die reg op vrye toegang tot die regsproses en op menswaardige behandeling deur regstoepassers en regsprekers;

3 1 5 die reg op vryheid van beweging wat insluit die reg om nie sonder behoorlike regsproses van die gemelde vryheid ontneem te word nie;

3 1 6 die reg om vryelik aan politieke prosesse deel te neem;

---

21 Gesag is dus volgens my beskouing nie, soos wat dit tradisioneel verstaan word, slegs die kompetensie van diegene in "hoëre" ampte nie. Dit is iets waaroor elke mens *qua* gevolmagtigde in 'n eie besondere (skeppingsmatige) amp beskik. Owerheidsgesag, dws die gesag van diegene in "hoëre" ampte of dan "gesagsposisies" soos wat dit tradisioneel genoem word, is bloot een verskyningsvorm van menslike gesag. Vir 'n vollediger uiteensetting van my gesagsbeskouing kyk "Prinsipiële en praktiese besinning" (in *Magsdeling – 'n Trojaanse perd?* IRS-studiestuk nr 179 1982 16-8).

22 Kyk Du Plessis *Juridiese relevansie* 750-1 vir 'n vollediger uiteensetting.

23 *Konsepgetuienis* art 3 1.

24 Kyk art 3 1 1 tot 3 1 13.

3 1 7 die reg op vryheid van spraak – waarby vryheid van die pers en van ander media inbegryp is – en in die besonder vryheid van kritiek;

3 1 8 die reg op vryheid van keuse van werk- en woonplek;

3 1 9 die reg op vrye deelname aan die ekonomiese lewe en in die besonder die reg om lewensonderhoud te verdien en nie gedwing te word om onder mensonwaardige omstandighede te werk nie asook die reg om na vrye keuse en ooreenkomstig eie finansiële vermoë eienaar van roerende en onroerende goed te word;

3 1 10 die reg om nie inbreuk op 'n mens se vermoënsregte sonder behoorlike regsproses te duld nie;

3 1 11 die reg op 'n behoorlike opvoeding en opleiding tot vrye verantwoordelikheid en op onderwys in die taal en aan die inrigting(s) van eie keuse;

3 1 12 die reg om vryelik 'n eie kultuur uit te leef en uit te bou en die taal van eie keuse vryelik te skryf en te praat, en

3 1 13 die reg om vryelik en na eie keuse met andere te assosieer.

3 2 Die reg op gelykheid

Die Christelike grondoortuiging dat alle mense na die beeld van God geskape is, dien as grondslag vir die aanvaarding van 'n primêre gelykheid tussen mense wat inhou dat alle mense in beginsel aanspraak op gelyke behandeling en gelyke toegang tot gelyke geleenthede het.[25] Hierdie primêre (en prinsipiële) gelykheid tussen mense word hoegenaamd nie deur verskille in geloof, ras, kleur, geslag of herkoms aangetas nie.[26] Die basiese mensereg op gelykheid sluit die volgende besondere regte in:[27]

3 2 1 die reg op gelyke behandeling voor en beskerming deur die reg en "die reg" sluit wetgewing in;

3 2 2 die reg op 'n billike verhoor voor 'n onafhanklike regbank in die besonder wanneer oordele gevel moet word wat 'n mens se regte en verpligtinge raak;

---

25 Daar is diegene wat verkies om nie van die primêre of prinsipiële gelykheid van mense te praat nie, maar eerder te sê dat hulle gelykwaardig is – vgl bv Velema 35-7. Die kernbeswaar teen die gebruik van die term gelykheid is dat dit sou impliseer dat daar geen verskille tussen mense bestaan nie – dws dat almal "dieselfde is" – en dat verskille in bv aanleg en talente dan geïgnoreer word. Hierdie probleem val mi egter weg indien 'n mens in gedagte hou dat die begrip "gelykheid" toegepas op mense altyd geometriese gelykheid is, dws 'n gelykheid wat in die konteks van elke gegewe konkrete situasie tersaaklike verskille tussen mense verdiskonteer en verhoudingsmatig tussen hulle differensieer. Die gelykheid van "dieselfde wees" is aritmetiese gelykheid en kan nie op mense nie maar alleen op meetbare dinge van toepassing gemaak word. Geometriese gelykheid is juis elasties genoeg om die nie-meetbaarheid van die menslike persoonlikheid te akkommodeer. Daarom is dit 'n "in beginsel"-gelykheid: dit kan by geleentheid die afwesigheid van verskille hipotetiseer ten einde riglyne vir die konkrete (gelyke) behandeling van mense neer te lê. Die argument lui dan bv só: "Ek het aan A behandeling x en aan B behandeling y uitgemeet. Sou y x gewees het indien B A was? Maw: behandel ek A's en B's met dieselfde vermoëns onder dieselfde omstandighede dieselfde? Daarbenewens moet 'n mens onthou dat omdat regsnorme na hulle eie-aard generaliserend werk, veral vir regsdoeleindes verskille tussen mense nie oorbeklemtoon moet word nie: sommige verskille is in sommige situasies feitlik nie ter sake nie.

26 Art 4 1.

27 Kyk art 4 1 1 tot 4 1 8.

3 2 3 die reg op gelyke deelname aan en toegang tot die politieke proses en politieke ampte;

3 2 4 die reg op gelyke toegang tot kanale vir ordelike protes en verset;

3 2 5 die reg op gelyke toegang tot die hulpbronne van die land en op so 'n billike aandeel in die opbrengs van die land soos wat vir 'n menswaardige lewe nodig is;

3 2 6 die reg op gelyke toegang tot werkgeleenthede en op mededinging om en die bekleding van posisies;

3 2 7 die reg op gelyke besoldiging vir dieselfde werk en (in die geval van werknemers) op billike vergoeding vir billike prestasie of (in die geval van werkgewers) op billike prestasie vir billike vergoeding, en

3 2 8 die reg op gelyke geleenthede tot onderwys en opleiding en die gelyke verdeling van kragte en middele in die onderwys.

3 3 Die reg op assosiasie en deelname aan gemeenskapsprosesse

Die mens is in 'n ruim mate vir sy algemene welstand en voortbestaan op andere (medemense) aangewys en is daarom per definisie 'n gemeenskapswese wat sy regte in gemeenskap met ander realiseer. Daarom het elke mens eensdeels die reg om deur vrye assosiasie by the daarstel en instandhouding van samelewingsverhoudings en -instellings betrokke te wees en andersdeels die reg om aan samelewingsprosesse wat hom raak, deel te neem.[28] Hierdie basiese reg vind in die volgende meer besondere regte konkreter gestalte:[29]

3 3 1 die reg op deelname aan sosiale prosesse en inspraak in besluitneming in elke samelewingsinstelling waarvan 'n mens lid is;

3 3 2 die reg op die noulettende beskerming van 'n mens se regte in 'n gemeenskap waar jy om die een of ander rede in 'n ongunstige posisie (byvoorbeeld lid van 'n sosiaal swakker groep of 'n minderheidsgroep) is;

3 3 3 die reg om vryelik met geloofsgenote te assosieer en in gemeenskap met hulle geloofs- en gewetensoortuigings uit te leef;

3 3 4 die reg op huweliks- en gesinsvorming en op die erkenning van die integriteit van die huweliks- en gesinslewe;

3 3 5 die reg om aan politieke partyvorming deel te neem en aldus om die verkryging van politieke seggenskap mee te ding;

3 3 6 die reg op daadwerklike deelname aan die vorming en organisasie van ekonomiese belangegroepe, insonderheid in arbeidsverband, en die reg om kollektief te beding;

3 3 7 die reg om na vrye keuse in skool- en breëre opvoedkundige verband met ander te assosieer en om 'n vrye keuse van toegang tot opvoedkundige inrigtings te hê, en

3 3 8 die reg om vryelik met taal- en kultuurgenote te kan assosieer maar ook om ter wille van interkulturele kontak taal- en kultuurgrense vryelik te kan oorsteek.

---

28 Art 5 1.
29 Kyk art 5 1 1 tot 5 1 9.

Ek is 'n voorstaander van die erkenning van groepsregte. Die is myns insiens tewens onafwendbaar dat menslike samelewingsinstellings (of -kringe of -verbande) regte, menseregte, sal hê.[30] Onder "groepe" (dit wil sê menslike samelewingsinstellings) met menseregte tel al daardie instellings wat ek (institusionele) gemeenskappe noem. 'n Gemeenskap in die voormelde betekenis van die woord is 'n sosiale instelling in die gesagsgesteunde, sosio-institusionele orde waarvan sy lede ter bereiking van 'n besondere gemeenskaplike doel *qua* strukturele bestemming van die instelling ingevoeg is. So 'n gemeenskap vertoon 'n definitiewe innerlike organisasiestruktuur en kan regtens as 'n "entiteit", byvoorbeeld 'n regspersoon, erken word. Die reëls in terme waarvan basiese menseverhoudinge binne die gemeenskap gekonstitueer en omlyn word, is regsreëls. Voorbeelde van gemeenskappe wat ek hier in gedagte het, is die staat, die kerk, die universiteit, die handelsmaatskappy maar ook die huwelik, die gesin, ens.[31]

Van die gemeenskap is te onderskei die maatskap met 'n veel "nie-ampteliker" of "losser" sosiale struktuur waarin 'n definitiewe organisasiestruktuur geheel en al ontbreek en tipiese institusionele gesagsverhoudings 'n baie ondergeskikte plek inneem. 'n Maatskap se strukturele integriteit word nie deur juridiese gesagsmiddele en -norme nie maar veeleer deur etiese oorredingsmiddele verseker, dit wil sê deur die mate waarin lede onderling vrywillig verantwoordelikheid teenoor mekaar aanvaar. Voorbeelde van sulke maatskappe is vriendskappe of vriendekringe, liefdesverhoudings en (belangrik vir my betoog) etniese groepe of volkere.[32] Omdat die etniese groep of volk 'n maatskap en daarom wesenlik juridies ondefinieerbaar is,[33] bestaan daar ook nie so iets soos regtens beskermingswaardige etniese groepsregte of -belange nie.[34] Sodanige regte en belange sal dus ook nie as regte van groepe in 'n menseregtehandves beskerm kan word nie. "Etniese regte" soos byvoorbeeld taalregte wat met tipies etniese kenmerke verband hou, kan tewens juridies gesproke alleen as regte van die individu beskerm en/of verskans word. Die individu se "sosiaal-etniese" behoefte om met taal- en kultuurgenote om te gaan, word weer deur die veroorlowing en beskerming van sy reg om vrywillig en vryelik met andere te assosieer, optimaal gerugsteun. Institusionele gemeenskappe wat dan in terme van hierdie laasgenoemde reg gevorm word, byvoorbeeld kultuurorganisasies, skole, verenigings ensovoorts, geniet "normale" institusionele beskerming, nie uit kragte van die etniese affiliasie(s) van die lede daarvan nie, maar op grond van die sosio-institusionele struktuur van die besondere gemeenskap self.[35]

---

30 Kyk in hierdie verband ook Stoker "'n Kursoriese besinning oor menseregte" 1965 *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap* 133-4 en *Aard en rol* 30-40; vgl ook Van der Vyver 1985 *TRW* 5-7.

31 Vir 'n gedetailleerder uiteensetting kyk Du Plessis *The Law as a regulator and/or manager of conflict, particularly in ethnically plural societies* RGN (1984) 10-2, 60-3 en 74-7 en "Law, race and ethnicity in a plural society" 1985 *TRW* 89-93.

32 Du Plessis *Regulator and/or manager* 10-2.

33 Vgl ook Coetzee "Groepe en kategorieë in Suid-Afrika" *Woord en daad* 23(252) Aug 1983 6.

34 Du Plessis *Regulator and/or manager* 75-7 en 1985 *TRW* 90-92; RGN *Suid-Afrikaanse samelewing* 66-7 en 135-6.

35 Let egter daarop dat die staat as regsgemeenskap nie 'n tipiese etniese gemeenskap is nie en dat vir sover daar 'n etniese verskeidenheid binne die geografiese jurisdiksie van 'n besondere staat bestaan, die staatstaak van juridiese integrasie en die gelyke uitmeet van publieke geregtigheid aan al sy burgers en aan institusionele gemeenskappe binne sy gesagsfeer onverswak bly geld.

Die futiliteit van pogings om "etniese regte" regtens te probeer beskerm, blyk uit die bestaan en tans in 'n gelukkig al hoe groter wordende mate geskiedenis van rasgebaseerde apartheidswette in Suid-Afrika wat ten spyte van 'n (veral sedert die sestigerjare) verklaarde owerheidsbeleid van etniese eerder as rassedifferensiasie òf in die lewe geroep òf aan die lewe gehou is. Op grond van velkleur en fisiese voorkoms en/of afkoms en/of (soms) sosiale affiliasies is en word mense regtens verskillend behandel – daar is en word tussen hulle gedifferensieer en in etlike gevalle teen diegene behorende tot "donkerder" raskategorieë gediskrimineer. Dit spreek vanself dat 'n mens se blote ras niks wesenlik met jou reghebbendheid as mens te make het nie en daarom in beginsel nooit in enige mate hoegenaamd enige invloed op jou regte as staatsburger hoef te hê nie – tensy 'n wetgewer natuurlik hierdie prinsipiële nie-tersaaklikheid tot 'n differensiasiegrond verhef. Gebeur dit, is sodanige differensiasie *per se* – afgesien van die vraag of daar gediskrimineer word of nie – onregverdig en onredelik omdat dit 'n prinsipiële (en skeppingsmatige) nie-realiteit vir die bepaling van menseregte, deur differensiërende wetgewende maatreëls tot wel so 'n realiteit probeer verhef. Vanweë die veralgemenende aard van regsnorme wreek so 'n regtens onrealistiese (rasse-)differensiasie hom in die juridiese institusionalisering van louter rassevooroordeel: die uitgangspunte waarop die differensiërende regsnorme berus, gee immers voor om algemeen (dit wil sê in 'n veralgemenende sin) vir alle lede van sê raskategorie A *vis-à-vis* alle lede van sê raskategorie B geldig te wees. Hierdie vooroordeel wortel op sy beurt gewoonlik weer in 'n nog dieperliggender, histories geworde en vertroetelde sosiaal-psigologiese "geloof" dat kategorieë A en B as sodanig en daarom ook hulle lede wesenlik onversoenbaar is, hoofsaaklik omdat die lede van een van die twee kategorieë, vanweë gewaande tipiese raskenmerke oor die algemeen gesproke "beter" (beskaafder, ontwikkelder, edeler, intelligenter, hardwerkender, welriekender, ekonomies produktiewer, sedeliker – en so sou 'n mens kon voortgaan) weergawes van die mensespesie as die lede van die ander kategorie is.[36] Ek stel my onomwonde op die standpunt dat enige wetlike verwysing na ras as 'n juridiese differensieasiegrond per definisie onregverdige rassisme is, en daarom nie alleen nie in 'n mensregtehandves durf voorkom nie, maar ook deur die praktiese werking van die bepalings van die handves uit alle ander staatlike wetgewing geweer moet word. Ek stem ook saam met diegene wat beweer dat daar wetlik geen wesenlike geregtigheid in Suid-Afrika kan geskied voordat die "grondwet" vir rasgebaseerde apartheid, die Bevolkingsregistrasiewet,[37] nie onvoorwaardelik herroep word nie. Die beoogde nuwe wetgewing oor hierdie aangeleentheid, waarvan die inhoud tydens die skrywe hiervan bekend geword het, is steeds wesenlik mankoliek presies vir sover dit nie die rasdifferensiërende angel van die bestaande wet trek nie. Voeg hierby die verantwoordelike minister se suggestie in 'n televisie-onderhoud dat wetlike groepkategoriseringe vir die regering steeds net so belangrik soos individuele identifikasie is, en die bestaande probleem word beklemtoon eerder as vermy.[38]

---

36 Vgl Du Plessis *Regulator and/or manager* 80-2 en 1985 *TRW* 92-3; RGN *Suid-Afrikaanse samelewing* 66-7.

37 30 van 1950.

38 Vgl ook *Beeld* 24 April 1986 6. Die minister het ook gesê dat nadruk op "eie identiteit" (wat hier niks anders as rasse-identiteit kan wees nie) die grondslag van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel is.

Die samelewingsteorie waarmee ek werk en waarvan bepaalde aspekte tot dusver aan die lig gekom het, het een verdere implikasie vir menseregte wat ter afsluiting van hierdie paragraaf vermeld moet word: fundamenteel (dit wil sê prinsipieel-skeppingsmatig) beskou, bestaan daar nie 'n botsing tussen individuele en kollektiewe belange en daarom individuele en groepsinstitusionele menseregte nie.[39] Menseregte is dus nie per definisie regte wat die enkeling teenoor die groep – en veral die enkeling staatsburger (in sy minuskule weerloosheid) teenoor die (al-)magtige Staat (met 'n hoofletter) – het nie. Menseregte is die regte van enkelinge onderling teenoor mekaar en teenoor samelewingsinstellings, en van samelewingsinstellings onderling teenoor mekaar en teenoor enkelinge. Dit is dus nie byvoorbeeld slegs die enkeling burger wat regte teenoor die staat[40] (en in die besonder die staatsowerheid) het nie; die staat het ook regte teenoor die burger.

Die Christelike beskouing oor menseregte maak egter ook daarvoor voorsiening dat die prinsipieel werklike moontlikheid van harmonie tussen individuele regte onderling en tussen individuele en kollektiewe regte, grondig deur 'n ander werklikheid, dié van die sonde en die kwaad, versteur word.[41] Daarom, in plaas daarvan dat enkelinge en samelewingsinstellings hulle menseregte tot heil van mekaar benut, bedreig hulle mekaar dikwels in die verwerkliking (en uitoefening en uitlewing) daarvan. Hierdie disharmonie het onder andere tot gevolg dat die staatsowerheid by geleentheid dwangmatig moet ingryp om versteurde verhoudings te herstel. Terselfdertyd egter, omdat die staatsowerheid uit mense bestaan, is die verhouding owerheid-burger ook deur die sonde aangetas, sodat die owerheid (en diegene wat owerheidsampte beklee) deurlopend voor die versoeking van magsvergrype staan: mag/gesag wat veronderstel is om ten behoewe van die burger en bygevolg die voorkoming en/of herstel van versteurde verhoudings aangewend te word, word in òf die eiebelang van die gesagsdraer self òf die seksionele belang van die (bevoorregte) groep waartoe hy behoort, misbruik. Omdat die staatsowerheid *de facto* so magtig is, kan – benewens die feit dat sy magsvergrype dikwels diepgrypende implikasies vir die burger inhou – hy in die reël moeilik tot verantwoording geroep of in sy vergrype gestuit word. *Bills of rights* of menseregtehandveste het histories ontwikkel as normatief-konstitusionele "skilde" teen owerheidsvergrype. In beginsel kom die aanvaarding van 'n verskanste en afdwingbare menseregtehandves daarop neer dat die staatsowerheid homself dissiplineer: hy roep 'n doeltreffende konstitusionele middel in die lewe, waardeur hy met behulp van onafhanklike "kruis-" of dubbele kontrole paal en perk aan sy eie (en in praktyk dus sy verskillende funksionarisse se) potensiële veral wetgewende en uitvoerende magsvergrype stel.[42] Ofskoon 'n menseregtehandves nie die enigste en selfs miskien nie eens die effektiefste (konstitusionele) beskermingsmiddel teen owerheidsvergrype is

39 Van der Vyver 1985 *TRW* 5-7; *Tweede verslag van die grondwetkomitee* 72.
40 Ekself skryf, uit beginseloorwegings, "staat" nie met 'n hoofletter nie.
41 *Konsepgetuienis* art 6.
42 Ek praat hier van "kruis-" of dubbele kontrole omdat dit kontrole van een staatlike gesagsinstansie oor 'n ander is. Die regbank vervul gewoonlik die funksie van onafhanklike kontroleur, en regterlike gesag is een besondere vorm van staatlike owerheidsgesag.

nie,[43] is die besondere betekenis van die aanvaarding daarvan juis in die owerheid se daadwerklike erkenning van die noodsaak aan kontrole oor sy eie gesagsuitoefening geleë. Een van die kernkenmerke van outoritêre of absolutistiese staatsowerhede is juis dat hulle nie bereid is om hulle langs die voorgaande ordelike weg in die wyse waarop hulle hul gesag uitoefen, te laat knot nie. Dikwels word pleidooie vir die daarstel van menseregtehandveste boonop ook nog deur die segsmanne van en apologete vir sulke owerhede met dié uiters belaglike – en in Suid-Afrika ongelukkig kwistig gebruikte – argument dat in baie ander (outoritêre) state, die aanvaarding van 'n handves geen snars verskil aan die *de facto* beskerming van menseregte maak nie, van die tafel gevee.[44]

4 DIE KORRELASIE MENSEREGTE – REGSORDE

Wat ek in die laaste gedeelte van die vorige paragraaf in verband met die beskerming van menseregte langs die normatiewe weg van 'n handves gesê het, impliseer die bestaan van 'n ander verskynsel in intermenslike verkeer waarmee met die oog op die ordelike akkommodasie en die optimale beskerming van menseregte deeglik rekening gehou moet word, naamlik konflik. Menseregte word te midde van 'n veelheid reële en potensiële konfliksituasies beskerm. "Konflik" verwys hier na die verskillende verskyningsvorms van sosio-politieke botsing of stryd tussen die draers van menseregte (enkelinge en samelewingsinstellings).[45]

Konflik hoef nie noodwendig sinoniem met chaos te wees nie. In menseverhoudinge en in verband met menseregte impliseer dit tewens wisselwerking. Daarom kan doeltreffend geakkommodeerde en oordeelkundig gekanaliseerde konflik sosiale verhoudings in etlike deurslaggewende opsigte verstewig[46] en 'n betekenisvolle sosiale integreringsfunksie vervul.[47] 'n Perspektief op "positiewe konflik" help 'n mens voorts om die menseregbeskermende funksie van die reg oor die algemeen sowel as die vereistes waaraan 'n menseregakkommoderende regsorde moet voldoen, beter te verstaan.[48]

Menseregte is nie ewige, onveranderlike, vaste gegewes nie, maar het 'n onbetwisbare wordings- en verwesenlikingsgeskiedenis. Die fundamentele grond(e) vir menseregte (soos in paragraaf 2 hierbo uiteengesit) bly met verloop van tyd in beginsel relatief vas, wisselinge in die menslike verstaan daarvan ten spyt. Siende egter dat menseregte self manifesteringe van die mens as historiese wese se status-in-aksie is, verskil hulle na inhoud en veral kultuurhistoriese "verpakking" van tyd tot tyd en van plek tot plek. Sekere van

---

43 Vgl ook Van der Vyver 1985 *TRW* 16-17.

44 Coetsee 1984 *TRW* 10-11; kyk ook Van der Vyver 1985 *TRW* 14 se kommentaar hierop.

45 Die gemelde botsing of stryd spruit uit die werklike of vermeende aanwesigheid van een of meer van die volgende faktore voort: onversoenbare aansprake op en/of belange by 'n relatief beperkte leefruimte en relatief skaars lewensmiddele; onderling uitsluitende aansprake op mag en status; die najaag van uiteenlopende oogmerke of die aanwending van uiteenlopende middele ter bereiking van dieselfde oogmerke, en uiteenlopende benaderings tot of persepsies van selfverwerkliking, selfbehoud en selfgelding of, oor die algemeen, die lei van 'n sinvolle lewe. Kyk Du Plessis *Regulator and/or manager* 7-8.

46 Coser "Conflict: social aspects" (in Sills (red) *International encyclopedia of the social sciences III* (1968)) 232.

47 North "Conflict: political aspects" (in Sills (red) *International encyclopedia III* 226).

48 Du Plessis "Menseregte en konfliksituasies" 1979 *Koers* 339 veral 345-352.

die menseregte wat ek byvoorbeeld in paragraaf 3 hierbo in my sisteem opgeneem het, sou vir mense uit ander tydperke in die geskiedenis of tydgenote wat onder ander omstandighede as u en ek leef, dalk nie van soveel belang gewees het nie. Ons besondere omstandighede hier in Suid-Afrika noop tewens die beklemtoning van bepaalde menseregte wat in ander lande van minder belang sal wees.[49]

Die regsorde waarbinne menseregte geakkommodeer en beskerm moet word, is self ook dinamies in tweërlei sin: ten eerste word dit deur 'n wisselwerking van magte en in die besonder die korrelasie tussen beskermende norme aan die een kant en die status(-se) van subjekte aan die ander kant daargestel. In die tweede plek is dit self kultuur-histories bepaald – is dit, net soos menseregte self, van tyd tot tyd en van plek tot plek wisselend. Met die kultuurhistoriese lig tot my beskikking, meen ek dat 'n regsorde wat konflik optimaal reguleer en oordeelkundig kanaliseer sekere tipiese kenmerke vertoon. In hierdie kenmerke is ook bepaalde regs- en veral regspolitieke waardes beliggaam en hulle vervul die funksie van strategiepeilers by die opstel van 'n menseregtehandves.[50] Ek noem die voormelde kenmerke vervolgens kortliks – ek kan hulle ruimteonthalwe ongelukkig nie uitvoerig bespreek nie.[51]

4 1 Die uniekheid van al die verskillende fasette van menswees word erken en eerbiedig. Daar word dus nie gepoog om met behulp van die reg die samelewing tot in die fynste besonderhede te reguleer deur byvoorbeeld te probeer voorskryf wat "goeie" kuns, aanvaarbare wetenskap, die "regte" godsdiens, die beste sakebeginsels of die mees gepaste morele kode is nie. Die "basisiteit" of voorwaardekarakter van die reg word dus as't ware "toegelaat" om die geldingsterrein van regsnorme prinsipieel en fundamenteel te beperk.

4 2 Daar word gesaghebbend vir die akkommodasie van 'n verskeidenheid struktureel eiesoortige menslike samelewingsinstellings voorsiening gemaak deurdat die gesag en vryheid van elke instelling om self sy eie sake te reël en sy eie belange in die verwerkliking van sy eie unieke bestaansdoel te behartig, erken, eerbiedig en beskerm word. Dit beteken dat die *de facto* magtige staat wie se funksie dit is om 'n regsorde in stand te hou, nie die

---

49 Of bv die regte op vrye deelname aan en gelyke toegang tot die politieke proses, die reg om vryelik aan politieke partyvorming deel te neem en die reg op kollektiewe bedinging in arbeidsverband vir 'n Middeleeuer van soveel belang sou wees soos vir die tipies twintigste eeuse Westerling, is te betwyfel. Iemand wat in 'n stamverband leef sal weer verbaas wees om te verneem dat hy 'n reg op vrye beweging en op keuse van woon- en werkplek het en dat hy vryelik met mense en groepe van sy keuse kan assosieer. En les bes is dit tipies Suid-Afrikaans om taal- en kultuurregte prominent te beklemtoon.

50 Die tersaaklike kenmerke self sowel as die waardes wat hulle beliggaam, is eweneens tydgebonde. My siening daaroor is sterk deur die regstradisie waarin ek geskool is bepaal. Wanneer 'n menseregtehandves vir Suid-Afrika opgestel moet word, hoef hierdie kenmerke nie noodwendig die enigste deurslaggewende rigtingpeilers te wees nie. As gevolg van die historiese feitelikheid van sterk Westerse elemente in ons samelewing, meen ek egter ook dat hulle nie somaar so geheel en al oorboord gegooi kan word nie.

51 Vir 'n volledige bespreking kyk Du Plessis *Regulator and/or manager* 82-93. Hierdie kenmerke word ook in RGN *Suid-Afrikaanse samelewing* 137-8 gebruik as "fundamentele waardes" waaraan 'n regstelsel getoets kan word.

"eie sake" van nie-staatlike instansies behoort te probeer monopoliseer of inpalm nie. Ook behoort die staat nie hierdie samelewingsinstellings se sake vir en namens hulle te bestuur of vir hulle voor te skryf hoe om dit te bestuur nie.

Die staat se taak is wesenlik om die juridiese kompetensiesfere sowel as die regte en verpligtinge van samelewingsinstellings teenoor mekaar en teenoor individuele regsonderdane amptelik af te grens, en om geskille wat daar ten aansien van hierdie afgrensing ontstaan, gesaghebbend te besleg.

4 3 Die regsorde laat ruimte vir die individualiserende toepassing van regsnorme in elke unieke, konkrete situasie. Dit is met ander woorde billik. Wetstoepassers (dit wil sê regsprekers en amptenare van die uitvoerende gesag) beskik bygevolg oor die diskresie om dit wat die reg (nie net na die letter nie maar ook na gees en strekking) vereis, behoorlik met die eise van die konkrete situasie te korreleer.

4 4 Blote formalismes word vermy. Dit beteken gewoon dat die uiterlike vorm van regsnorme en ander regsfigure nie oor hulle inhoud die botoon voer nie.

4 5 'n Regverdige regsorde diskrimineer nie. Hieroor het ek voorheen, in 'n ander verband, reeds genoeg gesê. (Kyk paragraaf 3 hierbo.)

4 6 Regsnorme geld met sekerheid en kan in beginsel deur almal geken word op wie hulle van toepassing is. Die reg op regsverteenwoordiging, synde 'n reg van toegang tot kundige advies, vloei uit hierdie behoefte aan regsekerheid voort.

4 7 Burger sowel as owerheid (en insonderheid owerheidspersone en -instansies) eerbiedig die verskillende prosedures en regsmiddele waarvoor die reg(-sorde) voorsiening maak – dit is, samevattend, die "weg van die reg" – en regskanale is dermate "oop" en die regsweg dermate toeganklik dat hulle inderdaad eerbied afdwing. Regskanale word voorsien en die regsweg word in stand gehou mede omdat die reg as "geleier" en reguleerder van konflik in die samelewing funksioneer.[52]

Die voormelde *legaliteit* van 'n regsorde en sy instellings hang nou saam met hulle *legitimiteit*, dit is "hulle *de facto* reg" om op sterkte van die erkenning en aanvaarding wat hulle geniet, gesaghebbend te geld. In praktyk bestaan die legitimiteit van instellings gewoonlik uit die korrelasie tussen die

---

52 Hierby moet die volgende in gedagte gehou word: "Legality draws on the subjects' as well as the authorities' reverence for the course of the law. Should political authorities themselves, therefore, not champion the cause of legality impeccably, the a-legal resistance of subjects will be explicable partly in terms of the a-legal exercise of power by the authorities, and from this follows a vicious circle: the authorities are threatened in their position of authority by the a-legal resistance of their subjects, more and more a-legal means are employed to suppress acts . . . of resistance, and these once again give rise to more and more resistance. Once sufficient (conflictual) pressure has thus mounted, a legal order can be destroyed" – Du Plessis *Regulator and/or manager* 90.

mate waarin die instellings hulle werklike funksies behoorlik vervul aan die een kant en die mate waarin subjekte bereid is om hulle te aanvaar en eerbiedig aan die ander kant. Die ideaal is dat hierdie twee korrelate in 'n min of meer "spontane harmonie" moet wees.

4 8 Daar word vir die onpartydige beregting van geskille deur onafhanklike gesagsinstellings voorsiening gemaak.

5 SLOTPERSPEKTIEF: 'N MENSEREGTEHANDVES VIR SUID-AFRIKA?

Ek is bevrees dat daar geen louter of selfs oorwegend filosofiese antwoord bestaan op die vraag of Suid-Afrika binne die afsienbare toekoms 'n menseregtehandves kan of gaan hê nie. Enkele belangrike regswetenskaplike publikasies oor die afgelope byna dekade en 'n half het in 'n groot mate daartoe bygedra dat wie ook al bereid was om na die noodkrete uit verskillende oorde te luister, gaandeweg al hoe pynliker bewus geword het van die mate waarin menseregteskendings op grond van ras in die Suid-Afrikaanse regsorde verskans is.[53] Ons regstelsel is, in die mate wat dit op 'n rassegrondslag differensieer (en dit is steeds aansienlik) 'n skoolvoorbeeld van hoedat 'n stelsel wat daarop gerig is om menseregte te beskerm, nie moet lyk nie. Juriste wat in 'n mindere of meerdere mate oor die beskerming van menseregte begaan is, het hulle nog altyd oorwegend ten gunste van die aanvaarding van 'n verskanste en gesaghebbende menseregtehandves vir Suid-Afrika uitgespreek. Die meeste werklike kenners van tersaaklike probleme was deurentyd egter versigtig (en hoogstens matig) optimisties oor die impak wat die daarstel van 'n handves op die herstel van 'n regverdige regsorde in Suid-Afrika sal kan hê.

Ek wil my as pleitbesorger vir 'n handves in Suid-Afrika by die versigtige optimiste aansluit, wel wetende dat so 'n handves bloot een van die boustene in 'n regverdige bestel sal kan wees. As idealis glo ek dat 'n handves as opvoedingsinstrument by die minder dikvellige lede van die bevoorregte minderheidsgroep in ons land dalk 'n groter gevoeligheid kan kweek vir die regte van diegene wat al jarelank aan die ontvangkant van die stelsel staan. As 'n realis weet ek dat dit die dikvelliger lede van hierdie groep, wat die skending van die menseregte van hulle minderbevoorregte medeburgers as 'n godgegewe prerogatief en selfs plig beskou (het), in 'n mate tot stilstand kan ruk.

---

53 Uit die vroeë sewentigerjare dateer Mathews se baanbrekerswerk, *Law, order and liberty in South Africa* (1971) en die miskien iewat minder streng akademiese (dog nie minder invloedryke nie) verslag van die regskommissie van die *Study project on Christianity in apartheid society* (Spro-cas) onder redaksie van Peter Randall en onder die titel *Law, justice and society* (1972). Uit die vroeë en middel sewentigerjare dateer Van der Vyver se *Juridiese sin*; *Beskerming* en *Seven lectures on human rights* (1976). Van groot betekenis uit die later sewentigerjare is Dugard se *Human rights and the South African legal order* (1978). Vanaf 22-26 Januarie 1979 is die First international conference on human rights in South Africa in Kaapstad gehou, die verrigtinge waarvan as Forsyth en Schiller (reds) *Human rights: the Cape Town conference* (1978) gepubliseer is, en uit hierdie konferensie het die stigting van Regslui vir menseregte voortgevloei, 'n juristeliggaam wat hom vir die beskerming van menseregte beywer en tans ook 'n eie tydskrif, die *South African journal on human rights*, uitgee.

Om te sê dat 'n mens die daarstel van 'n menseregtehandves vir Suid-Afrika steun is een saak; die vraag of die aanvaarding van 'n handves te midde van die groeiende spanning en konflik en haat in ons samelewing nog moontlik is, is weer iets heeltemal anders. Ek wil ten slotte vanuit 'n drietal perspektiewe aan hierdie moontlikheidsvraag aandag skenk: ek vra ten eerste of ons howe vir 'n handves gereed is; ten tweede vra ek of die daarstel van 'n handves polities haalbaar is, en ten slotte maak ek enkele opmerkings oor die strategie wat ek dink deur die voorstanders van 'n handves gevolg behoort te word.

Die gedagtes wat ek ter tafel lê, berus in 'n groot mate op my persoonlike waarnemings oor die afgelope aantal jare maar ook in die jongste tyd. Ek wil egter sonder huiwering vir u sê: ek sal glad nie omgee indien u my daarvan kan oortuig dat veral sommige van my waarnemings verkeerd is nie. Dit mag tewens selfs gerusstellend wees.

5 1 Kan en/of wil ons howe (en kom ons bepaal ons vir die huidige maar net by die hooggeregshof met sy verskillende afdelings) 'n menseregtehandves (behoorlik) hanteer? Dit is vir my moeilik om hierdie vraag kategories te beantwoord. Party regters het hulle al in die openbaar ten gunste van die aanvaarding van 'n menseregtehandves uitgespreek (en sommiges het hulle oproep by verskeie geleenthede herhaal) en ek is daarvan oortuig dat daar heelwat van hulle geleerde ampsbroers is wat hierdie gedagte in stilte steun. Die meerderheidsuitspraak in *S v Marwane*[54] het voorts by my die met eerbied tereg beskeie vertroue gewek dat ons howe sal weet hoe om 'n menseregteakte gesaghebbend en vreesloos te implementeer. Ek het egter steeds bepaalde reserwes wat nie op dit wat tans onvoorspelbaar is aan (moontlike) regterlike reaksie betrekking het nie, maar juis op dit wat ek verseker weet, naamlik dat ons howe 'n baie (selfs gevaarlik) verouderde (selfs primitiewe) wetsuitlegteorie aanhang, en dat die soort konstruktiewe en kreatiewe benadering wat tot die uitleg van 'n handves gevolg behoort te word, in terme van ons howe se basiese benadering feitlik onmoontlik is.

In 'n neutedop saamgevat kom die huidige benadering daarop neer dat die hof aan die gewone betekenis van die woorde van 'n wetsbepaling (dit wil sê hulle "plain meaning") gevolg moet gee, tensy dit tot die een of ander absurditeit sal lei of tensy die betekenis van die woorde onduidelik of die woorde self dubbelsinnig is. Dikwels word hieraan toegevoeg dat die bedoeling van die wetgewer (altyd) in die duidelike en ondubbelsinnige woorde van 'n wet te ontdek is en dat die uitleg van 'n wet (eweneens altyd) in gevolggewing aan die gemelde bedoeling in finale vervulling gaan. In feite kom dit daarop neer dat letterknegtig (of ten minste dan woordknegtig) geïnterpreteer moet word, behalwe in gevalle waar 'n wet swak geskryf is en 'n soektog na die bedoeling van die wetgewer op tou gesit moet word – dan mag die hof konstruktief interpreteer! Vir die feit dat die betekenis van 'n wet nie alleen in die kinkels van sy eie komplekse struktuur nie maar ook in sy geskiedenis, in sy verhouding tot ander regsnorme en in sy deel wees van en aangewesenheid op 'n heel komplekse regsorde met 'n eie waardesisteem skuilhou, bestaan daar bloedweinig begrip. Dat interpretasie as 'n dinamiese,

54 1982 3 SA 717 (A); kyk ook *Smith v Attorney-General, Bophuthatswana* 1984 1 SA 182 (B).

historiese gegewe wesenlik kreatief is, is vir vele van ons wetsuitleggers ondenkbaar.

Selfs in die meerderheidsuitspraak in die *Marwane*-saak is nog volop blyke van steun vir die tradisionele uitlegbenadering van ons howe te bespeur.[55] Een van die positiefste fasette van die meerderheidsuitspraak is tewens juis dat die uitgesproke steun vir ons howe se tradisionele uitlegbenadering wat daarin voorkom, gegewe die uiteindelike resultaat waartoe die meerderheid geraak, gelukkig net lippediens is. Die konsekwenter navolging van 'n meer letterknegtige benadering soos wat dit in die minderheidsuitspraak voorkom – en tot sy logiese konsekwensies gevoer word – is meer in pas met die aanvaarde regterlike benadering tot wetsuitleg in Suid-Afrika. In hierdie sin is die minderheidsuitspraak die korrekte.

Ek is bevrees dat 'n mens 'n verkeerde uitlegteorie nie met behulp van byvoorbeeld wetgewing kan regdokter nie. Akademici sal maar net eenvoudig moet inklim en alternatiewe uitlegteorieë onder diegene wat saak maak se neuse moet vryf. Die daarstel van 'n verskanste menseregtehandves en die verlening van 'n toetsingskompetensie aan die hooggeregshof sal myns insiens ook tot 'n ondermyning van die tradisionele "grammofoonfunksie" van ons howe bydra, en gevolglik 'n al hoe groter vrymoedigheid by ons regsprekers wek om konstruktief en kreatief te interpreteer.

5 2 Is die ideaal van 'n menseregtehandves polities haalbaar? Hierdie vraag is nog moeiliker om te beantwoord. 'n Mens het stadigaan begin gewoond raak aan die regs-reaksionêre politieke besware wat veral die huidige politieke maghebbers teen die daarstel van 'n menseregtehandves inbring.[56] Namate die regering van die dag egter tekens begin toon het dat hy voor die politieke druk tot magsdeling swig, het die hoop weer begin opvlam dat in 'n klimaat van "wegdoen met die eksklusiewe politieke mag van slegs een groep" daar dalk ook groter belangstelling in 'n handves mag begin posvat. Die voorrede tot die 1983-Grondwet is myns insiens tewens 'n baie beskeie eksperiment met so 'n ietsie van die soort materiaal wat 'n mens in 'n handves sou kon opneem.

Intussen het die handveskwessie egter 'n erg kompliserende dimensie bygekry, deurdat daar nou ook van links-radikale kant ernstige besware teen die daarstel van 'n handves geopper word. Daar is oor hierdie standpunt nog nie veel gepubliseer nie, maar as ek die besware reg verstaan, kom dit daarop neer dat die aanvaarding van 'n handves die onderdruktes die geleentheid tot 'n outentieke bevrydingstryd (wat, na dit my wil voorkom, in kru-naïewe Marxistiese terme verstaan word) sal ontneem. Die "bevryders" wil met ander woorde hulle bevrydingstryd ("liberation struggle") nie in 'n blote burgerregtestryd ("civil rights struggle") laat ontaard nie. Bowendien word aangevoer dat in 'n nuwe, sosialistiese Suid-Afrika daar geen behoefte aan 'n *bill of rights* vir die beskerming van die regte van sy burgers sal wees nie, want die een kameraad sal die ander beskerm! Dat hierdie uiters naïewe geloof wreed tot 'n einde geruk sal word deur die feit dat slegs sommige van die kamerade uiteindelik politieke mag sal hê, word tans kennelik nie voorsien nie.

---

55 Kyk bv 749 veral D-F.

56 Vgl bv die *Tweede verslag van die grondwetkomitee* 71-8 en Coetsee 1984 *TRW* wat hierdie besware saamvat en probeer verduidelik.

Myns insiens bly dit die taak van die nugter juris om te midde van hierdie uiterste standpunte wat so kenmerkend van die snel toenemende polarisasie in ons land is, beredeneerd die beskerming en bevordering van die regte van alle mense in ons samelewing op die grondslag van optimale geregtigheid te bepleit. En as heethoof utopiste (of hulle nou revolusionêr of reaksionêr is) dan die fondamente van wat 'n ordelike samelewing moes wees stukkend sal skop, sal daar altyd geleentheid vir koelkop juriste wees om, wanneer die ergste storm en (vernietigings-)drang uitgewoed is, met herstelwerk aan die ruïnes te begin . . . en desnoods ook die sement van 'n menseregtehandves daarvoor te gebruik. In hierdie lig dan my slotopmerkings oor strategie.

5 3 Watter strategie moet gevolg word ? 'n Afdoende antwoord op hierdie vraag kan uiteraard nie binne die bestek van enkele beknopte slotopmerkings gegee word nie. Ter wille van die gesprek wil ek egter tog enkele van my gedagtes met u deel. Vooraf moet ek dit duidelik stel dat wat ek ook al oor die moontlike aanvaarding van 'n menseregtehandves vir Suid-Afrika te sê het, in drie opsigte grondig gekwalifiseer is: eerstens wil ek herbeklemtoon dat ek nie 'n handves beskou as die towerstaf waarmee ons land in 'n japtrap sosio-polities reggedokter kan word nie: dit is nie dié alleroplossing van ons probleme nie, maar hoogstens deel van die oplossing.

In die tweede plek pleit ek nie vir 'n handves in my hoedanigheid as 'n bevoorregte witman wat glo dat die dag van afrekening naderkom en dat die grusame effek van die afrekeningsproses daarom met allerlei konstitusionele foefies versag moet probeer word nie. Indien so 'n bedenklike motief by witmense swartmense in Suid-Afrika tot teenstand teen die gedagte van 'n handves noop, dan het ek begrip vir daardie teenstand en wil ek my daarmee vereenselwig. Ons moet egter ook oppas dat ons nie die kind van 'n verdienstelike konstitusionele geregtigheidsmiddel saam met die badwater van verkeerde motiewe uitgooi nie. Ek pleit vir die daarstel van 'n handves wat vir almal groter geregtigheid kan verseker, en indien ons uiteindelik 'n handves sou kry waarby die tans minderbevoorregtes in ons samelewing nie meer as die tans bevoorregtes baat nie, sal ons maar net eenvoudig moet teruggaan na die tekenbord toe, want 'n handves moet daarop gemik wees om die huidige onreg in ons samelewing te help opruim en huidig veronregtes in 'n posisie te help stel waar hulle agterstande kan inhaal. Laat ek dit ronduit in terme van eensydige en oorvereenvoudigde tipiese Suid-Afrikaanse kategoriseringe so stel: 'n menseregtehandves wat nie van die witman meer opofferinge as van die swartman sal verg nie, sal nie die moeite werd wees nie.

In die derde plek bepleit ek 'n menseregtehandves vir 'n genormaliseerde Suid-Afrika en nie as lapwerk op die skeure van 'n abnormale, rasaristokratiese samelewing nie. In die besonder het ek 'n Suid-Afrika in gedagte waarin almal, afgesien van ras of kleur, volle politieke regte en medeseggenskap geniet. Ek dink dus ook in terme van 'n Suid-Afrika met 'n meerderheidsregering wat ek, omdat ek 'n broertjie dood het aan alle vorme van rassisme, nie 'n swart meerderheidsregering wil noem nie. Ek aanvaar egter dat omdat die bevolkingsmeerderheid in Suid-Afrika swart is, die meerderheid mense in die regering ook swart sal wees.

Die strategie wat ek voorstel staan op twee bene.

5 3 1 In die eerste plek stel ek voor dat ons doen presies wat ons by en met hierdie simposium doen: ons moet 'n bewusmakings- en inligtingsprogram op dreef kry. Privaatinisiatief moet hierin deurslaggewend wees, en ons moet van soveel moontlik kanale gebruik maak om die saak vir 'n handves, tydig en (indien nodig ook) ontydig te stel. Ek dink tewens dat baie van die teenstand teen die handvesgedagte op onkunde oor die werklike aard en werking van *bills of rights* berus. Ek sal daarom ook wil sien dat die werk van hierdie simposium op die een of ander wyse voortgesit sal word.

5 3 2 Op 'n breër nasionale vlak meen ek dat die handveskwessie baie hoog op die agenda vir politieke onderhandeling oor die toekoms van ons land moet staan. By hierdie onderhandelinge moet alle politieke belangegroepe in Suid-Afrika betrek word, ook dié wat tans (soos dit soms genoem word) "in ballingskap" verkeer. Indien tydens die onderhandelinge op die inhoud van so 'n handves ooreengekom word, sal dit myns insiens alreeds as aansienlike vordering aangemerk kan word, aangesien sodanige konsensus ook as 'n basisafspraak oor fundamentele waardes vir die inrigting van 'n nuwe staatsbestel beskou sal kan word. Om presies hierdie rede meen ek dat veral juriste aanvanklik nie onnodig sterk op 'n klinies-tegniese presiesheid van formuleringe moet aandring nie – dít sê ek natuurlik in die veronderstelling en in die hoop dat ons howe toenemend bereid sal wees om wette (en veral konstitusionele wetgewing) konstruktiewer en kreatiewer as tans te interpreteer.

U mag vir my sê dat ek naïef is om in die huidige politieke klimaat in ons land sommer so sito-sito oor sulke ingrypende politieke onderhandelinge te praat. Ek dink egter dat veral juriste hardnekkig moet bly vasklou aan die geloof dat onderhandeling altyd moontlik is en dat dit in ieder geval altyd die moeite werd is om 'n geskil daadkragtig vreedsaam eerder as kragdagig stydlustig te probeer oplos. Immers: ons opleiding en agtergrond bekwaam ons om reg en geregtigheid op die markpleine van ons woelige samelewing te verkondig – nie om lyke op straat te tel nie.

3 Changing attitudes towards a bill of rights in South Africa

John Dugard
BA Dip Int Law LLD
Professor of Law and Director of the Centre for Applied Legal Studies
University of the Witwatersrand

Mr Chairman, thank you for inviting me to participate in this conference. I must confess that I did not expect that I would ever be invited to take part in a conference on a bill of rights hosted by the University of Pretoria. This is in itself evidence of a change in attitude towards a bill of rights – which is the title of my talk today. That the University of Pretoria has taken the initiative in calling such a meeting is to its credit and a matter of congratulation.

Today I shall examine changing attitudes towards a bill of rights in South Africa in historical context not for reasons of historical curiosity, but for the purpose of stressing the urgency for the adoption of a bill of rights. Indeed I fear that if a bill of rights is not incorporated into our constitution within the next two or three years we can forget about it and resign ourselves to a struggle for power in which individual rights and the supremacy of law become luxuries which even idealists will be forced to abandon. We stand on the verge of cataclysmic change. Naively, I still believe that the law and legal institutions can guide the political decision-makers towards a just solution; and provide the framework for an environment of negotiation. But I am not so naive as to believe that time is on the side of the negotiators and peacemakers. I see a growing lack of confidence in the courts and legal institutions in the black community as they realize the extent to which law has been manipulated by the present government and as they see law and legal institutions as instruments of National party oppression.[1] If confidence is to be restored in the law as an instrument of justice and as a method of conflict resolution it will have to be done without delay. And, quite frankly, I do not see how it can be done without a bill of rights. It is in this spirit that I address you today.

1 HISTORICAL OVERVIEW OF THE BILL OF RIGHTS DEBATE IN SOUTH AFRICA

1 1 The period before 1945

43 Lg resultaat (wat ook weerspieël word in die Wes-Duitse *Drittwirkung*-leerstukke) word soms deur Suid-Afrikaanse skrywers beskou as 'n ongewenste vermenging van privaat- en publiekreg (sien bv Venter *Die Publiekregtelike Verhouding* (1985) 176-7). Met so 'n standpunt word uit die oog verloor dat dieselfde "vermenging" deur die aanwending van die *boni mores*-begrip in die Suid-Afrikaanse kontraktereg kan plaasvind – sien 1971 *THRHR* 45-53.

Samevattend kan twee opmerkings oor die Amerikaanse grondwetlike bepalings gemaak word:

(a) Ten spyte van die feit dat die Verenigde State na die tweede wêreldoorlog 'n sleutelrol gespeel het om die gedagte van menseregte in grondwette en internasionale verdrae konkrete beslag te gee, is die formulering van die Amerikaanse *bill of rights* as 'n onvolledige en selfs verouderde teks nie wyd nagevolg nie. As 'n aanknopingspunt vir die manier waarop regte geformuleer behoort te word, is die waarde daarvan beperk.[44] Meer moderne menseregteaktes soos dié vervat in die grondwet van die Federale Republiek van Duitsland[45] en volkeregtelike handveste soos die Europese konvensie oor menseregte en fundamentele vryhede en die verenigde volke organisasie se *international covenant on civil and political rights* en *international covenant on economic, social and cultural rights*, bied in die verband beter voorbeelde.

(b) In die Verenigde State van Amerika word die beste voorbeeld van die dinamiese aanwending van die menseregtebegrip in die positiewe reg van enige staat gevind. Daartoe het die feit dat menseregtebepalings in 1791 tot die grondwet gevoeg is en dat judisiële kontrole oor die nakoming deur alle owerheidsorgane aanvaar is, geen geringe bydrae gelewer nie. Terselfdertyd moet hierdie feit veral vanuit 'n juridiese hoek, in perspektief gesien word. Soos aangedui, is die *bill of rights* en judisiële kontrole nie die enigste elemente in die staatsbestel waardeur die regte gehandhaaf word nie.[46] Daarbenewens het die *supreme court* dikwels die bepalings "belemmerend" geïnterpreteer in die lig van wat vandag in Amerikaanse konteks algemeen beskou sal word as 'n volle ontplooiing van die regte.[47] Die geskiedenis van die Amerikaanse menseregtehandves is 'n maatskaplike, ekonomiese en politieke geskiedenis van 'n bepaalde staat. Hierdie feit dien enersyds as waarskuwing dat dieselfde instrumente nie sonder meer in 'n ander sosio-politieke milieu sal slaag nie. Andersins bied 'n studie van die Amerikaanse menseregtebepalings vir die Suid-Afrikaanse juris buitengewone vergesigte oor die politieke en sosio-ekonomiese implikasies van sulke bepalings.

3 WES-EUROPA[48]

Die Franse verklaring van die regte van die mens en die burger van 1789 is woordeliks oorgeneem in die Franse grondwet van 1791.[49] Hierdie verklaring het die slagspreuk geword van die Europese derde stand in hulle stryd

---

44 Sien Henkin "International instruments for the protection of human rights" in Forsyth & Schiller 233.

45 Waarop bv etlike van die menseregtebepalings in die grondwet van Bophuthatswana gebaseer is – sien Thomashausen "Human rights in Southern Africa: the case of Bophuthatswana" 1984 *SALJ* 467 en *Smith v Attorney-General, Bophuthatswana* 1984 1 SA 196 (B) op 202.

46 Sien teks teenoor n 31 hierbo.

47 Sien teks teenoor n 35 hierbo.

48 Oor die geskiedenis van menseregte in Wes-Europa sien in die algemeen Hartung *Die Entwicklung der Menschen- und Bürgerrechte van 1776 bis zur Gegenwart* (1972); Oestreich *Geschichte der Menschenrechte und Grundfreiheiten im Umriss* (1978); Kipp "Die Menschenrechte in Geschichte und Philosophie" in *Die Menschenrechte in Christlicher Sicht* (1953) 19.

49 Na die afskaffing van die monargie is 'n meer uitgebreide menseregteverklaring in die 1793-grondwet ingesluit, terwyl dit weer aansienlik verkort is in die grondwet van 1795 (na die skrikbewind van Robespierre); die staatsgreep van Napoleon is bekragtig in

teen die feodale wantoestande en die absolute monargie. Die gedagte van die opname van menseregtebepalings in grondwette het ook algemene inslag gevind. Gedurende die negentiende eeu is byna geen grondwet in Wes-Europa gepromulgeer waarin menseregte nie op die een of ander wyse vermeld is nie.[50] Ten spyte daarvan is die positivering van die gedagte van natuurlike en aangebore regte nie so konsekwent as in die Verenigde State van Amerika deurgevoer nie en het veral die gedagte van judisiële kontrole oor die beperking van die regte voor die Tweede Wêreldoorlog nie algemene inslag gevind nie. Verskillende redes bestaan hiervoor. In teëstelling met die Verenigde State van Amerika waar 'n immigrantegemeenskap op 'n nuwe vasteland 'n nuwe staatkundige bestel as't ware op min of meer 'n skoon bladsy kon skryf, was die vervanging in Europa van 'n ou orde met 'n nuwe waarin voorsiening gemaak is vir die erkenning van individuele regte, 'n moeisame proses wat in verskillende state onder uiteenlopende omstandighede en met verskillende grade van sukses volvoer is. Die aanhang wat die regspositivisme gedurende die negentiende eeu geniet het, het 'n ingrypende invloed uitgeoefen op die betekenis wat aan die begrip menseregte in die Europese grondwette geheg is – die natuurregtelike grondslae van die regte is al minder en minder beklemtoon en teen die tweede helfte van die eeu omtrent nie meer vermeld nie.[51] Die resultaat hiervan was dat toe die gedagte van soewereine staatsgesag in dieselfde tydperk taamlik algemeen gepropageer is, individuele regte in die praktyk en in die werke van skrywers soos Von Gerber, Laband, Zorn en Jellinek in soveel woorde bestempel is as blote vergunnings van die staat of reflekse van die positiewe reg.[52]

Anders as in die Verenigde State van Amerika was daar alreeds in die Franse grondwet van 1793 uitdruklik regte geformuleer uit hoofde waarvan die individu aanspraak kon maak op die aktiewe bystand deur owerheidsorgane.[53] Afgesien van sporadiese vermelding van sekere sosiale en ekonomiese regte,[54] was dit egter veral gedurende die huidige eeu dat die gelykheidsbeginsel van die Franse slagspreuk *liberté, egalité, fraternité* ook vertolk is as sou dit die staat verplig om burgerlike gelykheid deur staatsoptrede te bewerkstellig – die staat moet 'n positiewe bydrae lewer tot die sosiale, ekonomiese en kulturele ontplooiing van die individu. Hierdie verpligtinge van die staat is as

---

die grondwet van 1799 waarin slegs enkele regte in die laaste gedeelte genoem word; die beginsels van die verklaring word herbevestig in die aanhef tot die grondwette van 1946 en 1958 – Kipp 32; Hartung 17-18.

50 Bv in die grondwette van Frankryk (1814, 1815, 1830, 1848), Nederland (1814, 1815, 1848), Noorweë (1848, 1849, 1867), Griekeland (1864), Roemenië (1866), Serbië (1888), die Duitse Ryk (1849), verskillende Duitse state soos Beiere (1818), Baden (1818), Württemberg (1819), Hesse (1830), Sakse (1830), Hannover (1833), Pruise (1850) en selfs buite Wes-Europa in Turkye (1876) en Rusland (1906).

51 Oestreich 100 ev; Laun *Die Menschenrechte* (1948) 11.

52 Oestreich 102. Die publiekregsisteme wat hieruit gespruit het, kom ook reeds in Suid-Afrika onder die soeklig – sien Van Wyk *Persoonlike status in die Suid-Afrikaanse publiekreg* (proefskrif UNISA) 1979 en Venter 12-63.

53 A 21 van die grondwet het onder andere bepaal dat die gemeenskap onderneem om behoeftige burgers te ondersteun deur die direkte verskaffing van lewensmiddele of deur werkverskaffing.

54 Bv in die Franse grondwet van 1848 tov werkverskaffing, beroepsopleiding en maatskaplike bystand – Hartung 22-3.

sosiale, ekonomiese en kulturele regte van die individu gewaarborg.[55] Alhoewel aanvaar word dat die implementering van sosiale, ekonomiese en kulturele regte in 'n meerdere of mindere mate 'n negatiewe en beperkende uitwerking kan hê op die gelding van die sogenaamde liberale vryheidsregte wat 'n individuele vryheidsfeer vir die individu skep en waarmee die staat in beginsel nie mag inmeng nie,[56] moet beklemtoon word dat dit hier gaan om 'n tipiese Wes-Europese verskynsel.[57]

In Wes-Europa word deurentyd ernstig gepoog om 'n balans te vind en te handhaaf tussen staatsoptrede en nie-inmenging wat onderskeidelik deur die sosiale, ekonomiese en kulturele regte aan die een kant en deur die liberale vryheidsregte aan die ander kant, vereis word. So byvoorbeeld word die begrip *sosiaal* soos dit in artikels 20(1) en 28(1) van die grondwet van die Federale Republiek van Duitsland aangewend word, deurgaans vertolk as sou sosiaalstaatlike staatsoptrede begrens word deur die regstaatgedagte in sowel formele as materiële sin.[58]

Na die Tweede Wêreldoorlog het natuurregtelike opvattings 'n heropbloei beleef[59] en is menseregtebepalings dienoorkomstig op groot skaal in nuwe grondwette ingesluit. Die mees uitstaande voorbeeld hiervan is die grondwet van die Federale Republiek van Duitsland waarin al die elemente van die Amerikaanse stelsel van menseregtebeskerming in 'n moderne en aangepaste vorm vervat is. Die beskerming van menseregte in die verskillende Wes-Europese state moet ook in samehang beskou word met die invloed van die Europese konvensie oor menseregte en fundamentele vryhede. Die moontlikheid wat daardeur geskep is om regte van die individu binne state deur tussenstaatlike instrumente van buite te beskerm, het daartoe aanleiding gegee dat in alle state 'n lewendige debat ontstaan het oor die interne stand van sake rakende die handhawing van menseregte.[60] In die Verenigde Koninkryk was dit een van die vernaamste oorsake vir 'n indringende debat oor die moontlike verordening van 'n menseregte-akte.[61]

---

55 Bv in die grondwette van Duitsland (1919, 1949), Frankryk (1946, 1958), Italië (1947), Spanje (1931, 1947) en Turkye (1961). Sien Huber "Soziale Verfassungsrechte?" (1948) in CXVIII *Wege der Forschung* (1968) 1-15 en Cassin "Man and the modern state" in *An introduction to the study of human rights* (1970) 31-51.

56 Huber 9. Boli-Bennet 187 verklaar: "In the light of extensive civil rights violations in most of the periphery and semiperiphery of the world system in the postwar period, one crucial question to ask is the following: is the steadfast protection of civil rights consistent with state mobilizational efforts to establish comprehensive programs that ensure social and economic rights?"

57 Henkin *Rights* 56 verklaar: "[S]ocialism is not necessarily inconsistent with substantial individual freedom, for, in principle, a socialist society might favour large freedom (in matters other than economic organization and activity), and, indeed, the better distribution of economic justice may make such freedoms more meaningful for all."

58 Sien bv Hesse *Grundzüge des Verfassungsrechts der Bundersrepublik Deutschland* (1977) 86 ev; Stern I *Staatsrecht* (1977) 716-28; Badura "Das Prinzip der sozialen Grundrechte und seine Verwirklichung im Recht der Bundesrepublick Deutschland" 1975 *Der Staat* 17 ev; Huh "Rechtsstaatliche Grenzen der Sozialstaatlichkeit" in Berberich, Holl & Maass *Neue Entwicklungen im öffentlichen Recht* (1979) 281 ev.

59 Van der Vyver *Die beskerming van menseregte in Suid Afrika* (1975) 9 en Riezler "Der totgesagte Positivismus" (1951) in XVI *Wege der Forschung* (1966) 239-56.

60 Sien bv Safran 204 en in Berberich *et al* die bydraes van Oppermann "Europaïsche Integration und das deutsche Grundgesetz" 85 en Panebianco "Europaïsche Integration und das italienische Verfassungsordnung" 103.

61 Sien bv Scarman *English law: the new dimension* (1974); Hailsham *The dilemma of democracy* (1978); Zander *A bill of rights* (1975).

Alhoewel die wyse waarop individuele regte in hierdie state beskerm en gehandhaaf word onderling en in vergelyking met die Verenigde State verskil,[62] en alhoewel al die Wes-Europese state in 'n meerdere of mindere mate sekere probleme ondervind,[63] kan aanvaar word dat die feitelike stand van sake in die meeste van die state nie wesenlik verskil van dié in die Verenigde Koninkryk waarin die beskerming van individuele regte nog nie deur middel van judisiële kontrole oor grondwetlike bepalings geskied het nie.

4 KOMMUNISTIESE STATE

In navolging van die Franse menseregteverklaring is daar in Rusland na die rewolusie van 1918 'n verklaring van die regte van die werkende en geëksploiteerde volk in die grondwet opgeneem.

Marx het geen menseregteleer ontwikkel nie en het die menseregteopvattings van sy tyd verwerp as "the will of the bourgeois class made into law for all".[64] Hierdie benadering word tans nog aangetref in kommunistiese skrywers se weergawes van die ontstaan en ontwikkeling van die menseregteidee in die Weste.[65] Volgens hulle was die positivering van menseregte in die grondwette van die laat-agtiende en negentiende eeue enersyds gerig teen feodalisme en monargale absolutisme, maar het dit terselfdertyd ook die grondslae van die nuwe kapitalistiese staat gevorm waarvan die reg op privaateiendom en kontrakteervryheid die hoekstene was.[66] Ingevolge die klassieke leer van Marx en Engels sal daar geen bestaansreg vir die staat en die reg in die klaslose heilstaat wees nie en saam daarmee sal ook die begrip menseregte afsterwe.[67] Vooraf gedurende die diktatuur van die proletariaat moes die begrippe reg en ook menseregte, soos inhoudelik deur die werkers bepaal, aangewend word om die oogmerke met die rewolusie te verwesenlik.[68]

Verwysings na die regte van die individu kom in die grondwette van alle kommunistiese state voor.[69] (In die 1977-grondwet van die USSR kom dit voor ten spyte van die feit dat in die aanhef van die grondwet verklaar word dat die diktatuur van die proletariaat beëindig is.)[70] In die algemeen beskou, is die bepalings selfs meer omvangryk as in Westerse grondwette want die sosiale, ekonomiese en kulturele regte word deurgaans uitvoeriger beskryf en alle handveste bevat ook bepalings oor die *pligte* van burgers – iets wat in Westerse handveste nie voorkom nie.

---

62 Henkin *Rights* 51-3.
63 Safran 200 ev; Henkin *Rights* 55.
64 Soos aangehaal deur Peselj "Recent codification of human rights in socialist constitutions" 1965 *Howard Law Journal* 342 n 2.
65 Sien bv Klenner *Studien über Grundrechte* (1964) en in Halász (red) *Socialist concept of human rights* (1966) die bydraes van Szabó "Fundamental questions concerning the theory and history of citizens' rights" 27-52, Péteri "Citizens' rights and the natural law theory" 83-119 en Kulcsár "Social factors in the evolution of civic rights" 121-63.
66 Szabó 30 en 37; Klenner 19-20.
67 Szabó 54: "(T)he actual implementation of these rights and duties leads – in keeping with the whithering away of state and law – also to their disappearance."
68 Szabó 54; Peselj 344-5.
69 Sien n 7 hierbo.
70 Die aanhef lui oa: "Having fulfilled the tasks of the dictatorship of the proletariat, the Soviet state has become an all-people's state."

Die formulering van die tipiese vryheidsregte waarmee die staat nie mag inmeng nie, verskil nie wesenlik van dié in Westerse bepalings nie. Enkele voorbeelde kan genoem word. Artikel 56 van die 1977-grondwet van die USSR lui:

> The privacy of citizens, and of their correspondence, telephone conversations, and telegraphic communications is protected by law.

Artikel 46 van die 1978-grondwet van die Volksrepubliek van China lui:

> Citizens enjoy freedom to believe in religion and freedom not to believe in religion, and to propagate atheism.

Artikel 29 van die 1968-grondwet van die Duitse Demokratiese Republiek lui:

> Consistent with the principles and goals of this constitution, citizens of the German Democratic Republic have the right of association in order to pursue their interests through common action in political parties, social organizations, associations, and collectives.

Die belange van die werkers en die grondslae van die sosialistiese orde, is twee beperkingsgronde waardeur die meeste van hierdie regte gekwalifiseer word.[71] Ten spyte van bepalings wat voorsiening maak vir judisiële kontrole oor die handhawing en afdwinging van individuele regte,[72] kon nie in die beskikbare literatuur positiewe aanduidings gevind word oor die effektiwiteit daarvan nie.

Die sosiale, kulturele en ekonomiese regte word in kommunistiese grondwette volgens Szabó[73] uitvoeriger omskryf omdat dit die produktiwiteit van die individu verhoog om sodoende sy materiële welsyn te bevorder.[74] Die Westerse pogings om 'n balans te vind tussen staatsingryping ingevolge hierdie regte en die beperking van staatsoptrede ingevolge die sogenaamde vryheidsregte, word nie in kommunistiese stelsels aangetref nie. Wanneer dit van kommunistiese kant gestel word dat die handhawing van hierdie regte onontbeerlik is vir die handhawing van die politieke en vryheidsregte,[75] word die positiewe staatsoptrede wat vereis word in geval van die sosiale regte geredelik uitgebrei na die gelding van die liberale vryheidsregte. Szabó verklaar byvoorbeeld[76]:

> (T)he socialist state has the further obligation to secure that citizens make *real* use of these opportunities as rights. Thus eg as far as the freedom of the press is concerned, it would not suffice to introduce mere legal protection for its safeguarding

---

71 Peselj 347. As voorbeeld kan a 39 van die 1976-grondwet van Albanië genoem word: "The rights and duties of citizens are established on the basis of the reconciliation of the interests of the individual and those of the socialist society, with priority given to the general interest. The rights of citizens . . . cannot be exercised in opposition to the socialist order."

72 A 92 van die 1968-grondwet van Tsjeggoslowakye bepaal bv: "The Constitutional Court of the Czechoslovak Socialist Republic decides on the protection of the rights and freedoms guaranteed by the Constitution where they have been infringed upon by a decision or another intervention of a federal organ unless the law grants others judicial protection." A 388 van die grondwet van Joegoslawië (1974) bevat 'n soortgelyke bepaling. A 58 van die grondwet van die USSR lui oa: "Complaints may be brought to a court, in the manner established by law, against actions which violate the law or exceed the authority of officials and which infringe the rights of citizens."

73 75.

74 Sien ook Lörincz "Economic, social and cultural rights" in Halász 203, 209-10.

75 Lörincz 208.

76 66.

and to define the scope within which the press is free for the working people; the state also has the duty almost to 'create' press, to contribute through various measures to its unfolding in all fields of reporting, the political and technical spheres of press, etc.

Grondwetlike menseregtebepalings in kommunistiese state het 'n wesenlik ander betekenis en inhoud as dié in die Verenigde State en Wes-Europa.

5 AFRIKA

Die feit dat byna al die onafhanklikheidsgrondwette wat sedert die vyftigerjare in Afrika aangeneem is menseregtebepalings bevat het, kan aan verskillende faktore toegeskryf word. Die meeste nasionaliste wat hulle beywer het vir onafhanklikheid, het konsekwent hulle koloniale onderhorigheid belewe en vertolk as 'n aantasting van hulle menseregte. Die stryd vir politieke onafhanklikheid was gevoer op die grondslag van menseregte. 'n Tweede rede is dat hierdie state hulle onafhanklikheid gekry het toe die gedagte van menseregte reeds deur die verenigde volke organisasie in die universele verklaring van menseregte en die Europese koloniale moondhede in die Europese konvensie oor menseregte en fundamentele vryhede as't ware geïnternasionaliseer is; na-oorlogse grondwette bevat in die reël almal menseregtebepalings.[77] Derdens was die koloniale moondhede direk betrokke by die opstel van die nuwe grondwette en volgens Mbaya was die onafhanklikheidsgrondwette 'n middel om hulle eie regsopvattings en-tradisies ook na onafhanklikheid in die nuwe state voort te sit.[78] Die stelling word in 'n groot mate gesteun deur die benaderings wat in verskillende state met die formulering van die regte gevolg is.

Nadat Ghana in 1957 sonder 'n menseregtehandves onafhanklik geword het, is uitvoerige menseregtebepalings in 1960 in die onafhanklikheidsgrondwet van Nigerië geïnkorporeer. Aangesien die Verenigde Koninkryk self geen *bill of rights* het nie, was die bepalings hoofsaaklik gebaseer op die Europese konvensie oor menseregte en fundamentele vryhede en is daar voorsiening gemaak vir judisiële kontrole oor die beperking van die regte deur die wetgewende en uitvoerende organe. Met die uitsondering van Tanganjika, is hierdie patroon in al die ander voormalige kolonies nagevolg.[79] In 10 state word hierdie patroon nog "formeel" in die grondwette gehandhaaf[80] terwyl in drie daarvan die menseregtebepalings met die aanvaarding van nuwe grondwette

77 Mahalu 5.

78 "Jüngste Entwicklungen in den Afrikanischen Rechtsordnungen" in Berberich *et al* 300: "Die alten britischen Kolonien besassen auch geschreibene Verfassungen, die ganz anders waren als jene ihrer alten Kolonialmetropole. In diesem Fall hat die Ausarbeitung einer Verfassung zum Ziel, für den Gebrauch durch die Afrikaner schriftlich die Regeln des konstitutionellen englishen Systems festzulegen, dieses Modell zu konstruieren oder klarzustellen." Op 302 wys Mbaya daarop dat in Afrika suid van die Sahara alle amptelike grondwettekste in die taal van die koloniale moondhede geskryf was: "Solche Texte können auf keine Art und Weise ein Ausdruck der nationalen Kultur sein."

79 Read "The protection of human rights in municipal law" in Forsyth & Schiller 156.

80 Botswana, Gambië, Kenia, Mauritius, Nigerië, Sierra Leone, die Seychelle, Uganda, Zambië en Zimbabwe.

weggelaat is.[81] In voormalige Franse kolonies is in die aanhef tot die grondwet dikwels verwys na die Franse verklaring van die regte van die mens en die burger van 1789.[82] Die Britse en Franse invloed is opmerklik afwesig in grondwette van voormalige Portugese kolonies[83] en van Arabiese state waarin die Islam dominant is.[84]

Uit 'n praktiese oogpunt beskou, was die eksperiment nie suksesvol nie. Read[85] gee die volgende verklaring daarvoor:

> Circumstances attending the birth of African states did not appear propitious for the protection of human rights, which arose by reaction against, rather than imitation of, former colonial rule. The new states emerged often hurriedly from authoritarian colonialism with dominant nationalist movements but essentially weak political systems, with vulnerable opposition parties and institutions like the judiciary, the press and the professions too weak to exert effective pressures on government, with poor and poorly-educated populations and struggling economies – rocky soil for the nurture of human rights.[86]

Alhoewel dit nie korrek is om te beweer dat daar in voormalige Britse kolonies niks tereg gekom het van judisiële kontrole oor die handhawing van individuele regte nie,[87] was dit uiters beperk en in meeste gevalle sonder dat die uitvoerende en wetgewende gesag op enige noemenswaardige wyse aan bande gelê is.[88]

Ten spyte van hierdie toedrag van sake is dit nietemin opvallend dat die vervanging van talle onafhanklikheidsgrondwette met nuwe grondwette (waarvan weer eens talle onder militêre bewindhebbers vir korter of langer tye opgeskort word), die menseregtebepalings op enkele uitsonderings na[89] formeel behou word.[90] Hierdie verskynsel kan vanuit 'n siniese oogpunt bestempel word as bewys van die feit dat dit kortsigtig is van enige staat om nie sy internasionale aanvaarbaarheid te probeer verhoog nie deur die insluiting van menseregtebepalings in sy grondwet – afgesien van sy regeringsvorm en afgesien van sy erns met die saak. Dit mag egter ook wees dat Afrika nie die ideaal van menseregte laat vaar het nie en dat talle Afrikastate onder uiters moeilike omstandighede steeds poog om *vir Afrika* praktiese betekenis aan die ideaal te gee.

Afrika het 'n groot verskeidenheid state met uiteenlopende staatsinstellings en politieke ideologieë. Uit die "nuwe" grondwette en staatspraktyke kan nog geen duidelike eenvormige politieke ideologie ook ten opsigte van menseregte afgelei word nie.[91] In hierdie verband is die gesamentlike poging om binne die raamwerk van die organisasie vir Afrika-eenheid 'n *African charter on human and people's rights* daar te stel van besondere belang. Aan

---

81 Malawi, Lesotho en Swaziland.
82 Bv in die grondwette van Benin, Chad, die Republiek van Sentraal-Afrika, Djibouti, Gaboen, Guinieë, die Ivoorkus, Ruanda, Senegal en Zaïre.
83 Bv in Angola, Mosambiek en Guinië-Bissau.
84 Bv Algerië, Egipte, Libië, Marokko, die Sudan, Somalië en Tunisië.
85 156.
86 Sien ook Mbaya 305.
87 Soos in die algemeen blyk uit die bydrae van Read.
88 Read 164-73.
89 Sien n 81 hierbo.
90 Read 161.
91 Mbaya 301.

die hand van Benedek se ontleding van die konsep-handves,[92] kan enkele fasette uitgelig word wat daarop dui dat menseregte-ontwikkelings in Afrika meer genuanseerd benader behoort te word.

(a) Opvattings oor menseregte in Afrika word gekenmerk deur 'n gemeenskapsoriëntasie eerder as 'n beklemtoning van die individu soos in Westerse stelsels. Alhoewel daar in sommige state ongetwyfeld sprake kan wees van beïnvloeding deur kommunistiese idees,[93] word aanvaar dat 'n benadering weerspieël word wat duidelik onderskei kan word van die kollektivisme van Oos-Europa. Die kommunistiese benadering tot die regte van die individu is materialisties[94] en staatgeoriënteerd – daar word gekonsentreer op die staat as die enigste kollektiewe eenheid waaraan die individu trou verskuldig is. Met inagneming van snelle "modernisering", is regsopvattings in Afrika in 'n ander sin gemeenskaps-georiënteerd:

> In African traditional societies the human being could not survive apart from his people, the community, who in turn was dependent on the participation of all its constituent parts. Therefore the relationship between the individual and the group was not one of subordination but of complementarity, participation and dialogue.[95]

(b) Oor die presiese betekenis van die woord "people" in die uitdrukking "peoples' rights" bestaan onsekerheid. Die formulering van sekere van hierdie regte (byvoorbeeld die regte op selfbeskikking, op die vrye beskikking oor natuurlike rykdom en hulpbronne, op ontwikkeling, en op nasionale en internasionale vrede) dui daarop dat dit regte omskryf van die hele bevolking wat deur die staatsorgane teenoor buitestaanders beskerm moet word. Volgens Benedek[96] is daar egter ook aanduidings dat "peoples" verskillende subeenhede van die bevolking soos plaaslike gemeenskappe en ander intermediêre groepe kan insluit.[97] Ter wille van die behoud van nasionale eenheid is die gedagte van regte van subeenhede van die staatsbevolking egter nie 'n gewilde gedagte nie.[98] Hierdie houding doen nie afbreuk aan die feit dat talle Afrikastate ernstige minderheidsprobleme het waarvoor daar soos in die res van die wêreld, nog geen klinkklare demokratiese oplossings gevind is nie.

6 SLOT

Uit die voorgaande vergelykende oorsig kan sekere afleidings gemaak word oor die funksie van 'n menseregtehandves in die staatkundige toekoms van Suid-Afrika. Alhoewel menseregtebepalings in die grondwette van die wêreld groot verskeidenheid vertoon en met verskillende grade van effektiwiteit toegepas word, is daar weinig state sonder sulke bepalings. In 'n nuwe onderhandelde grondwetlike bedeling vir Suid-Afrika behoort en sal daar

---

92 "Peoples' rights and individuals' duties as special features of the African charter on human rights and peoples' rights" 12 *Verfassung und Recht in Übersee* 59-94.
93 Kunig 47; Benedek 63.
94 Sien teks teenoor n 74 hierbo.
95 Benedek 63 en sien ook Mbaya 299 en die besprekingsbydraes van Amoah en Vilikazi in Forsyth & Schiller 48-9.
96 70-1.
97 A 19 van die konsep-handves lui byvoorbeeld: "All people shall be equal; they shall enjoy the same respect and shall have the same rights. Nothing shall justify the domination of a people by another."
98 Die reg op selfbeskikking word dienooreenkomstig so vertolk dat dit nie toekom aan minderhede binne 'n staat nie – Benedek 68.

na alle waarskynlikheid ook sulke bepalings wees. 'n Verdere debat daaroor is moontlik slegs van akademiese belang.

Buite Noord-Amerika en Wes-Europa is die hoë verwagtinge dat 'n menseregtehandves (met of sonder judisiële kontrole) dié katalisator sou wees om konflik binne state op te los of te vermy, grotendeels nie verwesenlik nie. Ten einde enigsins 'n mate van sukses en effektiwiteit met die implementering van sulke bepalings te verseker, is dit dus nie voldoende om te volstaan met 'n enkele aanbeveling dat "'n menseregtehandves en judisiële kontrole" ingestel word nie. Dit is 'n ingewikkelder onderneming. Menseregtebepalings raak alle aspekte van die verhouding tussen die individu en owerheidsorgane. Dit behels aspekte van die individuele lewe waarmee die staat nie mag inmeng nie (die sogenaamde liberale vryheidsregte), aspekte waarin die staat 'n bydrae behoort te lewer tot die individuele welsyn (sosiale, ekonomiese en kulturele regte) en die deelname van die individu aan besluitneming van owerheidsweë oor sy wel en weë (politieke regte). Al drie hierdie kategorieë van regte is in Suid-Afrika in die brandpunt – om enigeen daarvan in die huidige debat uit te sluit, is sinneloos.

Uit die oorsig is dit duidelik dat daar oor die inhoud van die gewaarborgde regte 'n fundamentele benaderingsverskil tussen byvoorbeeld Westerse demokratiese en kommunistiese state bestaan. Verskillende benaderings is duidelik aanwesig in die Suid-Afrikaanse politieke debat. Wanneer 'n menseregtehandves aanbeveel word, behoort hieroor ook standpunt ingeneem te word. Daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat in hierdie verband voor onversoenbare standpunte te staan gekom sal word. Die gevaar kan verminder word indien in gedagte gehou word dat alhoewel veel geleer kan word uit die ervaring van ander state, die inhoud van 'n Suid-Afrikaanse handves bepaal sal word deur die verstandhouding wat *hier* bereik sal word oor die wyse waarop die politieke en sosio-ekonomiese probleme *hier* opgelos behoort te word. In hierdie verband is die ervaring met menseregtehandveste in Afrika van besondere belang: nie in 'n negatiewe sin en as verskoning om die handhawing van menseregte ook in hierdie deel van Afrika as 'n hopelose saak af te skryf nie, maar omdat Suid-Afrika se staatkundige, ekonomiese en maatskaplike probleme dié van Afrika is en ons nou eers ten volle voor die uitdaging te staan kom om daarvoor oplossings te vind – ook in terme van "menseregte".

In sy openingsrede van die vergadering van deskundiges wat die konsephandves oor menseregte in Afrika opgestel het, het president Leopold Senghor op 8 Desember 1979 in Dakar verklaar[99]:

> You have therefore to be careful so that your charter may not be a charter of the rights of "the African Man". Mankind is one and indivisible and the basic needs of man are similar everywhere. There is neither frontier, nor race when the freedoms and rights attached to the human being are to be protected. That does not mean that we have to give up thinking by ourselves and for ourselves. Europe and America built up their system of rights and freedoms by referring to a common civilization: to their respective peoples and to specific aspirations. As Africans, we shall neither copy, nor strive for originality, for the sake of originality. We must show imagination and effectiveness. We could get inspirations from our beautiful and positive traditions. Therefore, you must keep constantly in mind our values of civilization and the real needs of Africa.

---

99 Die volledige teks van die openingsrede is gepubliseer in 12 *Verfassung und Recht in Übersee* 121-4.

5 Practical workings of a bill of rights

Mr Justice JM Didcott

So that you may not be influenced unduly by what I shall say this morning, I must begin by warning those of you who do not know it already that I am no scholar. Nor in particular am I an expert on constitutional law. I can claim some acquaintance with the United States bill of rights and its workings, gained unsystematically over the years. But I am not well versed, I confess, in the details or functioning of other and newer bills of rights. The judicial work I have had to do since I was invited to participate in this conference has left me with insufficient time, what is more, for the research which the occasion deserved, the research which I wish I could have found the opportunity to devote to it. Perhaps, however, you will not mind. A number of distinguished scholars addressed you yesterday and more are due to do so today. What is expected of me, as I understand it, is not to imitate them unsuccessfully, but simply to kick this day's ball into play by suggesting some lines of thought which strike me as worthwhile.

According to the programme for the conference, yesterday was devoted largely to the idea of a bill of rights while today is to be spent more on the shape which a bill of rights might take in South Africa and how one would be likely to work. Being an enthusiast for the cause, I am happy to find myself speaking at a stage which postulates the acceptance in principle of a bill of rights. Since one cannot talk about the sort of bill of rights one would like to have without some discussion of the idea itself, however, the treatment of the two topics is bound to overlap. Unfortunately I could not attend the conference yesterday, with the result that I do not know to what extent my remarks will amount to repetition. I hope they will not in any large measure and that, if as it happens they do, you will bear with me.

The first point I want to make about the kind of bill of rights one envisages for South Africa is that it must, I believe, be linked with the power of judicial review, as the Americans call it, with the power of the courts to strike down as invalid all statutes and subordinate legislation and all executive and administrative acts which are incompatible with the bill's provisions. Judicial review, to my mind, is fundamental. It comes with the territory. Without it the requirements of your bill of rights are unenforceable and the bill itself is nothing but a list of highfalluting sentiments. The report of the president's council which dealt with a bill of rights held one to be unnecessary here because the common law of South Africa by and large recognised the very freedoms, or the more important of them at any rate, which a bill of rights would guarantee. That is certainly the effect of our common law. Yet the finding ignored altogether the snag, obvious to the most unsophisticated lawyer, that parliament can ride roughshod over the common law and has done so time and again throughout our history, not least in the area of personal liberty. When one has in mind an effective bill of rights one can conceive

therefore only of a bill of rights entrenching basic liberties which is the supreme law of the land on the issues it governs, taking precedence over all statutes. Parliamentary sovereignty, in other words, has to yield. Parliament's powers must be subordinated to the dictates of the bill of rights. Once that is achieved parliament itself cannot be the judge of whether its enactments conform to the bill of rights or whether it has exceeded its powers by producing legislation repugnant to such. That stands to reason. Some other arm of the constitution has to decide the question whenever it arises. And the constitutional arm best equipped to do so is surely the judicial one.

An objection to this extension of judicial power has been lodged in the United States many times over the years. Why should judges appointed and not elected, the question is asked, have the power to frustrate the will of the democratically elected legislature they have, and we look forward to having, by striking down its enactments? The answer is not that the judges are wiser than anyone else. They are not. But they have, I suggest, three important and distinctive attributes. First of all, they have no constituency to which to pander. They are not subject to the pressures which politicians experience. They do not lose their jobs as the result of unpopular decisions. Secondly, they are professionally trained to decide issues; they are professionally accustomed to deciding issues, on grounds of principle and for reasons which, being open to public scrutiny and vulnerable to public criticism, have to be articulated convincingly. Thirdly, their whole experience is one of weighing and endeavouring to balance interests which clash. That is what the law is all about. Decisions on questions arising from a bill of rights are essentially balancing acts. The rights and liberties of the individual must be weighed against the good of the community as a whole, or what is thought by the legislature or the executive to be such. Judges are no strangers to tasks of that sort.

I have not overlooked, I should mention, the criticisms levelled sometimes at the track record of the South African judiciary when the liberties of the subject have been at stake. This is not the occasion to debate the point. Two remarks seem, however, to be pertinent. The first is this. Not even the sternest critic of our judiciary would maintain, I feel sure, that any other organ of the constitution, any alternative instrument for the enforcement of a bill of rights which was on the cards, had a better record on that particular track. My second observation concerns the complaint lodged most frequently against our judiciary. I have in mind what is said to be its infatuation with the literal sense of the words appearing in statutes. Well, if the charge is a fair one, think what an advantage the infatuation may turn out to be once the statute governing the case is a bill of rights. That great defender of American liberties, Justice Hugo Black, achieved the results which won him his reputation by strictly literal interpretations of the United States bill of rights. Freedom of speech, he insisted, meant freedom of speech and nothing less. No exceptions or qualifications were noted in his book.

It is suggested sometimes that litigation under a bill of rights should be entrusted to a specially created constitutional court dealing with such matters alone. I do not like the idea in the least, I must say, for this country at all events. Issues concerning a bill of rights often have a strong political flavour. Often they are politically controversial. Often they have political consequences. Appointments on political grounds to a special constitutional

court would surely prove to be likelier in those circumstances than politically inspired appointments to the ordinary courts of the land, where the need for judges with experience of and expertise in the daily round of litigation, much of it highly sophisticated, serves as a filter a good deal of the time. Nor would it be the end of the problem to devise a system which met satisfactorily the danger of political appointments. One would be left with the unhealthy situation in which, because the constitutional court did nothing but work noticeably political, the public suspected its decisions, imputing political reasons to and looking for political motives behind such. It would tend to be distrusted, one fears in short, much more than the ordinary courts. For litigation involving a bill of rights to be kept within the mainstream of the judicial process would, I feel sure, be much better.

Turning now to the characteristics of the bill of rights I would like to see here, I must disclose a bias. Perhaps because it is the bill of rights I know best, indeed the only bill of rights of which I have any real knowledge, I feel strongly partial to the United States bill of rights. Even those without my bias must admit, however, that it has proved itself to be remarkably resilient and effective. Its earliest provisions have been on the statute book for almost two hundred years. The rest that matter have lain there for well over a century. During that period the United States has grown from nothing much into a super power, expanding its territory enormously, increasing its population greatly, transforming its society radically, and assimilating in vast numbers immigrants of different races, cultures, languages and religions. For much of the time the country has been torn by internal conflicts and clashes of interest. It has undergone a bloody civil war and a ferocious industrial revolution. That it has survived and progressed as a unified state despite such conditions for instability and disintegration looks rather like a modern miracle. The United States constitution and its bill of rights must surely take much of the credit. The history of the United States is relatively so short that one tends to forget the age of its constitution, the oldest written one in the world today. A constitution like that, a constitution which has weathered such storms, has a lot to teach those making constitutions elsewhere.

The most important single reason for the durability and effectiveness of the United States bill of rights may well be found in its wide and general terms, in its avoidance of the specific, in its lack of definitions, explanations and adumbrations. Let us take a look at some of its provisions. And let us consider the sort of questions they pose, the sort of questions of greater or lesser importance that have actually arisen, which they do not answer, in so many words at all events.

Congress is forbidden by the first amendment to enact any law "respecting an establishment of religion or prohibiting the free exercise thereof, or abridging the freedom of speech or of the press". Is religion established when public funds or facilities are made available to schools owned and run by the church, when public land is used for the celebration of religious festivals or the display of religious symbols? Is the free exercise of religion prohibited when the use of public land for such purposes is denied on the other hand or, to change the subject, when religious pacifists are drafted for military service? And what is really meant by freedom of speech? What is speech? It is surely not confined to the spoken word, but encompasses the written

one as well. But does it cover in addition any message, a message conveyed for instance pictorially or by gesture? And what account must be taken of content and character, as distinct from form? Is libel protected? Is obscenity? Are racial insults? Are threats and incitements to violence? How great, in any event, is the freedom secured? And what kind or measure of interference has the effect of abridging such? Unless you are a Justice Black, you will find in the wording of the first amendment no easy answer to quite a number of these questions.

The fourth amendment proclaims that "the right of the people to be secure in their persons, houses, papers and effects against unreasonable searches and seizures shall not be violated". And "no person", the fifth amendment insists "shall be compelled in any criminal case to be a witness against himself". Now when is a search or seizure unreasonable? And what amounts in the first place to a search or seizure? Is electronic surveillance, bugging, a search? Is it a seizure to take from somebody against his will a sample of blood which is needed to test intoxication? Does the result of the test, if positive, make him a witness against himself the moment it is proved? Does he become such on the production in court of a confession which he has made under interrogation or of a fingerprint which has been obtained from him? Then what follows from an infringement of the fourth or fifth amendment? Is the result a total embargo on the evidence collected illegally, and not only on that but also on its tainted fruit, on all information elicited independently yet sought consequently?

The sixth amendment entitles every person accused of a crime "to have the assistance of counsel for his defence". What happens should he find himself unable to pay for the services of one? Must the assistance be provided at public expense? Must it be made available, what is more, not just at his trial but earlier too, during any interrogation which precedes such for instance, indeed as soon after his arrest as it can be provided? "Cruel and unusual punishments" are banned by the eighth amendment. Is corporal punishment cruel and unusual? Is capital punishment?

No single state is allowed, so the fourteenth amendment stipulates, to "make or enforce any law which shall abridge the privileges or immunities of citizens of the United States" or to "deny to any person within its jurisdiction the equal protection of the laws". How wide are those privileges and immunities? And how far does the guarantee of equal protection go? Is the fourteenth amendment violated whenever a state enjoins or tolerates racial discrimination in public schools, in public transport, in public accommodation, or when it does so for that matter with reference to private amenities which are subject to regulation or licensing, when it does so in relation to the ownership or occupation of land which is privately held? Is affirmative action hit, although it discriminates in order to alleviate the effects of past discrimination? Is differentiation between the sexes covered and, if so, in what field does it find itself beyond the pale? Are imbalances of various kinds outlawed in such areas as welfare benefits and public assistance programmes, employment practices and government contracts, the apportionment of legislative districts and the consequent value of votes?

Last for the time being, but by no means least, one has the "due process" clauses of the fifth and fourteenth amendments, the one general in its scope,

the other dealing explicitly with the powers of the individual states and limiting those. "No person shall be . . . deprived of life, liberty or property", the fifth amendment decrees, "without due process of law". Sounding at first so simple and straightforward, these statements have turned out to be highly plastic, to be versatile instruments for the development of American constitutional law along lines both imaginative and dynamic, as well sometimes as controversial. "Procedural due process", the courts have held, is not all that counts and has to be observed. So does "substantive due process", focusing not so much on means as on ends, invoking fundamental values, or what are perceived to be such, which the bill of rights does not separately protect and may not even identify, but which are thought worthy all the same of protection. Nobody may be deprived of life, liberty or property, according to this doctrine, once it is incompatible with such values for that to happen to him. The doctrine served initially to protect economic and proprietary interests. It no longer operates so narrowly, but reaches now into many corners. Its implications can be seen in the judgments invalidating, for instance, legislative bans on the sale of contraceptives and on the performance of abortions during the early stages of pregnancy. These were viewed as unconstitutional infringements of personal freedom.

24 Aw vii-viii ev. Hy wys op die eed (ingevolge a 10(2)(*a*) van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959) waarvolgens regters 'n eed aflê: "to administer justice in accordance with the law and customs of the Republic of South Africa." Dit volg wel hieruit dat regters gebonde is om gevolg te gee aan onregverdige sowel as aan regverdige wette. Dit beteken egter nie dat regters morele blaam kan vryspring indien hulle onregverdige wette toepas nie. Hy ondersoek egter nie gevalle van morele blaamwaardigheid nie maar wel daardie gevalle: "in which the application of reason to the sources of law does not reveal a clear picture of the law and the judges chose from one of a number of alternative interpretations in applying the law." Uit hierdie nadere ondersoek van regterlike keuse poog hy dan om regterlike tendense en beleid onderliggend aan die beslissings uit te wys. Hy ondersoek dus die wyse waarop die regters gereageer het op die keuses en opsies wat bestaan het by "administering politically charged laws in a highly ideological policy".

25 Hierdie standpunt van Cameron kan gevind word op 52 ev. Vgl ook Corder 238 en Forsyth *In Danger for their Talents* 225.

26 Corder 240. Alhoewel daar simpatie was in beslissings vir individuele ongeregtighede: ". . . the court was very seldom prepared to extend such relief to an individual when the consequences of such action would connote like treatment for a much larger number of people in the position of the appellant." Hy vervolg op 241: "If criticism is to be made, it must be that the AD failed to display a positive commitment to justice on those occasions when the legislative will was advancing injustice in the social formation. In this way, the judges unwittingly aided the development of the socio-legal system which ignores many of the basic principles of justice in South Africa today." Van der Merwe in 1986 *THRHR* 241 op 244, kom tot dieselfde gevolgtrekking: "Corder has, on the whole, convinced even the most sceptical reader that the appellate judiciary, when faced with a 'political issue' were often motivated (whether consciously or otherwise) by extraneous factors in their interpretation of the law to fit the facts of the case before them."

27 Forsyth *In Danger for their Talents* 226, 236.

28 Forsyth *In Danger for their Talents* 236 ev stem saam met Cameron (n 20 en 21) veral op 74 dat dit veral sedert die tydperk van oud-hoofregter Steyn was dat die howe "executive-minded" begin word het en sê op 226: "This willingness to place proper restraint upon the authorities has been abandoned by the court. During the late 1950s

Mathews[29] wys ook op die totale gebrek aan regterlike aktivisme veral sedert 1950 toe 'n totale aanslag op vryheid en legaliteit begin het. Hy wys dan ook in hierdie verband op die feit dat die regbank skuldig was aan "judicial dereliction" omrede daar telkemale 'n teenoorgestelde beslissing moontlik was en omrede die howe ten spyte van statutêre beperkinge tog 'n mate van jurisdiksie behou het by wyse waarvan hulle individuele vryheid sou kon beskerm.

Dit blyk dus dat daar op grond van gesaghebbende navorsing in hierdie verband eenstemmigheid bestaan oor die feit dat die regters die keuses toegepas het ten gunste van die *status quo* en dat hierdie "executive-minded"-houding daartoe aanleiding gegee het dat die vryheidsgesinde regswaardes negeer is en dat die individuele regte en vryhede nie beskerm is nie. Hierdie was die geval beide wat betref die ongelyke uitwerking van die apartheidswetgewing sowel as die uitwerking van die veiligheidswetgewing wat vir arbitrêre en ongekontroleerde uitvoerende bevoegdhede voorsiening gemaak het. Daar is gevolglik volle werking verleen aan die waardesisteem soos vervat in die onregverdige wetgewing en die volle konsekwensies van hierdie wetgewing het die individu getref, nieteenstaande die feit dat dit telkens moontlik was vir die howe om eerder 'n keuse te maak ten gunste van die beskerming van menseregte. Hieruit is dit dus duidelik waarom die bevelteorie van positivisme so gewild is – dit dien as gerieflike dekmantel vir die toepassing van die waardes van die *status quo* deurdat verklaar word dat die wette (die draers van hierdie waardes) bloot meganies toegepas word en dat waardeoordele (wat die toepassing van die vryheidsgesinde regswaardes in berekening bring) geen rol het om te speel nie. Daar is verskeie redes vir hierdie houding van die regbank wat gesien kan word as die oorsake agterliggend aan die aanvaarding van hierdie positivistiese regsteorie.

(a) Die Westminster staatsregtelike model

Hierdie regeringstelsel wat Suid-Afrika in 1910 van Brittanje geërf het, is gebaseer op die grondbeginsel van parlementêre soewereiniteit.[30] Ingevolge

---

and 1960s in case after case the court sought to avoid all conflict with the executive authorities." Alhoewel toegegee word dat die regeringsbeleid met sy ideologie van apartheid en toenemend drakoniese wetgewing op rasseverhouding- en veiligheidswetgewinggebiede nog meer bygedra het tot die feit dat die howe handhawers van die *status quo* eerder as beskermers van menseregte was, was die prentjie voor 1950 egter geensins so rooskleurig nie – soos die ondersoek van Corder na appèlhofsake vanaf 1910 tot 1950 ook duidelik uitwys: sien n 26. Hierdie standpunt is ook duidelik uit 'n koerantberig: Jost in 'n artikel wat herdruk is uit die *Los Angeles Daily* van 10/2/1986 skryf: "The legal positivist philosophy – viewing the judge's role to enforce the law as it is – antedates the apartheid regime, but has served it well by cutting off any judicial enquiry into the justice of the web of racial separation and police state laws." Hy vervolg deur daarop te wys dat slegs 'n minderheid van regters ontvanklik sal wees vir argumente soos in die onderhawige relaas wat daarop gerig is om die keuse wat regters het by uitsprake aan hulle uit te wys.

29 Mathews 202-5 bespreek sake wat gefaal het om individuele vryheid te beskerm, die negering van die vereistes van *due process* bewerkstellig het en derdens gefaal het om arbitrêre amptelike optrede van regeringskant aan bande te lê en vra (voor *Hurley* se beslissing – sien n 55) dat die howe nie moet toelaat dat uitsluitingsklousules hulle jurisdiksie totaal uitsluit nie. Sien ook in hierdie verband Dugard "Some realism" 383-6.

30 Corder 244 ev wys daarop dat die konstitusionele model in Suid-Afrika aan die regsprekende gesag die swakste posisie van die drie regeringsvertakkinge toeken. Hierdie is veral te wyte aan die posisie van die oppermagtige parlement.

hierdie beginsel beskik die howe nie oor 'n toetsingsreg ten opsigte van parlementêre wetgewing nie en word die swakste posisie van die drie regeringsvertakkinge aan die regsprekende gesag toegeken. Dit is duidelik dat die bevelteorie van positivisme waarvolgens die howe verplig is om die bevel van die parlement (soos dit uitdrukking vind in wetgewing) toe te pas, goed inpas by hierdie soort van regeringstelsel. Anders as sy Britse eweknie, het die Suid-Afrikaanse regbank egter reeds met die sogenaamde *Harris*-beslissings 'n prosessuele toetsingsreg opgeëis wat vandag deur die grondwet erken word en tot gevolg het dat die howe alle wette kan toets en nietig verklaar indien daar nie voldoen is aan die grondwetlike wetgewende prosedure-vereistes nie.[31] Hiermee is die beginsel van absolute parlementêre soewereiniteit dus reeds afgewater. Huidiglik moet egter toegegee word dat die Westminstertradisie van parlementêre soewereiniteit nog hoogty vier en beslis een van die oorsake is waarom die howe onder die dekmantel van 'n positivistiese regsteorie aandring op 'n blote meganiese interpretasie van wetgewing ingevolge waarvan gebuig word voor die wil van die wetgewer selfs in gevalle waar keuses ten gunste van die individu moontlik is.

(b) Die negatiewe invloed van die Engelse regbank

Daar is so pas gewys op die baanrekord van die Engelse regbank waarvolgens eenvoudig gevolg gegee word aan die wetgewer se wil. Mathews[32] wys in ooreenstemming hiermee daarop dat die logiese en analitiese beslissings van die Engelse regbank tog ook die negatiewe gevolg gehad het dat daar 'n onwilligheid was om hom te begewe op die terrein van belange- of beleidsanalise in geval van regskonflikte.[33] Hierdie tendens het oorgewaai na die Suid-Afrikaanse regters wat insgelyks ongeneë is om in te gaan op die werklike beleidsimplikasies van byvoorbeeld die veiligheidsetgewing.[34] Ook die Engelse tradisie met sy oormatige ontsag of eerbied vir die uitvoerende gesag en sy fanatiese vermyding van "politics" het hierheen oorgewaai[35]:

> It remains a mystery why the court is above politics when it makes an executive-minded ruling and politically embroiled when it rules in favour of individual liberty against the executive.

---

31 Kyk vir 'n volledige bespreking van parlementêre soewereiniteit en die toetsingsbevoegdheid van die Suid-Afrikaanse howe: Basson en Viljoen *Studentehandboek vir die Suid-Afrikaanse Staatsreg* (1986) 276-320. Kyk verder 321-33 vir 'n bespreking van die prosessuele toetsingsbevoegdheid van die howe ingevolge die Grondwet van 1983.

32 205 ev. Die Engelse regters word bewonder vir hulle uitsprake wat dui op "legal craftsmanship and it depends upon the command of the rational techniques of deductive logic, precedent evaluation and analogical reasoning."

33 206 ev. Agter teenstrydige eise van "legal right and entitlement" lê konflikte van beginsel, beleid en belang.

34 *Ibid.* Indien die regters dieper sou ingaan op Suid-Afrikaanse veiligheidswetgewing, sou hulle besef dat dit nie slegs wet en orde bevorder nie maar ander meer twyfelagtige belange en beleid bevorder, in besonder die politieke kontrole oor diegene sonder die stemreg en die onderdrukking van teenstand teen die amptelike beleidsrigtings. Indien hulle tot hierdie besef sou kom, sou regters baie meer onwillig wees om menseregte op te offer vir 'n program wat sulke twyfelagtige belange dien.

35 *Ibid.* In hierdie verband verwys hy na Lord Parker se opmerking in die *Zamora*-saak ((1916) 2 AC 77 (PC) op 107) wat steun verleen aan standpunte in Suid-Afrika wat daarop neerkom dat die uitvoerende gesag die alleenbevoegdheid moet hê om te bepaal welke getuienis weerhou moet word van die howe in sake van nasionale veiligheid op grond daarvan dat dit gepriviligeerde inligting bevat. Hierdie houding gee aanleiding tot beskuldigings dat kritici wat beslissings begeer wat meer gunstig is vir die behoud van basiese menseregte, die regters in die politiek wil insleep en dat die standpunt aangehang word dat die regterlike funksie essensieel 'n neutrale meganiese taak is.

Daar bestaan dus min twyfel dat die Engelse invloed veel daartoe bygedra het dat die regsteorie van positivisme vandag in Suid-Afrika so 'n groot aanhang geniet.[36]

(c) Die invloed van regsopleiding

Ook hierin word die Engelse voorbeeld nagevolg en word positivistiese regsteorieë (veral die verwerplike bevelteorie) verkondig. Hierdie kom neer op growwe akademiese versuim om eerder 'n studie te maak van regswaardes soos vervat in die leerstuk van die *Rule of Law* en die *Rechtstaats-beginsel*.[37] Hierdie vorm van positivisme is voorgehou as die enigste ware of geldige regsteorie en as gevolg hiervan het dit ook die regsteorie geword waarmee die regspraktisyns en regters (wat hierdie regsopleiding ontvang het) hulle mee vereenselwig het.

(d) Die agtergrond en persoonlikheid van regters

Corder[38] kom ook tot die gevolgtrekking dat die opleiding van regters wel as rede aangevoer kan word vir die gebrek aan aktivistiese uitsprake en voeg nog die volgende oorsake hieraan toe: opvoeding en rasse- en klasseagtergrond. Die regters druk hierdie invloede dan uit in terme van 'n positivistiese aanvaarding van die konsep van parlementêre soewereiniteit. 'n Ander oorsaak wat hy identifiseer, is die bewus-wees van die politieke realiteite wat dan aanleiding gee tot beslissings ten gunste van die *status quo*.[39] Forsyth omskryf hierdie sieninge[40] en verklaar dat die kenmerkend konserwatiewe agtergrond van regters sowel as die verandering in die politieke klimaat in die land (dit wil sê die siening dat velerlei bedreigings bestaan) albei 'n effek gehad het op regterlike tendense ("trends"). Hierdie oorsake kan egter bloot uitsprake beïnvloed en nie bepaal nie en om hierdie rede is

---

36 Dugard *Human rights and the South African legal order* (1977) (hierna verwys na as *Human rights*) 393-7 wys daarop dat die Engelse positivisme verantwoordelik was vir die regspositivisme in Suid-Afrika. Positivisme het Suid-Afrika nie gedien as 'n gids tot die denke oor die reg nie: ". . . it has discouraged lawyers from playing a more active role in the protection of those principles which make up the country's legal heritage."

37 Mathews 208. Hy verwys na die betreurenswaardige beslissing van die House of Lords in die saak van *McEldoweney v Forde* (1969) 3 WLR 179 wat op 'n "executive-mindedness' dui en wat die futiliteit aandui van 'n proses om individuele regte deur die howe te handhaaf. Indien Suid-Afrika van 'n soortgelyke lot gered moet word, is 'n nuwe regsfilosofiese tradisie dringend nodig. Kyk ook in hierdie verband Basson en Viljoen 360-376. Hierdie studente-handboek onderskryf 'n sogenaamde "regsfilosofiese" benaderingswyse tot die staatsreg wat regswaardes betrek en volg die *Rechtstaats*-benadering.

38 237-8: "In the final analysis, the overall picture which emerges is one of a group of men who saw their dominant role as the protectors of a stability in the social formation of which they formed an integral part. This conception of their tasks was, doubtless, influenced by their racial and class backgrounds, education and training. The judges expressed it in terms of a positivistic acceptance of legislative sovereignty despite a patently racist political structure, and of a desire to preserve the existing order of legal relations, notwithstanding its basis in manifest social inequalities."

39 48, 240.

40 Forsyth *In Danger for their Talents* 227-8.

die verband tussen die oorsake en die "executive-minded" uitsprake onduidelik en onseker, alhoewel toegegee moet word dat dit wel uitsprake beïnvloed.[41]

Welke oplossings kan aanbeveel word ten einde hierdie gebrek aan aktivisme van die Suid-Afrikaanse regbank aan te suiwer?

(a) 'n Nuwe regsteorie

Aangesien al die bogenoemde oorsake terugherlei kan word na 'n aanvaarding van die bevelteorie van positivisme, moet 'n nuwe regsteorie die plek daarvan inneem. Dit is noodsaaklik dat die opvatting dat hierdie vorm van positivisme die enigste ware en korrekte regsteorie is, sonder versuim die nek ingeslaan word.

Dugard[42] bepleit dienooreenkomstig 'n nuwe benadering tot die reg wat die siening van die Amerikaanse realiste en die relativistiese natuur-regsteorie verenig. Die doel van die realiste was weliswaar om die reg te ondersoek soos wat dit "is", maar hierdie ondersoek is juis gedoen om die hervorming van die reg soos wat dit "behoort te wees" te regverdig. Die reg moet hervorm word ingevolge die ware regswaardes wat die vryheidsgesinde Westerse regstradisie onderlê en gevolglik moet die regters eerder hul keuses uitoefen ingevolge hierdie regswaardes en nie ingevolge die waardes van die *status quo* nie.

'n Moderne, gesofistikeerde positivis soos Forsyth[43] verskil natuurlik van hierdie opvatting en verklaar dat hierdie benadering van Dugard (wat ooreenstem met die benadering van Dworkin)[44] onrealisties ambisieus is omrede die blote verbetering in die regsfilosofiese kennis van die regters nie die probleem sal oplos nie.[45] Alhoewel daar toegegee kan word dat die blote verandering

---

41 228. Forsyth kritiseer die standpunt van Wacks op 230. Wacks verklaar dat regters geen keuse het nie omrede hulle die enkele korrekte antwoord op elke vraag vind in die gemeenskapsmoraliteit – wat in Suid-Afrika die blanke moraliteit is en gevolglik tot "illiberal" antwoorde aanleiding gee wat die waardes van apartheid onderskryf: die korrekte antwoord is dus altyd "verkeerd". Regters moet dus eerder bedank omdat hulle geen keuse het nie. Forsyth (232) wys egter daarop dat regters juis daarop aandring dat hulle bloot meganies optree en dus nie moraliteit toepas nie: sy ondersoek het dan ook bevind dat die appèlhof vry is van rassevooroordeel. Hy stem dus eerder saam met die standpunt van Dugard dat dit nie veel sal beteken as regters bedank nie.

42 Dugard *Human Rights* 366-88.

43 Forsyth *In Danger for their Talents* 130 ev.

44 Forsyth *Judicial Process II* 227 ev: Hy verklaar dat Dugard bloot 'n besondere teorie van die reg (*vulgar Austinianism*) aanval en nie die positivisme self nie. Hierin stem sy standpunt ooreen met dié van Dworkin *Taking rights seriously* (1977) veral op 14-80. Regters het geen diskresie by die beslissing van "hard cases" nie maar moet verskeie beginsels in ag neem wat hulle beslissings sal bepaal. Forsyth vra hoe gaan jy die bindende beginsels identifiseer deur die reg soos wat dit "is", terwyl Dworkin daarop wys dat daar streng onderskei moet word tussen die reg soos wat dit behoort te wees en die reg soos wat dit is en daar is geen "master rule" ingevolge waarvan vasgestel kan word welke beginsels bindend is nie. Hy sluit dus by Dugard aan wat ook verklaar dat in die geval van hierdie "hard cases" (Dugard noem dit die gebiede van die reg waar daar 'n keuse tussen verskillende interpretasies bestaan) die beginsels van die natuurreg (relativisme) gevind moet word. Dugard identifiseer dan hierdie regswaardes of regsbeginsels (n 11).

45 323. Hy is self nie gekant teen die toepassing van waardes nie! 223-225 van "Judicial Process II": 'n Positivis mag morele oortuigings hê en daarvolgens handel maar positivisme as epistomologie bied slegs 'n pad na kennis en nie verligting van morele

in die regsfilosofiese benadering tot die reg[46] nie opsigself dalk genoegsaam sou wees om aktivistiese uitsprake ten gunste van menseregte te verseker nie en dat ander oplossings (soos hieronder bespreek) ook toegepas moet word, kan dit nie ontken word nie dat die verwerping van hierdie vorm van positivisme veel daartoe sal bydra om die legitimiteit van "executive-minded" uitsprake te bevraagteken. Dit word dus in oorweging gegee dat 'n nuwe regsfilosofiese benadering dringend noodsaaklik is en dat daar in hierdie verband gekyk moet word na die Amerikaanse tradisie soos weerspieël in werke van skrywers soos Dworkin, Pound, Llwellyn en Fuller[47] asook dat daar lig opgesteek word by die Europese tradisie van die *Rechtstaatsidee*.[48]

(b) Die aanstellingswyse van regters

Omrede die agtergrond van die regters uitsprake beïnvloed en regters in Suid-Afrika uit ongeveer dieselfde agtergrond afkomstig is, is dit nodig dat daar indringend gekyk word na die wyse waarop regters aangestel word. Ten einde die neiging om die waardes van die een dominante groep waaruit die regters aangestel word, toe te pas, aan bande te lê, is dit noodsaaklik dat regters ook uit die ander groepe as die blanke groep aangestel word.[49] Ten einde objektiwiteit nog verder te bevorder moet daar ook gewaak word teen bloot politieke aanstellings en moet alle aanstellings slegs op meriete geskied en moet alle regters dan ook alle soorte van sake (ook dié waar die individu en die staatsgesag in konflik staan) verhoor.[50]

(c) Herroeping van onregverdige wetgewing

Indien daardie statute wat onregverdig is vanweë die ongelyke behandeling van individue op die basis van rasseskeiding (apartheidswetgewing) sowel as daardie statute wat op 'n arbitrêre en ongekontroleerde wyse inbreuk maak op individuele vryheid (veiligheidswetgewing) van die wetboek geskrap word,[51]

---

dilemmas nie. Hy sal die morele dilemmas so goed moontlik die hoof bied en kan selfs besluit om 'n onregverdige wet nie te gehoorsaam nie, maar hy sal nie ontken dat dit regskrag het nie. Myns insiens kritiseer hy die benadering van Dugard maar kan nie 'n ander oplossing bied as die verandering van die reg by die keuses wat 'n regter moet uitoefen nie. Hy verklaar dat die positivisme van Dugard bloot 'n simptoom is en nie die oorsaak van regters se "pro-executive" houding nie. Verderaan verklaar hy egter self dat die meganiese siening van die regterlike funksie te wyte is aan die onwilligheid om tot dispute met betrekking tot moraliteit en politiek toe te tree (*supra*).

46 Vir 'n pleidooi in hierdie verband kyk Basson en Viljoen 360-76 wat 'n regsfilosofiese benaderingswyse tot die reg bepleit en in hierdie verband oa volledig na Dugard verwys.

47 Mathews 209. Hierdie is dieselfde standpunt as dié van Dugard (n 42) wat 'n nuwe regsfilosofiese benadering bepleit ten aansien van die rol van die howe in Suid-Afrika en wat in hierdie verband die regsteorie van die Amerikaanse realiste (Pound) verenig met 'n relativistiese natuurregsteorie wat regswaardes bevorder.

48 Vir 'n volledige bespreking van die regstaatsidee kyk Basson en Viljoen 365 en 374-5.

49 Erasmus 28 ev; Corder 244 ev. Corder 244 ev wys in ooreenstemming hiermee daarop dat die aanstellingwyse van regters daartoe aanleiding gee dat dieselfde soort van mense in die parlement (wat aanstellings beheer – die betrokke minister) en op die regbank sit: "assuring the forging of a close allegiance of character between the members of the Bench and Parliament."

50 Kentridge "Telling the truth about law" 1982 *SALJ* op 652.

51 Erasmus 12-3; beide die wetgewing wat voorsiening maak vir 'n rigiede skeiding van die rasse (veral instromingsbeheer en burgerskapsreëlings) en wat 'n groot deel van die bevolking uitskakel uit die politieke prosesse en diskriminasie institusionaliseer op die basis van die *separate but unequal*-leerstuk sowel as veiligheidswetgewing van 'n

sal die dilemma van die regbank opgelos word omrede die regswaardes wat die wette beliggaam dan in ooreenstemming gebring sal word met die regswaardes wat die vryheidsgesinde regstelsel onderlê. Gesofistikeerde positiviste[52] sien die oplossing vir die dilemma hierin geleë, eerder as in die toepassing van 'n nuwe regswaarde-georiënteerde benadering tot die reg. Soos dit ook met aanstellings van regters die geval is, is hierdie oplossing egter afhanklik van die instemming van die regering van die dag en lê dit nie op die gebied van die regbank om statute te wysig nie.

(d) Die opvoedkundige taak van die howe

Alhoewel die howe nie wetgewing kan wysig nie, is dit wel die taak van die regbank as die bewaarder van beskaafde regswaardes[53] om hom uit te spreek teen bestaande onregverdige wetgewing wanneer die geleentheid hom voordoen. Dit beteken dat die regters selfs in daardie gevalle waar hulle verplig is om die onregverdige wet toe te pas, nog steeds die verantwoordelikheid het om dit alleen onder protes te doen. Die howe het gelukkig al by geleentheid nie geskroom om gewetgeefde vorme van ongeregtigheid te kritiseer nie.[54]

(e) Die uitwys van keuses aan die regters

Hierdie oplossing plaas die verantwoordelikheid volledig op die skouers van die regspraktisyn en die akademikus. Hierdie is naamlik 'n praktiese oplossing wat daarop neerkom dat die keuses telkens duidelik aan regters uitgewys word by konflikte tussen die individu en die regeringsgesag. Hierdie bewusmaking van die keuses sal aanleiding gee tot aktivistiese uitsprake aangesien dit die bewuswording by regters tot gevolg het dat daar inderdaad keuses bestaan en dat daardie keuses ingevolge 'n bepaalde waardesisteem uitgeoefen moet word. Wanneer regters dan bewustelik verplig word om 'n keuse uit te oefen tussen die waardesisteem van die *status quo* en die vryheidsgesinde waardesisteem wat die regstelsel onderlê, sal dit noodwendig beteken dat regters op 'n "objektiewe" wyse hierdie waardesisteme teen mekaar sal moet

---

toenemend drakoniese aard het aanleiding gegee tot: "'n drastiese proses wat in fundamentele opsigte afwyk van die basiese waardes vervat in ons klassieke straf- en strafprosesreg." Die oplossing vir die dilemma is geleë in die herroeping van hierdie wetgewing. (28).

52 Forsyth *In danger for their talents* vii ev verklaar dat indien 'n positivis uitvind dat 'n wet onregverdig is sal hy nie die regskrag daarvan ontken nie maar aanneem dat die remedie daarvoor geleë is in die verandering van daardie wet. (n 45).

53 Mathews 202.

54 Sien in hierdie verband die sake waarna Erasmus 6 ev verwys. Sien ook die uitspraak van regter Didcott in die saak van *In re Dube* 1979 3 SA 820 (N) op 821: "When the commissioner has finished with you, the papers in your case go on review to a Judge of the Supreme Court. He is expected, if everything is in order, to certify that what happened to you appears to him to have been 'in accordance with justice'. The trouble is that it was not. It may have been in accordance with the legislation and, because what appears in the legislation is the law, in accordance with that too. But it can hardly be said to have been 'in accordance with justice'. Parliament has the power to pass the statutes it likes, and there is nothing the Courts can do about that. The result is law. But that is not always the same as justice. The only way Parliament can ever make legislation just is by making just legislation." Sien ook *S v Ramgobin* 1985 4 SA 130 (N) waar wetgewing wat die tradisionele rol van die hof om borg te verleen gekritiseer word en gewys word op die voordele van 'n menseregtehandves. Sien in hierdie verband veral n 78-82.

opweeg voordat hulle die keuse uitoefen. Die verantwoordelikheid om keuses aan regters uit te wys, word nou hier opgeneem deur in die praktyk die keuses uit te wys wat daar vir regters bestaan.

As voorbeeld word die mees gewraakte bepalings van die veiligheidswetgewing geneem, te wete, daardie bepalings wat voorsiening maak vir aanhouding sonder verhoor (die sogenaamde artikel 29 aanhouding vir ondervraging en die sogenaamde voorkomende aanhouding van artikel 28) asook daardie bepalings wat die toestaan van borg deur die geregshowe verhoed (dit wil sê, artikel 30). Al hierdie artikels is natuurlik bepalings van die Wet op Binnelandse Veiligheid 74 van 1982. Die hofbeslissings in die nuutste vonnisbundels – 1985 3 tot en met 1986 1 – word bespreek ten einde op 'n heel praktiese wyse en met verwysing na feitegevalle waaroor inderdaad beslis is en ten aansien waarvan inderdaad keuses gemaak is, aan te dui op welke wyse die korrekte keuse in die guns van individuele regte en vryhede gemaak kan word, nieteenstaande die streng bepalings van die Suid-Afrikaanse veiligheidswetgewing.

Artikel 29 bepaal dat 'n polisieoffisier wat rede het om te glo dat 'n persoon hom aan sekere voorgeskrewe optrede skuldig maak, hom kan arresteer en dat hy dan vir 'n onbepaalde tyd vir ondervraging aangehou kan word. Artikel 29(6) is 'n sogenaamde uitsluitingsklousule of "ouster clause" wat bepaal dat geen geregshof hom mag uitspreek oor enigiets wat ingevolge artikel 29 gedoen word nie. In die saak van *Hurley v Minister of Law and Order*[55] is aansoek gedoen by die hof vir 'n bevel vir die vrylating van 'n artikel 29 aangehoudene. Alhoewel die hof nie 'n streng interpretasie ten gunste van die individu volg nie,[56] lê regter Leon nietemin die woorde "rede het om te glo" so uit dat dit nie bloot "dink dat hy rede het om te glo" beteken nie maar die regter vereis dat daar 'n feitelike basis, oftewel 'n objektiewe jurisdiksionele feit, moet bestaan alvorens die polisieoffisier die wetgewende magte van artikel 29 sal kan uitoefen.[57] Die uitsluitingsklousule kan nie verhoed dat die hof ingryp in 'n geval waar die jurisdiksionele feit afwesig is nie omrede wetsmagtiging vir die uitvoerende gesagsuitoefenaar (polisieoffisier) in sodanige geval afwesig is en hy gevolglik *ultra vires* die wetsmagtiging optree.[58]

In die onderhawige geval is daar 'n *prima facie* saak uitgemaak ten gunste van die feit dat die aangehoudene 'n pasifis was wat hom nie aan die vereiste voorgeskrewe optrede skuldig gemaak het nie. Die polisie het nie feite aangebied op grond waarvan afgelei kon word dat hulle rede het om te glo dat

---

55 1985 4 SA 709 (D & K).

56 Op 716A volg hy die benadering van *Rossouw v Sachs* 1964 4 SA 551 (A) en ondersoek die relevante wetgewing in die lig van die omstandighede asook die algemene beleid en doel daarvan, "adopting neither a strict construction in favour of the individual nor a strained construction in favour of the executive." Die benadering van die regter in die *Ramgobin*-saak wat wel bereid is om 'n streng uitleg ten gunste van die individuele vryheid te volg, behoort eerder nagevolg te word (588I-589B).

57 *Ibid.*

58 Op 722: Die jurisdiksionele feit wat dus vereis word is van die objektiewe soort soos beskryf in die bekende *dictum* van Regter Corbett in die saak van *South African Defence and Aid Fund v Minister of Justice* 1967 1 SA 31 (K): "I am satisfied, on a consideration of the authorities, that the ouster clause does not preclude this court from investigating whether the necessary jurisdictional facts objectively existed."

die aangehoudene wel skuldig was aan hierdie optrede nie.[59] Aangesien die objektiewe jurisdiksionele feit gevolglik ontbreek, beslis die hof dat die optrede nie ingevolge die voorskrifte van artikel 29 plaasgevind het nie en dus onwettig was en die aanhoudingsbevel word nietig verklaar en daar word gelas dat die aangehoudene vrygelaat word.

Hierdie beslissing is in ooreenstemming met die Suidwes-Afrika/Namibië beslissing in die saak van *Katofa v Administrator-General for South West Africa*[60] waar beslis is oor die aanhouding van 'n persoon ingevolge die veiligheidswetgewing van hierdie gebied. Daar word naamlik ook vereis dat die administrateur-generaal "tevrede moet wees" dat die persoon hom aan sekere optrede skuldig gemaak het voordat die bevel vir sy aanhouding gegee kan word. Die hof beslis dat daar objektief redelike gronde (jurisdiksionele voorvereistes) moet bestaan voordat hierdie statutêre bevoegdheid uitgeoefen mag word.[61] Die hof beslis dus dat die blote *ipse dixit* van die orgaan nie genoegsaam is vir die hof om vas te stel of regsgronde vir die aanhouding bestaan nie.[62] Omrede die orgaan verplig was om hierdie redes of gronde vir die aanhouding aan die hof te openbaar en dit nie gedoen het nie, word die aansoek vir die *interdictum de homine libero exhibendo* toegestaan.[63] Van verdere belang is ook die feit dat die hof in 'n individu-georiënteerde uitspraak beslis dat die aangehoudene die reg op regsverteenwoordiging het.[64]

Dit is duidelik dat die keuse in hierdie gevalle uitgeoefen is ten gunste van die individu.[65] Die blote subjektiewe oordeel van die uitvoerende gesagsorgaan wat inbreuk maak op individuele vryheid ingevolge 'n wetsmagtiging is nie genoegsaam om te bewys dat hy die nodige jurisdiksie (objektief gesproke) het om so te handel nie. Die jurisdiksionele feit in hierdie gevalle bestaan gevolglik uit 'n feit wat, objektief gesproke, moes bestaan voordat die statutêre mag (om die individu aan te hou) uitgeoefen kan word in welke geval die objektiewe bestaan van die feit beregbaar is in 'n geregshof. Selfs 'n uitsluitingsklousule kan hierdie bevoegdheid van die hof nie verhoed nie.

---

59 Op sy beste was die antwoord van die polisie 'n onbevredigende antwoord en op sy slegste geen antwoord nie.

60 1985 4 SA 211 (SWA).

61 Op 221.

62 Op 211I-222D-E. Die hof moet uit die redes wat gegee word kan aflei of gronde vir aanhouding bestaan en hierdie redes *moet* aan die hof verstrek word. Berker R stem met Levy R saam en verklaar op 223-225 dat daar eers gekyk moet word na die jurisdiksionele voorvereistes voordat die optrede ingevolge die wetsbepaling kan geskied, dit wil sê, dat daar objektiewe gronde moet wees om te glo dat die persoon wel aan die vereiste optrede skuldig was.

63 Op 221A-B beslis die hof dat by 'n aansoek om die *interdictum de homine libero exhibendo* die persoon bloot moet aantoon dat hy van sy vryheid ontneem is. Die onus rus dan op die gesag wat hom daarvan ontneem het om hierdie optrede te regverdig.

64 Op 216J. Gevolglik beslis Levy R dat hy regsverteenwoordiging mag hê en dat daar niks in die relevante wetsbepalings is wat hierdie reg op enige van hierdie wyses ontneem nie. Berker R (255C-H) sluit hierby aan en verklaar dat die reg op regsverteenwoordiging en die reg om nie ondervra te word nie, fundamentele regte is wat slegs by wyse van spesifieke wetgewing ontneem kan word.

65 Boulle "Detainees and the courts: new beginnings" *SA Journal on Human Rights* 251 laat hom as volg uit oor die *Hurley*-beslissing: "For the first time, a detention order issued in terms of s 29 of the Internal Security Act 74 of 1982 has been invalidated and a detainee's release secured. The decision deals with issues of a deep and universal constitutionality – limited government, separation of powers, justiciability of executive action, and the liberty of the individual."

Artikel 28(1) maak voorsiening vir voorkomende aanhouding indien daar deur die minister op respektiewelik drie gronde besluit word om 'n persoon aldus aan te hou. Hierdie kennisgewing van die minister moet ingevolge artikel 28(3)(b) vergesel gaan van 'n geskrewe verklaring waarin, onder andere, die redes vir die aanhouding uiteengesit word. Artikel 28(9) bepaal dan dat die aangehoudene vertoë aan die minister mag rig binne 14 dae nadat hy hierdie kennisgewing tesame met die redes vir sy aanhouding ontvang het. In die appèlhof-uitspraak van *Nkondo and Others; Gumede and Others v Minister of Law and Order; Minister of Law and Order v Gumede*[66] word die vraag bespreek wat "redes" sal daarstel.

Die hoofregter wys daarop dat artikel 28(1) ingrypende magte verleen en dat die minister nie arbitrêr moet optree nie.[67] Aangesien artikel 28(9) beoog dat die aangehoudene 'n regverdige geleentheid moet verkry om te handel met die redes wat die minister gee,[68] is die blote mededeling van die minister op welke (een van die drie) statutêre gronde hy optree nie genoegsaam om "redes" daar te stel soos deur die wet beoog nie.[69] Ook die kennisgewing as geheel beskou bevat nie "redes" nie aangesien "redes" beteken dat die minister die aangehoudenes moet inlig waarom hy hul aanhouding beveel het op grond van wat hulle gesê of gedoen het – juis omrede die doel van hierdie aanhouding voorkomend van aard is.[70] Die hoofregter verwerp gevolglik die interpretasie van die regters in die hof *a quo* dat, aangesien daar drie verskillende gronde is waarop die minister kan handel, sy blote aanduiding van op welke (een van die drie) statutêre gronde hy handel, "redes" daarstel soos deur die wet beoog.[71]

Die appèlhof het hier 'n keuse gemaak ten gunste van die individu wat van sy vryheid ontneem word deurdat vereis word dat die aangehoudene nie net vae verduidelikings moet ontvang nie, of bloot ingelig moet word op welke statutêre grond die uitvoerende gesagsdraer hom van sy vryheid beroof nie, maar dat hy inderdaad ingelig moet word van die gronde waarop (waarom) die uitvoerende gesagdraer die aanhouding beveel het. Dit word gedoen sodat die aangehoudene die reg om sy saak te kan stel (ingevolge die statuut wat die reëls van natuurlike geregtigheid beliggaam) na behore kan uitoefen. Omrede die minister in die onderhawige geval nie redes verskaf het nie, maar bloot aangedui het dat hy hulle op 'n statutêre grond (moontlik die tweede van die drie) aanhou, het hy nie redes verskaf soos die artikel vereis nie en die kennisgewings word ongeldig verklaar.[72]

Artikel 29 het weer ter sprake gekom in die saak van *Mkize v Minister of Law and Order*[73] toe die hof versoek het dat 'n landdros die aangehoudene besoek ten einde vas te stel of hy aangerand is asook dat 'n distriksgeneesheer die aangehoudene besoek ten einde hom medies te ondersoek sodat

---

66 (Tot op datum) ongerapporteerde appèlhofbeslissing deur Rabie HR met Trengove, Hoexter, Botha en Van Heerden ARR wat saamstem. Beslis op 20 Maart 1986.

67 Op 12. Hierdie bepaling maak naamlik daarvoor voorsiening dat die minister die aanhouding van 'n persoon kan beveel sonder dat hy die geleentheid verkry om aangehoor te word.

68 19-20.

69 Op 29.

70 33.

71 29.

72 34 van die verslag.

73 1985 4 SA 147 (N). 'n Volbank beslissing deur Wilson R met Friedman en Shearer RR wat saamstem. Die saak is nagevolg in *Mda v Minister of Justice, Police and Prisons* 1986 3 SA 500 (CkSC).

hieroor verslag gedoen kan word aan die hof. Artikel 29(7) maak voorsiening vir die besoeke van 'n landdros en distriksgeneesheer aan 'n aangehoudene indien hierdie persone "are acting by virtue of their office". Die hof beslis dat hulle "are acting by virtue of their office" selfs indien die hof versoek dat hulle die aangehoudene besoek.[74]

Die volgende vraag wat die hof moet beantwoord is of die verslag wat hy met betrekking tot die moontlike aanranding of die mediese toestand ontvang nie dalk "amptelike inligting" is wat slegs aan bepaalde ampsdraers en nie die hof bekend gemaak kan word nie. Die hof lê hierdie begrip eng uit en verklaar dat "amptelike inligting" slegs slaan op inligting wat betrekking het op die redes of die doel van aanhouding.[75] Inligting met betrekking tot die gesondheid en behandeling van die aangehoudene is duidelik van 'n ander aard as hierdie "amptelike inligting" en die hof beveel dus dat die landdros en die distriksgeneesheer die aangehoudene moet besoek en verslag doen aan die hof oor die gesondheid en behandeling van die artikel 29 aangehoudene.

Die hof het gevolglik die keuse ten gunste van die individu gedoen – hy kon net sowel die woord "amptelike inligting" wyd uitgelê het en verklaar het dat, aangesien hierdie inligting aan 'n amptenaar van die staat verstrek word, dit uit hoofde van hierdie feit "amptelike inligting" is.[76] Die eng benadering wat die hof verkies, bevoordeel egter die individu deurdat inligting wat betrekking het op die omstandighede van sy aanhouding of op sy gesondheidstoestand nie as "amptelike inligting" beskou word nie en gevolglik wel aan die hof bekend gemaak kan word.

Dit is nie slegs in sake van aanhouding sonder verhoor wat die howe bereid was om die onderdaan tegemoet te kom nie. Ook wat betref die omstandighede waarvolgens die verlening van borg deur die howe verhoed word, het die howe aktivisties opgetree.

Artikel 30(1) beperk individuele vryheid en stel beperkings op die howe deurdat dit die verlening van borg verhoed. In die saak van *S v Ramgobin*[77]

---

74 Op 150E-I verklaar die hof dat dit die klaarblyklike doel van a 29(7) is om die landdros in staat te stel om ondersoek in te stel na die omstandighede van aanhouding asook om die distriksgeneesheer in staat te stel om ondersoek in te stel na sy fisiese en geestelike welstand. Die hof is dus nie beïndruk met die argument dat hierdie persone elkeen nie meer "acting by virtue of his office" optree indien die hof versoek dat hulle die aangehoudene moet besoek nie.

75 Op 151J-152B: "official information" word uitgelê om te beteken: inligting wat beperk is tot aangeleenthede rakende, direk of indirek, die redes of die doel van aanhouding. Inligting van hierdie aard is duidelik van 'n amptelike aard en 'n mens kan verstaan waarom die openbaarmaking teenstrydig sal wees met die doel van die wet. Inligting aangaande die gesondheid en behandeling van die aangehoudene is duidelik van 'n ander aard: "In the absence of very special circumstances such information could not, in any way, adversely affect the reason for, or purposes of, the detention."

76 Op 152C-H. Die hof stem nie saam met die argument van Trengove R in *Cooper* se saak nie (naamlik dat die inligting amptelik is bloot omdat dit ontvang word deur 'n amptenaar van die staat nie) en stem eerder saam met Didcott R wat hierdie enger uitleg aan die woorde verleen in *Nxasana* se saak.

77 1985 4 SA 130 (N).

het regter Milne kritiek uitgespreek teen hierdie bepaling.[78] Ook in die saak van *S v Ramgobin*[79] (die volbank beslissing wat hier bespreek gaan word) het regter Friedman hom sterk hierteen uitgespreek.[80] Omrede die beginsel van parlementêre soewereiniteit geld ingevolge die Suid-Afrikaanse staatsreg, ag die hof hom gebonde aan hierdie wetgewing alhoewel hy sonder skroom daarop wys dat die invloed van 'n menseregtehandves hierdie ernstige beperking van individuele vryheid kon vermy het.[81]

Omdat hierdie bepaling so 'n groot inbreuk maak op individuele regte, gee die hof 'n streng uitleg aan die woorde van die wetsbepaling[82] en beperk die hof die uitwerking daarvan soveel as wat die woorde toelaat. Voordat die prokureur-generaal sy statutêre magte kan uitoefen (en verhoed dat die hof borg toestaan) moet daar naamlik eers 'n "objektiewe jurisdiksionele feit" bestaan.[83] Hy mag naamlik slegs ingevolge artikel 30 borg verhoed indien die beskuldigde gearresteer is "upon a charge" dat hy 'n sekere misdryf gepleeg het.[84] Die regter lê hierdie woorde dan streng uit en beslis dat 'n beskuldigde alleenlik "upon a charge" gearresteer is indien daar besluit is deur die betrokke gesag om hom aan te kla en dit beteken dus dat daar gronde vir die besluit om hom aan te kla, moet bestaan.[85] Die regter wys ook daarop dat die besluit om aan te kla op hersiening geneem kan word sodat byvoorbeeld vasgestel kan word of daar gronde bestaan wat redelikerwys die vereiste oortreding daarstel waarvan die beskuldigde aangekla word.[86]

Hierdie beslissing vereis gevolglik dat 'n objektiewe jurisdiksionele feit moet bestaan voordat die gesagsorgaan die bevoegdheid ingevolge die wetsartikel kan uitoefen wat inbreuk maak op die individuele vryheid van die individu. Die hof kan dienooreenkomstig ingaan op die feit of hierdie objektiewe jurisdiksionele feit bestaan – wat in die onderhawige geval gronde moet wees vir die besluit om die beskuldigde aan te kla. Indien hierdie objektiewe gronde ontbreek, kan die hof die bevel van die prokureur-generaal verontagsaam omrede dit onwettig is aangesien dit nie kragtens die wetsmagtiging (artikel 30) uitgeoefen is nie.

Artikel 30 het ook ter sprake gekom in die saak van *S v Baleka*.[87] Regter Stegmann verklaar dat artikel 30 nie spesifiek voorsiening maak vir die toepassing van die *audi alteram partem*-reël na die uitreiking van die kennisgewing wat borg verhoed nie.[88] Die toepassing van die *audi alteram partem*-leerstuk is egter 'n "jurisdiksionele feit" wat moet bestaan alvorens ingevolge

78 Op 131A-J.
79 1985 3 SA 587 (N), 'n volbank beslissing deur Friedman R met Booysen en Galgut RR wat saamstem.
80 Op 588B-589G.
81 Op 588I-589B.
82 *Ibid.*
83 Soos in die *Hurley*-saak (n 58) verklaar die regter dat 'n "objective jurisdictional fact" moet bestaan voordat die prokureur-generaal hierdie magte onder a 30 kan uitoefen. Hy verwys insgelyks na regter Corbett se uitspraak in die saak van *South African Defence and Aid Fund*.
84 Op 591D. A 30 bepaal dat hy so mag handel "if each of the appellants have been 'arrested upon a charge of having committed an offence referred to in Schedule 3' ".
85 Op 592H-589A.
86 Op 594A-E.
87 1986 1 SA 361 (T), 'n volbank beslissing deur Eloff, Stegmann en Preiss RR.
88 Op 383-4.

artikel 30 opgetree kan word.[89] Die beskuldigde behoort dus binne die veertien dae (tussen die aankondiging in die hof en die finale besluit van die prokureur-generaal) die bevoegdheid te hê om vertoë tot die prokureur-generaal te rig en sodanige optrede sal nie die veiligheid van die staat in die gedrang bring nie.[90] Selfs al kan daar slegs in 'n minimum mate voldoen word aan hierdie leerstuk, is sy vereistes buigbaar ("flexible") en moet dit toegepas word in soverre dit redelikerwys moontlik is.[91] Aangesien dit egter nie eens tot 'n minimum mate in die onderhawige geval toepas is nie, ontbreek die voorvereiste of die jurisdiksionele feit wat moet bestaan voordat opgetree kan word ingevolge artikel 30 en is die bevel wat borg verhinder, nietig.

Regter Preiss stem nie saam met hierdie argumente nie, maar vind tog 'n ander manier om die beskuldigde tegemoet te kom. Hy verklaar naamlik dat die woord "issue" in die artikel streng uitgelê moet word omdat hierdie artikel inbreuk maak op individuele regte.[92] Om hierdie rede kom hy op die feite tot die gevolgtrekking dat die bevel nie op die korrekte tydstip ge-"issue" is nie en ook hy verklaar die bevel nietig wat beteken dat dit die meerderheidsbeslissing en gevolglik die beslissing van die hof is.[93]

Die feit dat albei regters hier 'n keuse moes uitoefen ten gunste van individuele vryheid blyk baie duidelik indien hulle respektiewe uitsprake vergelyk word met die uitspraak van regter Eloff wat volle regskrag verleen aan die bevel van die prokureur-generaal wat borg verhoed (die minderheidsuitspraak). Regter Eloff lê die klem op "preventative justice" en ander oorwegings van staatsveiligheid soos dat die prokureur-generaal beter in staat is om te besluit oor die vrylating van 'n beskuldigde op borg in gevalle waar oortredings teen staatsveiligheid ter sprake is vanweë sy besondere kennis van die handhawing van wet en orde.[94] Hy kom dus tot die gevolgtrekking

---

89 Op 382-91 van die verslag bespreek Stegmann R vier faktore wat moontlik kan bepaal of die *audi alteram partem*-reël toepassing moet vind al dan nie voordat hy tot hierdie gevolgtrekking kom.

90 Op 391D-F word gesê dat dit nie die staatsveiligheid of die handhawing van wet en orde in die gevaar sal stel nie: "On the contrary, the safety of the State does not require such rights to be overridden, the Legislature has not expressly overridden them, and there is no sufficient reason for concluding that it has done so by implication."

91 Op 388A-G en 390H-I. Al sou volledige voldoening aan die maksimum vereistes van die *audi alteram partem*-reël nie moontlik of redelik wees nie, moet daaraan voldoen word in die mate wat dit redelik aan voldoen kan word. Die prokureur-generaal moet die betoog van die beskuldigde oorweeg – dit is die minimum mate waarin hy aan hierdie stelreël moet voldoen: "What can be said with some certainty is that there is a minimum extent of compliance with the *audi alteram partem* which in the very nature of things must always be possible; which cannot frustrate, or in any way diminish, the effectiveness of the measure as a means of 'preventative justice'."

92 Op 291I-292D. In hierdie verband volg hy die *Ramgobin*-saak en verwys uitdruklik ook daarna – sien n 82.

93 Sien respektiewelik 390 en 396 van die verslag vir hierdie bevele.

94 *Contra* – sien die uitspraak oor "preventative justice" van Stegmann R in N 91. Op 404D-G sê Eloff R egter: "The significance is that the Legislature usually expects prompt and unfettered action by those who are to administer 'preventative justice'." Tweedens beskou hy die prokureur-generaal as 'n persoon wat in staat is om te kan beoordeel of 'n beskuldigde op borg vrygelaat moet word vanweë sy besondere kennis van staatsveiligheid en die handhawing van wet en orde. Derdens sê hy dat dit wel nadelig kan wees vir die staatsbelang indien verwag sou word dat die prokureur-generaal sy bronne bekend moet maak. Op 405D-H: ". . . the Legislature indicated that it sets a high

dat die parlement nie in hierdie gevalle die toepassing van die *audi alteram partem*-leerstuk sou beoog het nie en beskou die argument dat daar 'n minimum mate van voldoening aan hierdie reël van natuurlike geregtigheid moet wees as "onrealisties".[95] Daar hoef dus nie aan die beskuldigde die geleentheid gebied te word om sy saak te stel nie en gevolglik het die prokureur-generaal korrek opgetree ingevolge die bepalings van artikel 30 om die toestaan van borg deur die hof te verhoed.

In die tweede plek verskil regter Eloff ook van regter Preiss wat betref die argument dat die woord "issue" streng uitgelê moet word indien die wetsbepaling inbreuk maak op individuele vryheid.[96] Regter Eloff volg 'n meer meganiese benadering wat ontken dat waardeoordele soos die waarde van individuele vryheid 'n prominente rol speel wanneer die woorde van 'n wetsbepaling uitgelê word en kom tot die gevolgtrekking dat die bevel korrek uitgereik is en daarom volkome geldig is.

Die meerderheid van die hof beslis dus ten gunste van die individu, alhoewel dit maar naelskraap is en die regters wat die meerderheid uitmaak om heeltemal verskillende redes tot hierdie slotsom kom.[97]

Die keuses wat uitgeoefen is in hierdie saak illustreer duidelik op welke wyse die waardes wat 'n regter as uitgangspunt neem uiteindelik sy beslissing beïnvloed. Die regter wat uitgaan van die standpunt dat die individuele regte behoue bly behalwe as die teendeel duidelik uit die wetgewing blyk, beslis dat die beskuldigde die reg verkry om sy saak te stel (selfs al is dit slegs in 'n minimum mate) en kom dan tot die gevolgtrekking dat die bevel wat verhoed dat die hof aan hom borg verleen ongeldig is omrede daar nie aan die jurisdiksionele voorvereiste van die *audi alteram partem*-reël voldoen is nie. Hierteenoor beslis die regter wat as uitgangspunt oorwegings van staatsveiligheid ("preventative justice") neem dat die bevel wat die borg verhoed,

---

premium on the maintenance of State security and the preservation of law and order, so much so that the rights and liberties of individuals have to be curtailed". Hy kom dus tot die gevolgtrekking op grond van bogenoemde drie oorwegings: op 405H: "In my judgement there are weighty considerations which show sufficient cogency that Parliament did not contemplate that the maxim should be observed."

95 Op 407I-408B. Sien daarteenoor n 88. In hierdie verband is ek geneig om met hierdie benadering van Stegmann R saam te stem.

96 Op 403I-404A. Eloff R sê dat daar nie 'n keuse bestaan tussen 'n enger en 'n wyer betekenis van die woord "issue" en op grond daarvan te besluit wat in belang van die individu sal wees nie. "(W)e should merely, as I have endeavoured to do, take account of the fact that some form of communication, emitting a publication is necessary to constitute an 'issue', and when on the facts it took place." Mi verdedig die regter hier 'n meganiese proses van wetsuitleg wat nie aan waardes (soos individuele vryheid) 'n groot genoeg rol by die keuse van 'n spesifieke interpretasie toeken nie.

97 Volledigheidshalwe moet gemeld word dat Stegmann R op 'n tegniese punt beslis het dat die hof nie jurisdiksie het om die aansoek om borg aan te hoor nie (op 381F) en alleen voortgegaan het om die bevel nietig te verklaar omrede die meerderheid van die hof van mening was dat die hof wel die nodige jurisdiksie het om dit aan te hoor. Let ook daarop dat Stegmann R saamgestem het met Eloff R se uitleg van die woord "issue" (op 381H) en dat Preiss R (wat die bevel nietig verklaar het juis omrede dit nie korrek ge-"issue" was nie) weer op sy beurt saamgestem het met Eloff R dat die *audi alteram partem*-reël nie nagekom hoef te word nie (op 392A). Die meerderheidsbeslissing was wel dat die bevel nietig verklaar word maar dit was om verskillende redes (waaroor hulle van mekaar verskil het) op grond waarvan Stegmann en Preiss RR tot hierdie slotsom gekom het.

geldig is omrede dit onrealisties is om te aanvaar dat die reg om jou saak te stel in 'n minimum mate aan voldoen behoort te word. Laasgenoemde regter is dienooreenkomstig ook ongeneë om die feit dat hierdie bepaling groot inbreuk op individuele regte maak in ag te neem by die uitleg van die woord "issue" en beslis gevolglik dat die bevel korrek "uitgereik" is. Hierteenoor lê 'n ander regter die klem op die feit dat hierdie 'n inbreukmakende bepaling is en lê die woord dienooreenkomstig streng uit ten einde tot die gevolgtrekking te kom dat die bevel nie wettiglik uitgereik is nie.

Hierdie uitspraak dien gevolglik as 'n uitstekende illustrasie om te bewys hoe regters die keuses waarmee hulle gekonfronteer word, uitoefen: hétsy ten gunste van die individu hétsy ten gunste van die uitvoerende gesag. In eersgenoemde geval word gesteun op vryheidsgesinde regswaardes en word menseregte beskerm terwyl in die laasgenoemde geval gesteun word op die waardes van die *status quo* wat 'n meganiese benadering tot gevolg het en wat volle werking verleen aan die wet se inbreukmakende werking.

Opsommend kan gewys word op die effek wat bogenoemde uitsprake sal hê op die toepassing van die betrokke bepalings van die veiligheidswetgewing. Uitvoerende gesagsorgane sal nie meer individue kan aanhou vir ondervraging of ter voorkoming nie, tensy hulle in die hof gronde kan aantoon op grond waarvan hulle, respektiewelik, 'n persoon verdink van die voorgeskrewe misdrywe of 'n persoon aanhou ter voorkoming van sekere misdrywe. Selfs 'n klousule wat poog om die howe se jurisdiksie in hierdie gevalle totaal uit te sluit kan verontagsaam word indien hierdie objektiewe jurisdiksionele feite afwesig is. 'n Hof sal verder ook kan gelas dat 'n landdros of distriksgeneesheer die aangehoudene mag besoek ten einde verslag te kan doen oor die omstandighede van aanhouding en die gesondheidstoestand van die aangehoudene. Wat betref die bevel van die prokureur-generaal wat verhoed dat die hof borg kan toestaan aan 'n beskuldigde, moet die bestaan van objektiewe jurisdiksionele feite insgelyks eers bewys word – die beskuldigde moet naamlik die reg verkry om sy saak te stel en verder moet daar ook gronde bestaan vir die besluit om hom aan te kla. Dit is duidelik dat die uitsprake in die 1985 3 tot 1986 1 vonnisbundels (en die een ongerapporteerde appèlhofbeslissing in Maart 1986) sonder uitsondering die beskerming van menseregte teweeg gebring het – selfs in die aangesig van wetsbepalings wat voorsiening maak vir ongekontroleerde en arbitrêre uitoefening van regeringsgesag. Dit dien as bewys van die feit dat dit beslis moontlik is vir regters om binne die huidige staatsregtelike raamwerk vryheidsgesinde keuses te maak en hierdeur die werking van die onregverdige wetgewing te temper. 'n Mens kan maar net hoop dat hierdie tendens sal voortduur.

Indien die regbank egter eerder "executive-minded" beslissings sou gee en blote handhawers van die *status quo* word (soos duidelik blyk uit die bogenoemde bespreking van die baanrekord van die appèlhof) sal dit verreikende gevolge vir die regstelsel as geheel inhou. Die regbank sal naamlik toenemend deur die ander groepe in Suid-Afrika as "nie-objektief" of "bevooroordeeld" waargeneem word en die regters (die howe) gaan as gevolg hiervan beslis legitimiteit inboet.[98] Daar bestaan geen twyfel nie dat die betrokkenheid van die howe by die toepassing van rasse- en veiligheidswetgewing

98 Erasmus 27.

beslis die aansien van die regspleging sowel as die legitimiteit daarvan aftakel.[99]

Die regstelsel is 'n land se heel waardevolste instelling[100] en gevolglik kan sodanige legitimiteitskrisis nie geduld word nie.[101] Verskeie instellings het reeds in die onlangse verlede daarop gewys dat daar inderdaad 'n legitimiteitskrisis in die Suid-Afrikaanse regspleging bestaan.[102] Die RGN verslag oor tussengroepsverhoudinge het bevind dat hierdie krisis alleen te bowe gekom kan word deur stelselmatige opleiding, regshulp, voorligting en hervorming en die kommissie van ondersoek na die struktuur en funksionering van die howe

---

99 *Ibid* 29 ev. Hy wys veral op rassewetgewing asook veiligheidswetgewing en verklaar: "Vanuit die oogpunt van die regspleging is die herroeping van hierdie wette veel meer as net 'simboolaftakelings'. Hierdie wette, met hul diskriminerende oogmerke en uitwerking, 'is die produk van 'n wetgewer wat die strewe na die ideaal van geregtigheid bewustelik nie nagekom het nie. Die gevolglike onreg en ongeregtigheid is en bly 'n historiese skandvlek op ons regsisteem'. (per Van der Walt *NP van Wyk Louw: Enkele konsekwensies vir die Regdenke* N P van Wyk Louw gedenklesing Johannesburg 1985 15). Die betrokkenheid van die howe by die toepassing van hierdie wette, asook die wette wat gemaak is om geweld te besweer wat prof Keet dertig jaar gelede voorspel het, knaag soos 'n kanker aan die status van ons regspleging, en dit bring mee dat die howe op groot skaal aan legitimiteit inboet." Op 4 ev wys hy ook op ons regserfenis soos uitgespel in die saak van *In re Willem v Kok and Nathaniel Balie* 1879 Buch 45: "(t)he Civil Courts have but one duty to perform, and that is to administer the laws of the country without fear, favour or prejudice, independently of the consequences which ensue" en op 66: ". . . its first and most sacred duty is to administer justice to those who seek it, and not to preserve the peace of the country." Vgl ook die onafhanklike houding van Kotzé HR teenoor die destydse regering van die ZAR, (sien hieroor Kotzé in *Die Ekonoom* 1986 "As regters en regerings bots" 18) asook die prysenswaardige optrede van die appèlhof tydens die *Harris*-beslissings wat die howe se prosessuele toetsingsreg van parlementêre wetgewing (in stryd met die meer positivistiese posisie van absolute parlementêre soewereiniteit van die Engelse howe: Basson en Viljoen 280-94) bevestig het. Erasmus 4 wys ook daarop dat "broad equitable spirit" en "libertanian principles" egter deur vele eerder voorgehou word as "unjust and repressive".

100 Kentridge 649 wys daarop dat 'n regstelsel 'n land se waardevolste sosiale instelling is.

101 Sien ook in hierdie verband regter Kriegler se toespraak voor Regslui vir Menseregte, Pretoria-tak, November 1985 3: "Dit kan nie wegredeneer word nie dat daar verlies aan vertroue in die sogenaamde witman se regsisteem onder talle van ons medelandsburgers is. I know that it is popular (to proclaim) that whatever else can be said about South Africa, its legal system and its system of courts and justice is above criticism. I believe that it is time for us to think very seriously about the essential truth of that boast. But even if it were objectively true, which I am prepared to accept for the purposes of this discussion, that is beside the point. The point in issue now is whether, in the perception of the majority of the population, it is indeed an effective and satisfactory system for the enforcement of rights. Very little has been written authoritatively on the topic, therefore I cannot say with any claim to veracity or accuracy what the black man's perception of the Courts is. But I suspect, because of quite some years of contact with both the law and with blacks, that there is a diminishing confidence." Corder 244 ev wys ook op die ideologiese rol wat die reg en die regsproses gespeel het in die geordende regering van die samelewing. Dit is voldoende om te sê dat die hofstelsel gesien kan word as die wyse waardeur die wetgewende en uitvoerende gesag hulle beleid afdwing, asook waardeur weerspannige elemente stoom kan aflaat op 'n gekontroleerde en beheerbare wyse. Forsyth *In danger for their talents* 266 wys ook daarop dat dit die regters is wat "harsh and unjust" interpretasies gekies het en om hierdie rede dra hulle 'n deel van die verantwoordelikheid vir die skade aan: "the legal system and to the policy as a whole by these developments."

102 Erasmus 22 ev.

(die Hoexter-kommissie) het daarop gewys dat die oplegging van gevangenisstraf vir geringe, tegniese oortredings van die instromingsbeheermaatreëls minagting kweek vir die regswese in die algemeen. Dit blyk duidelik hieruit dat daar 'n dringende behoefte bestaan vir die herstel van die hooggeregshof as die bastion van individuele vryheid,[103] veral omrede dit vasstaan dat wantroue in die regstelsel een van die sterkste uitnodigings tot rewolusie is.

Regterlike aktivisme ingevolge waarvan die regbank onafhanklik en onpartydig individuele regte en vryhede beskerm by die uitoefening van sy keuses, sal veel daartoe kan bydra dat die geskende vertroue herstel word en dat die legitimiteit van die regstelsel bo verdenking gestel word.[104] Aangesien regters in die huidige staatsregtelike opset slegs in daardie gevalle waar hulle keuses het, geregtigheid kan laat seëvier, is die invoer van 'n menseregtehandves die enigste wyse waarop die regbank 'n groter rol sal kan speel deur eenvoudig onregverdige wette as ongrondwetlik nietig te verklaar.[105]

Dit word gevolglik in oorweging gegee dat die legitimiteit van die Suid-Afrikaanse regstelsel in geheel eers volkome herstel sal word wanneer alle wetgewing waardeur die stelsel van ongeregtigheid in die lewe geroep is, in die niet verdwyn. Alleen wanneer hierdie toedrag van sake gerealiseer het, sal die howe met onderskeiding hulle tradisionele funksie van arbiter tussen die belange van die individu en die staatsbelang met onderskeiding kan vervul wanneer daar regskonflikte ontstaan.

Ten einde die Suid-Afrikaanse grondwetlike dilemma op te los, sou 'n mens gevolglik die herroeping van alle onregverdige wette kon vereis en in hierdie verband dan ook kan vra vir die invoer van 'n grondwetlike menseregtehandves ingevolge waarvan hierdie wette onbestaanbaar sal wees. Indien hierdie noodroep op dowe ore val en die legitimiteitskrisis van die Suid-Afrikaanse regstelsel voortduur, kan regsgeleerdes, hetsy akademici, praktisyns of regters, daartoe meewerk dat die regbank, ten spyte van die geweldige beperkinge waaronder hy hedendaags gebuk gaan, aktivisties optree en dat elke geleentheid wat hom voordoen om 'n vryheidsgesinde uitspraak te gee, met oop hande aangegryp word.

Daar kan nie toegelaat word dat die Suid-Afrikaanse regstelsel se aansien erodeer word nie, aangesien regsgeleerdes in so 'n geval medeverantwoordelik is vir die rewolusie en toestande van anargie wat noodwendig moet volg wanneer 'n land se bevolking alle vertroue in sy regstelsel verloor en daar gevolglik geen ordelike basis meer bestaan waarvolgens 'n samelewing homself kan rig nie.

---

103 *Ibid* 28 ev.

104 Boulle 256-7. Sien ook Jost 10/2/1986 op 22 ev: "Change is coming to South Africa – perhaps through evolutionary reforms, perhaps through violence. Lawyers and judges will not control those events, but they can play an important role in trying to establish true justice in a country where the law has been used assidiously to create injustice. If they do, they will earn the respect they have so earnestly sought from the rest of the world." *Contra* Corder 244 ev.

105 Dugard *Human rights* 400-2 wys daarop dat indien die regswaardes van ons regserfenis die keuses van regters soos wat die reg "behoort te wees" sal beïnvloed, sal dit 'n oplewing na die bestaan van 'n menseregtehandves ontketen en dit sal die vertroue in die Suid-Afrikaanse regstelsel herstel terwyl daar nog tyd is. 'n Menseregtehandves is die minimum-vereiste hiervoor en die gedagte sal toeneem in gewildheid wanneer blankes hulself wil beskerm as 'n politieke minderheidsgroep: "By then, the new majority, reared on the apartheid legal order, may find such a system inexpedient."

7 Menseregtehandves en politieke idioom

DH van Wyk
BIur et Art LLD
Professor in Staats- en Volkereg, Universiteit van Suid-Afrika

Ons het sover tydens hierdie simposium van verskillende kante af heelwat indrukke gekry oor maniere waarop 'n menseregtehandves in Suid-Afrika ingevoer sou kon word. Ons het ook agtergekom, en veral professor Dugard het dit gister met groot oortuiging aangetoon, dat politieke partye in Suid-Afrika dit nie heeltemal eens is wanneer dit oor menseregte gaan nie. Een politieke party, by name die PFP, is tradisioneel sterk ten gunste daarvan. Dit is bekend dat hulle tydens die bespreking van die 1983-Grondwet probeer het om 'n verklaring van menseregte ingevoer te kry. 'n Ander politieke party, wat toevallig die regerende party is, is tot dusver nog nie op rekord dat hulle hulle positief uitgelaat het oor 'n verklaring van menseregte nie. Inteendeel, hulle het sover veral by monde van die minister van Justisie, baie moeite gedoen om aan te toon waarom hulle dink dat dit nie gewens is om 'n verklaring van menseregte in Suid-Afrika te hê nie.

Van die argumente wat die Minister van Justisie gebruik, is dat dit moeilik sal wees om presies te formuleer watter regte in so 'n handves opgeneem moet word, dat dit miskien te vaag sal wees en dat 'n mens nie werklik vat daaraan sal kry nie. Ek noem die redes spesifiek omdat dit hopelik in die loop van die referaat duidelik sal word dat die minister se vrese in 'n sekere mate weerspreek of besweer word, af en toe deur sy eie uitlatings, maar meer dikwels deur die van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika.

Wat ek gedoen het, was om betreklik willekeurig na 'n aantal toesprake en uitlatings van die regerende party te gaan kyk, en by name die van senior segsmanne; en hierdie uitlatings te toets aan die norme wat in 'n tipiese verklaring van menseregte te vinde is. Ek het my beperk tot toesprake en uitlatings wat ná die 1983-hervormings gemaak is, en in die besonder na die parlementsopening van 1985.

Dit gaan hoofsaaklik oor uitlatings van die Staatspresident en ander senior lede van die kabinet. Die handves wat gebruik is om hierdie uitlatings aan te toets, is die dokument wat bekend geword het as die FCI-handves. Ek het dit nie om dowe neute gedoen nie. Ek het dit eerstens gedoen omdat dit die jongste is van 'n hele reeks sulke dokumente wat oor die jare in Suid-Afrika bekend geraak het. Ek het dit ook gedoen omdat daar by hierdie simposium sekere verwysings na byvoorbeeld die *Freedom Charter* gemaak is, en die indruk by my ontstaan het dat die *Freedom Charter* nogal 'n bepaalde geloofwaardigheid in hierdie simposium het – en omdat die FCI-handves in merkwaardige opsigte met die *Freedom Charter* ooreenstem. Hierdie ooreenkoms kan vlugtig aangetoon word.

Op bladsy een van die *Freedom Charter* word die uitdrukking aangetref "will of all the people", terwyl artikel 19 van die FCI-handves lui:

> The will of the people is the basis of the authority of the government.

'n Ent verder aan in die *Freedom Charter* word die volgende aangetref:

> All people shall be entitled to take part in the administration of the country.

Artikel 19(3) van die handves bepaal:

> Everyone has the right of equal access to the public service.

'n Volgende bepaling van die *Freedom Charter* lui:

> The rights of the peoples shall be the same, regardless of race, colour or sex.

Artikel 11 van die FCI-handves sê:

> Everyone is equal before the law and entitled to equal protection without discrimination on the basis of race, colour, sex . . .

ensomeer. Aan die einde van die eerste bladsy en aan die begin van die tweede bladsy van die *Freedom Charter* is daar drie of vier bepalings oor "national groups" wat beskerm moet word teen "insults to their race and national pride". Artikel 17(2) van die handves bepaal:

> Any advocacy of racial, national or religious hatred that constitutes incitement to discrimination, hostility or violence shall be prohibited by law.

Op bladsy 2 van die *Freedom Charter* is daar 'n opskrif

> People shall share in the country's wealth.

Artikel 9 van die FCI-handves voorsien:

> The people may themselves or through the institutions of democratic government freely dispose of their natural wealth and resources.

So sou 'n mens kon aangaan.

Die voorgaande verklaar waarom die FCI-handves gekies is as basis van vergelyking. Dit lyk naamlik of daar wel iets "tuisgemaak" aan die handves is.

Voordat daar iets meer oor die FCI-handves gesê word, moet 'n beswaar wat moontlik sou geopper kon word, ondervang word. Ek het in hierdie oefening eenvoudig na die woorde van die Staatspresident en ander ministers gekyk. Dit is reeds by hierdie simposium dikwels gesê dat daar nie buite die verband of "konteks", en buite die "ideologie" en die filosofie om na die woorde van mense gekyk moet word nie. Waarom ek egter nie verskoning daarvoor aanbied dat ek eenvoudig net na die taal van die betrokke ampsbekleërs gaan kyk het nie, is juis omdat konteks en ideologie baie maklik as 'n verweer of 'n skuifmeul gebruik kan word waarom mense nie na mekaar hoef te luister en nie met mekaar hoef te praat nie. Daar kan gesê word dat die Suid-Afrikaanse regering nie 'n liberaal-demokratiese tradisie het nie, en daarom kan sy uitlatings nie met 'n liberaal-demokratiese handves van menseregte vergelyk word nie. Of daar kan gesê word dat die Suid-Afrikaanse regering histories nie 'n legitieme basis het nie, en dat hulle nie saam in die "liberation struggle" of so-iets is nie, en daarom kan daar nie na die uitlatings van die Suid-Afrikaanse regering geluister word nie want die konteks is verkeerd. Juis om hierdie soort probleem te ondervang, haal ek nie noodwendig in konteks aan nie. Ek laat u luister na die woorde van die handves en na die woorde van die ministers.

As 'n mens na die FCI-handves kyk, blyk dit dat hy uit ses afdelings bestaan. Die eerste is 'n voorrede, dan is daar vier gedeeltes oor onderskeidelik maatskaplike en kulturele regte en beginsels, oor ekonomiese regte en beginsels, oor burgerlike en politieke regte en beginsels, en dan ten slotte ook 'n afdeling oor persoonlike en openbare verantwoordelikheid en heel aan die einde 'n stel ondernemings.

Die stel ondernemings word uitgelaat, want dit is die besigheidsmense wat daardie ondernemings gee. Ek laat ook die vierde gedeelte oor persoonlike en openbare verantwoordelikhede uit. As u vinnig na daardie artikels kyk, sal u sien artikel 23 bepaal net in meer algemene terme: geen diskriminasie op grond van geslag en al die ander gebruiklike gronde nie. Artikel 24 is nogal 'n uitvoerige artikel wat in 'n sekere mate professor Jacobs se opmerking aanraak dat daar ook oor die *begrensing* van fundamentele regte gepraat moet word. Artikel 25 verleen enersyds aan die staat die bevoegdheid om te help verhinder dat nasionale groepe se regte aangetas word, terwyl sub-artikel (2) andersyds die gebruiklike bepalings bevat oor 'n noodtoestand – dit wil sê die vereistes daarvan, soos proporsionaliteit ensovoorts.

Die voorrede sou ook uitgelaat kon word. 'n Mens sou kon argumenteer dat die voorrede die gesamentlike ondernemings van die groot besigheidsmense is, van "private enterprise", van die 5% wat 95% van die natuurlike bronne van Suid-Afrika beheer. Dit was egter vir my interessant, en verbasend, dat dit juis mense is wat veronderstel is om na hulle eie belange om te sien, en nie 'n regering of die "staat" wat in die openbare belang regeer nie, wat op hierdie bepalings ooreengekom het.

Die voorrede word dus nie uitgelaat nie. Ek sou graag wou aantoon hoe die uitsprake van die politici ooreenstem met selfs die voorrede van hierdie handves. In die voorrede is daar 'n bepaling wat soos volg lui:

> . . . mindful of our important role in promoting human rights and the dignity of man . . .

Die Staatspresident is op rekord dat hy gesê het:[1]

> The recognition of the human dignity, life, liberty and property of all, the furtherance of the contentment and spiritual and material wealth of all, and the equality of all under the law, as expressed in the preamble to the Constitution unequivocally testifies to this.

(Die aanhaling slaan op die regering se voorneme om individuele belange te bevorder.) Verderaan in die voorrede van die FCI-handves vind 'n mens die volgende:

> . . . recognizing the need for South Africa to take up its rightful place in the international community, as a land of justice, equal rights and opportunities and to fulfil its duties in the community of free and peace seeking nations . . .

Die Suid-Afrikaanse Minister van Buitelandse Sake sê:[2]

> Ons is onwrikbaar deel van die vasteland van Afrika en ons is deel van die wêreld.

---

1 Persverklaring getiteld "Reaction of the government on the HSRC Report on intergroup relations" 12 Sept 1985 op 4.

2 *Debatte van die Volksraad* 31 Jan 1985 kol 287.

Die Staatspresident sê:[3]

> We accept unequivocally that the Republic of South Africa is part of the international community. We have no wish to isolate ourselves in the world, particularly not from Africa of which we form an integral part.

Die Staatspresident sê ook:[4]

> Op staatkundige gebied wil ek beklemtoon dat dit die regering se erns is in sy soeke na vreedsame en demokratiese oplossings wat aan die eise van billikheid en geregtigheid voldoen.

Sover dit die voorrede van die FCI-handves betref.

Kyk 'n mens na die artikels van die handves, is daar te veel om binne die kort tydsbestek te behandel. Ek neem lukraak 'n paar voorbeelde.

Ons kan by artikel 1 begin. Daar staan dit kort en kragtig:

> All human beings are born free and equal in dignity and rights.

(Dit is goed om voortdurend in gedagte te hou dat baie van die dinge wat hier aangehaal word, ook in die *Freedom Charter* staan, of as dit in chronologiese volgorde geneem word, is baie van die dinge wat in die *Freedom Charter* staan, ook hier te vinde.) Die Staatspresident het by geleentheid gesê:[5]

> We believe that human dignity, life, liberty and property of all must be protected regardless of colour, race, creed or religion.

Word na artikel 4 toe gespring, word 'n omstrede bepaling aangetref, een van die sogenaamde sosiale regte:

> Everyone has the right to equal education opportunities and in the exercise of any function which the parents or private institutions assume in relation to education and to teaching, the State shall respect the rights of parents to ensure such education and teaching in conformity with their own religious and philosophical convictions.

Die Staatspresident:[6]

> The Government has accepted the principle of providing and has repeatedly confirmed its intention to provide equal education opportunities including equal standards of education for all.

Volgens die Minister van Onderwys en Kultuur:[7]

> . . . sal by die bepaling van die leerinhoud . . . hierdie departement deeglik rekening hou met die siening van die ouers, die opvoeders en die gemeenskap wat ook die private sektor insluit.

Beweeg ons na artikel 5(3) vind ons die volgende:

> Persons belonging to ethnic, religious or linguistic minorities shall not be denied the right to enjoy their own culture, to profess their own religion or to use their own language.

---

3 *Debates of the House of Delegates* 31 Jan 1986 kol 5.
4 *Debatte van die Volksraad* 31 Jan 1985 kol 12.
5 *Debates of the House of Representatives* 31 Jan 1986 kol 11.
6 Persverklaring getiteld "Reaction of the government on the HSRC Report on intergroup relations" 12 Sept 1985 op 7.
7 *Debatte van die Volksraad* 29 Jan 1985 kol 180.

Die Minister van Onderwys en Kultuur:[8]

> In ons land met sy verskeidenheid kulture is dit noodsaaklik dat elke kultuur beskerm en vertroetel moet word.

Maar luister dan:[9]

> Dit is ook noodsaaklik dat kennis van en waardering vir die kultuur van ander groepe en nasies ontwikkel word om beter begrip en beter menslike verhoudinge te bevorder. Om aan 'n kultuurbedrywigheid deel te neem, is dus 'n voorreg wat 'n gemeenskap het.

Ons kan na artikel 6(1) toe gaan:

> Everyone has the right to own property alone as well as in association with others.

Die Staatspresident sê, en ofskoon dit nou reeds histories is, is dit tog interessant:[10]

> In die eerste plek wil ek sê dat dit niks nuuts is vir 'n blanke regering om die standpunt in te neem dat 'n nie-blanke gemeenskap eiendomsreg in blanke Suid-Afrika kry nie. Paul Kruger het dit reeds gedoen.

Verder sê die Staatspresident ook by geleentheid:[11]

> The ways in which the fundamental rights of individuals and groups such as life and property can be protected are therefore an essential element of the Government's agenda for constitutional reform.

Artikel 8(2) van die handves lees soos volg:

> Everyone has the right to work and to free choice of employment.

Dit moet toegegee word dat hierdie bepaling met gekleurde ore, maar nie in die "rasse-sin" van die woord nie, beluister moet word.

Die Staatspresident sê:[12]

> As far as job reservation is concerned, all forms of statutory job reservation have been abolished in accordance with the Government's declared policy, while the principle of abolishing job reservation in the mining industry was accepted in 1981 already. In the public service too is found that trained persons of all population groups are increasingly being appointed to positions previously held exclusively by whites.

'n Mens sou natuurlik kon argumenteer dat daar nog nie van 'n "reg" sprake is nie, maar dit lyk darem al asof daar 'n voet in die deur is, om dit spreekwoordelik te stel.

'n Mens kan na artikel 9 kyk. Dit is 'n interessante artikel:

> The people may themselves, for their own ends or through institutions of democratic government freely dispose of their natural wealth and resources without any prejudice to any obligations arising from international economic co-operation based on the principles of mutual benefit and international law. In no case may a person be deprived of his own means of subsistence.

---

8 *Ibid* kol 183.
9 *Ibid.*
10 *Debatte van die Volksraad* 31 Jan 1985 kol 329.
11 Toespraak van die Staatspresident tydens die Kaapse Kongres van die Nasionale Party op 30 Sept 1985 soos gerapporteer in *Business Day* van 1 Okt 1986.
12 Persverklaring getiteld "Reaction of the government on the HSRC Report on intergroup relations" 12 Sept 1985 op 7.

Die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning sê die volgende (en die reeks aanhalings wat volg moet in verband met mekaar gesien word):[13]

> Daar is 'n dringende behoefte daaraan om grondwetlike strukture te ontwerp en in te stel wat die demokratiese basis van ons land asook die basis van deelname aan die proses van politieke besluitmening in Suid-Afrika verbreed.

Die Staatspresident:[14]

> As regards backlogs in satisfying the elementary needs of certain communities everything possible should be done to counter the perception among some groups that they are being excluded from economic benefits. The reduction of inequalities and the elimination of absolute poverty by supplying basic human needs are therefore priorities. And in these respects progress has already been made. As regards greater participation in the economy to more equal opportunities and greater occupational mobility, the Government is in agreement with the report (dit was 'n verslag van die RGN) that access to key economic resources should not be determined by prescribed group membership. The Government has already adopted the view that it is necessary to abolish the measures that limit the possibility of greater numbers of entrepreneurs and professional persons of all groups availing themselves of opportunities in the market system.

Artikel 11 is die baie bekende gelykheidsbepaling:

> Everyone is equal before the law without any discrimination on the basis of race, colour, language, sex, religion . . .

ensovoorts. So onlangs as 31 Januarie 1986, sê die Staatspresident:[15]

> We believe that human dignity, life, liberty and property of all must be protected regardless of colour, race, creed or religion.

Verder:[16]

> On the personal and individual level respect for and the protection of human dignity, life, liberty and property of all.

En verder:[17]

> I have further repeatedly stated, the Government rejects discrimination – I have already repeatedly stated that if apartheid means racial discrimination and encroachment upon human dignity, then the South African Government shares in the rejection of that concept. For this reason we are involved in the pursuance of equal rights for individuals and security for groups.

Hy sê ook, baie insiggewend:[18]

> Besides the constitutional aspect, it is evident that further socio-economic reform based on the principle that discrimination on the basis of race, ethnic character and origin are rejected, is also put on the agenda by the Government.

En dan, dit is in 'n koerantberig, het die Minister van Buitelandse Sake die spreekwoordelike en waarskynlik anglisistiese kersie op die koek gesit toe hy gesê het:[19]

> Laws to enforce racial discrimination should never have been made.

---

13 *Debatte van die Volksraad* 1 Feb 1985 kol 405.
14 Persverklaring getiteld "reaction of the government on the HSRC Report on intergroup relations" 12 Sept 1985 op 6.
15 *Debates of House of Assembly* 31 Jan 1986 kol 11.
16 *Ibid* kol 12.
17 Toespraak van die Staatspresident tydens die Kaapse Kongres van die Nasionale Party op 30 Sept 1985 soos gerapporteer in *Business Day* van 1 Okt 1986.
18 *Ibid.*
19 Toespraak gehou te Johannesburg op 14 Okt 1985 soos gerapporteer in die *Pretoria News* van 15 Okt 1985.

Ons kan na artikel 12(1) gaan:

> Everyone has the right to life, (ofskoon professor Lourens du Plessis dit skynbaar ontken) liberty and security of person.

Hieroor sê die Staatspresident:[20]

> Recognition of the human dignity, life, liberty and property of all.

Weer sê hy:[21]

> The way in which the fundamental rights of individuals such as life and property can be protected is an essential element of the Governments's agenda for reform.

Artikel 16 lees:

> Everyone has the right of freedom of movement, and residence within the borders of the State.

Ongelukkig word dit nou gekoppel aan die sogenaamde begrip van ordelike verstedeliking waar die Staatspresident sê stappe ter bevordering van ordelike verstedeliking en die uitskakeling van negatiewe en diskriminerende aspekte verbonde aan instromingsbeheer, is onder dringende oorweging.

Artikel 17:

> Everyone has the right to freedom of opinion and expression.

Die Staatspresident:[22]

> We recognise the right to protest.

Dit is nogal 'n ingrypende erkenning.

> Everyone – artikel 18 – has the right of freedom of association, and the freedom of peaceful assembly.

Die Staatspresident:[23]

> The Government is prepared to accept in the interest of inter-group relations the free association of individuals and groups.

Artikel 19(2):

> Every citizen has the right to take part in public affairs directly or through freely chosen representatives.

Die Minister van Samewerking en Ontwikkeling (soos hy toe was):[24]

> Die aanvaarding dat alle groepe en individue aanspraak moet hê in politieke besluitneming wat hulle lewens en belange raak.

Staatspresident:[25]

> All South Africans must be placed in a position where they can participate in government through their elected representatives.

---

20 Persverklaring getitled "Reaction of the government on the HSRC Report on inter-group relations" 12 Sept 1985 op 4.
21 Toespraak van die Staatspresident tydens die Kaapse Kongres van die Nasionale Party op 30 Sept 1985 soos gerapporteer in *Business Day* van 1 Okt 1986.
22 *Ibid.*
23 Persverklaring getiteld "Reaction of the government on the HSRC Report on inter-group relations" 12 Sept 1985 op 4.
24 *Debatte van die Volksraad* 28 Jan 1985 kol 49.
25 *Debates of the House of Delegates* 31 Jan 1986 kol 11-12.

Artikel 19(4):

> Due regard being given to the protection of the rights of minorities, the will of the people shall be the basis of authority of government.

Staatspresident:[26]

> I finally confirm that my party and I are committed to the principle of a united South Africa, one citizenship and, (belangrik) universal suffrage.

Artikel 20:

> The institutions of democratic government and in particular the separation of state powers, the independence of the judiciary, the supremacy of the legal system, the freedom of the press, and the free formation of political parties shall be the foundation of South African statehood.

Staatspresident:[27]

> The government is committed to democracy as the only acceptable way in which substance can be given to every South African's political aspirations.

Verder:[28]

> We believe in the sovereignty of the law as the basis for the protection of the fundamental rights of the individual as well as groups. We believe in the sanctity and indivisibility of law and the just application thereof. Solutions must be democratic – . . . the Political Interference Act was repealed.

In die laaste instansie sal ek u vinnig na artikel 22 toe neem:

> South Africa as a sovereign state, shall respect the rights and independence of all nations and shall strive to maintain world peace and the settlement of all international disputes by negotiation, not war.

Die Staatspresident:[29]

> Suid-Afrika is nie 'n eiland nie en sal sy regmatige plek inneem in die Statery en in besonder in die vasteland waarvan hy deel is met behoud van die mooi tradisies en kultuurbesit van al ons verskillende groepe.
>
> The national party also opposes any selfish motives in relations among nations. We remain committed to peace. The Government is willing to hold discussions with each South African who is interested in peaceful solutions.[30]

Samevatting

Nadat ek hierdie oefening gedoen het, het ek gaan tel. In byna 70% van die gevalle (op die basis van die aantal artikels en sub-artikels van die FCI-handves) is die tipe uitlatings van die Staatspresident of sy senior ministers sodanig dat hulle aan die handves herinner. Dit lei tot die gevolgtrekking, hopelik logies, dat die regering heeltemal vertroud is met die uitdrukkings wat in menseregtehandveste gebruik word, en met menseregtehandvesterminologie. Die regering gebruik ook inderdaad self hierdie uitdrukkings. My

---

26 Toespraak van die Staatspresident tydens die Kaapse Kongres van die Nasionale Party op 30 Sept 1985 soos gerapporteer in *Business Day* van 1 Okt 1986.

27 Persverklaring getitled "Reaction of the government on the HSRC Report on intergroup relations" 12 Sept 1985 op 11.

28 *Debates of the House of Delegates* kol 11.

29 *Debatte van die Volksraad* 21 Jan 1985 kol 5.

30 Toespraak van die Staatspresident tydens die Kaapse Kongres van die Nasionale Party op 30 Sept 1985 soos gerapporteer in *Business Day* van 1 Okt 1986.

probleem met die regering se gebruik van hierdie uitdrukkings is egter dat dit op die oog af en klaarblyklik geheel en al struktuurloos gedoen word. Dit kan doelbewus struktuurloos wees omdat die regering dit nie in 'n vorm wil giet nie; dit kan uit onkunde wees, wat 'n mens nie graag aan hulle wil toeskryf nie; of dit kan eenvoudig wees dat dit idiosinkraties is om dit te doen op die manier waarop hulle dit doen. Gelukkig lyk dit, te oordeel aan die jongste parlementêre openingstoespraak van die Staatspresident, dat hierdie uitdrukkings in 'n sekere vorm agter mekaar gegiet begin word. Maar van werklike behoorlike struktuur is daar nog geen sprake nie. Dit lei my tot die volgende bewering: op grond van die 70% ooreenstemming tussen wat die regering sê en wat in menseregtehandveste staan (vir die doeleindes van hierdie bespreking word aanvaar dat die FCI-handves 'n verteenwoordigende handves is) kan hierdie uitlatings in 'n behoorlike menseregtehandvesstruktuur gegiet word. Dit lei tot die volgende bewering: die regering het na my mening op hierdie stadium niks te verloor deur hierdie gedagtes en uitlatings van hom in die vorm van 'n menseregtehandves te begin giet nie. Hy kan net alles wen. En as dit na propaganda vir die regering klink, sê ek graag dit is die allerlaaste wat beoog word. Ek plaas die regering in 'n sekere mate voor die uitdaging deur te sê (en dan gebruik ek graag 'n uitdrukking wat hulle nogal graag gebruik) dat hy sy huis 'n slag in orde moet kry sover dit 'n menseregtehandves betref: of, om 'n Engelse woordspeling te gebruik: "Maybe the government should put its bill of rights where its mouth is."

Ek sluit af met drie kort punte. Eerstens: ek dink as die regering 'n verklaring van regte aanneem, kan hy die meeste Suid-Afrikaners nog steeds oortuig van sy opregtheid om 'n vry Suid-Afrikaanse gemeenskap wat op gelykheid en die "rule of law" gebaseer is, te skep. Tweedens: in die een of ander vorm is die regering vandag 'n oorgangsregering in die sin dat hy gesag begin oordra. 'n Oorgangsregering het egter 'n baie positiewe rol om te vervul. Dit is my oorwoë mening dat die regering op hierdie stadium 'n verklaring van menseregte moet aanneem; en ek laat my nie daaroor uit of dit afdwingbaar moet wees en of dit net 'n verklaring van voorneme moet wees nie. Bloot deur die aanname daarvan, deur sy standpunte en uitlatings in die struktuur van 'n formele menseregteverklaring te giet, kan miskien selfs ook die *Freedom Charter* se ondersteuners 'n mate van bevrediging kry; boweal kan dit geweldig baie bydra tot die positiewe oorgangsrol wat die regering te speel het. Die laaste punt: die regering "praat" soos 'n "bill of rights", en miskien juis omdat hy die regering is, moet hy dit 'n slag ook "doen".

8 Cardinal constitutional and statutory obstacles which obstruct the introduction of a justiciable bill of rights in South Africa

GE Devenish
BSc LLD
Professor of Public Law, University of Natal

1 INTRODUCTION

The rationale behind this paper is to consider and evaluate certain of the more significant legislative enactments which would obstruct the introduction of an entrenched and enforceable bill of rights together with certain cognate constitutional and political issues. An academic paper of this nature cannot provide an exhaustive account and analysis of the plethora of statutory provisions that infringe civil and political rights in our country and that result in gross economic inequality between blacks and whites.

South Africa has undergone and continues to experience a controversial process of change and endemnic crisis.[1] Racialistic laws like the Prohibition of Mixed Marriages Act,[2] section 16 of the Immorality Act[3] and the Prohibition of Political Interference Act[4] have as a consequence of this traumatic process of change been repealed. In addition, the new tri-party coalition government has, as a prelude to the invocation of its clearly enunciated policy of power sharing with Blacks, (whatever this may mean), ostensibly dismantled the administratively labyrinthine system of influx control[5] and has subjected the Reservation of Separate Amenities Act[6] to investigation. The extent to which influx control* and the Reservation of Separate Amenities Act will indeed be abolished is uncertain. As they have existed and operated they have constituted insurmountable obstacles to the quality of treatment and freedom of movement which are inherent in and indispensible to the content and jurisprudence of a western styled and operative bill of rights. Because of their prospective possible complete demise, these two statutory manifestations of the apartheid system will not be scrutinised with the view to the introduction of a bill of rights.

---

1 See *SA Digest* 4 October 1985, 899 "Major restructuring of government policy".
2 No 55 of 1949, repealed by Act 72 of 1985.
3 No 23 of 1957, amended by Act 68 of 1967 and 57 of 1969 and repealed by Act 72 of 1985.
4 No 51 of 1968, repealed by s 1 and 2 of the Constitutional Affairs Amendment Act 104 of 1985.
5 The government has committed itself to a review of influx control and a positive urbanisation policy – see *SA Digest* 6 September 1985, 803.
6 At present this matter is being investigated by the president's council.
* After this paper had been delivered, the system of influx control was abolished by the Abolition of Influx Control Act 68 of 1986 (eds).

A comprehensive and justiciable bill of rights could provide a cogent mechanism to protect individual liberties in a new South African constitutional and political dispensation which could be essentially democratic, non-racial and would, therefore, adhere to the spirit and practice of the Rule of Law. However, such a bill of rights could at most be part of an entirely new constitutional order which would, inter alia, it is submitted, have to include a non-racial territorially based negotiated federation[7] (which by its very nature and operation involves continuous negotiation and compromise) and a demonstratively effective programme of social democracy or democratic socialism,[8] operating in a liberal democratic framework, for the systematical upliftment of impoverished black communities, all of which would have to be the end product of an authentic process of negotiation between the legitimate leaders of the recognised cultural and language groups that inhabit South Africa. Furthermore, the dialectic involved in this paper is premised on an enforceable bill of rights that protects essentially political and civil rights and not one that includes a host of socio-economic rights like the right to employment, housing and a decent standard of living. It is submitted that socio-economic upliftment, which is considered to be imperative for a just society must flow from a policy of effective social democracy[9] rather than from the invocation of the provisions of a bill of rights. A further relevant consideration is that an operative bill of rights is incompatible with a centrally planned marxist economy and a one party state.[10] It is therefore submitted that significant adjustments would have to be made to the economic system thereby producing a mixed economy, but without destroying the metaphorical goose that lays the golden egg, and thereby preserving the operation of the Rule of Law in society. Those who wish to effect a radical change in the nature of the South African economy, regard a bill of rights and the Rule of Law as a serious constitutional obstruction.[11] The systematic implementation of socio-economic human rights would require "all the detailed administrative apparatus of the planned economy, which lies beyond the control of declaration, mandamus, and other methods of enforcing public duties."[12] Furthermore, according to Cranston[13] the effect of amalgamating within one document a multitude of heterogeneous rights, is "to push all talk of human rights out of the realm of the morally compelling into the twilight world of utopian aspiration."

2 RACE CLASSIFICATION

The notorious system of race classification based on the Population Registration Act[14] is seminal to the political philosophy and constitutional practice of race differentiation and pseudo-decolonisation. Without legally

7 See the *Buthelezi commission report* (1982) vol II 107.
8 See Schonfield *In defence of a mixed economy* (1984) and also MacCormick *Legal right and social democracy* (1984) 1.
9 *Ibid.*
10 Davis "The Rule of Law and the radical debate" (1981) *Acta Juridica* 65 and Hayek *The constitution of liberty* (1972) 232.
11 See the Davis-Forsyth debate in the 1980 *SALJ* 94, 103, 616 and 623.
12 Jaconelli *Enacting a bill of rights* (1980) 8.
13 Cranston *What are human rights?* (1973) 68.
14 No 30 of 1950.

endorsed race classification the complex structure and design of *apartheid* as it has evolved with all its manifold ramifications would collapse like a pack of cards.

The act provides for an exhaustive compilation by the Director General of the Interior, of a register of the complete South African population, which must indicate the classification of each person "as a white person, coloured person or a Black person as the case may be, and every coloured person and every Black person whose name is included, shall be classified by the Director-General according to the ethnic or other group to which he belongs." Furthermore, in South Africa a person's political, civil, economic and social rights are determined by racial status as a result of a legion of discriminatory statutes. Therefore, voluntary political and economic association is legally impermissible.[15] Indeed one of the most imminent issues in the current political and constitutional debate relates to the desirability of legislatively enforced group association, as opposed to uninhibited voluntary association.[16] Whites in general, and National party supporters in particular, are at present adamant that the survival of their cultural identity, political privilege and hegemony, necessitates rigidly enforced race classification and consequently they have a pathological fear that its abolition would result in their catastrophic political and economic demise and an irreconcilable and violent conflict between opposing black ethnic groups in South Africa. When the Prohibition of Political Interference Act[17] was repealed in 1985, Mr Heunis stressed that "the abolition of the act did not mean that the government had abandoned its declared policy that all groups must take part in decision-making processes as groups."[18]

Teen hierdie agtergrond is dit vanselfsprekend dat hier net enkele kursoriese opmerkings gemaak kan word. Aan die hand van 'n paar stellings, wil ek graag bespreking uitlok. In die eerste instansie, kortliks gestel, is dit jammer dat 'n menseregtedebat in Suid-Afrika niks meer geword het as 'n politieke debat nie. Dit is dikwels maar net die raamwerk van 'n eie ideologies-politieke standpunt, of voorveronderstelde politieke denkmodelle, of selfs 'n eie godsdienstige uitgangspunt. Die standpunt dat menseregte slegs maar meerderheidsregering op die basis van een mens een stem beteken, is hiervan 'n voorbeeld. Dit is vanselfsprekend dat binne die raamwerk van hierdie politieke kleur wat aan die menseregtedebat gegee word, daar min ruimte vir 'n behoorlike juridiese analise is. Dit is kortliks my standpunt dat wanneer ons uitgaan van die aanvaarding van 'n menseregtehandves vir Suid-Afrika, soos ek ook daarvan uitgaan, ons drie hoofkomponente het waaraan aandag gegee moet word. Dit is die inhoud van daardie akte, sy werking in die praktyk (dit wil sê sy trefwydte), die beperkings wat op elke reg geplaas word en die kontrole. Dit sou ons nie baat as ons die menseregtedebat bemoeilik, met uitsprake soos onlangs by die Universiteit van Kaapstad se konferensie gemaak is, dat in die nuwe Suid-Afrika of Azanië dit eintlik maar 'n geval sal wees dat ons nie menseregte nodig sal hê nie, omdat, soos my kollega Du Plessis ook daarna verwys het, 'one comrade will only protect the other'. Dit kan nie ontken word nie en dit is 'n faset wat in Suid-Afrika behoorlik nagevors moet word, dat so 'n benadering niks anders is nie as wat in die Duitse literatuur 'sozialistische Gesetzlichkeit' genoem word, wat juis die kern vorm van die kommunistiese staatsregsleer.

Aan die ander kant van die pennie, naamlik die benadering in die VSA, wil ek kortliks aanstip dat die inhoud daarvan neerkom op 'n oordrewe, byna oewerlose, byna grenslose, vorm van menseregte. Die begrensingsproblematiek, wat eintlik in die hart van enige menseregtekonsep gevind moet word, kry in die Amerikaanse benadering selde enige aandag. 'n Tweede probleem wat uit die Amerikaanse menseregtebenadering voortspruit, is dat die Amerikaanse konsep ook behels dat menseregte nie slegs toepassing in die publiekregtelike verhouding tussen staat en burger vind nie.

Die grondpilare vir enige menseregtekonsep is vryheid en gelykheid. As ons nou die menseregtebenadering binne die privaatregtelike verhouding van individu tot individu wil indwing, kry ons die volgende resultaat:

> As die staat deur wetgewing my verplig om almal op 'n sekere manier te behandel of voorskryf dat ek ander nie op 'n bepaalde manier mag behandel nie, ontneem die staat my die vryheid om bepaalde voorkeure te mag hê en maak dit so 'n inbreuk op my eie vryheid.

Teenoorgestelde benadering bring uit die aard van die saak weer die gelykheid ter sprake. Die enigste werkbare oplossing vir die spanningsverhouding tussen vryheid en gelykheid is om te sê menseregte vind slegs toepassing in die publiekregtelike verhouding tussen staat en burger. Menseregte is afweerregte teen inbreukmaking op my vryhede. Ek kan ongelukkig nie lank ingaan op die baie interessante probleem van groepregte nie. Ek weet dat my kollega, professor Corder, is waarskynlik 'n teenstander hiervan, maar ek wil kort en kragtig vir u sê dat die erkenning van groepregte niks anders maar ook

niks meer is nie, as die erkenning van die reg van selfbeskikking van volke, wat 'n internasionaal erkende volkeregtelike norm is, wat ingeskryf is in die handves van die Verenigde Volke en wêreldwyd aanvaar word. My kollega professor Du Plessis sê ek moet vir hom een voorbeeld noem en dan sal hy dalk sy standpunt verander waar groepregte binne staatsverband 'n rol speel en ter sprake kom. Ek kan maar kortliks verwys na die situasie in België met betrekking tot die twee taalgroepe en dan veral wat hulle gedoen het met betrekking tot die universiteit van Leuven om dit praktiese gestalte te gee. Ek sou ook 'n paar oomblikke kon stilstaan by die ewe belangrike vraag, naamlik of daar aanknopingspunte in die regsleer en praktyk te vind is vir die benadering van 'n verskillende maar gelyke behandeling. Ek kan ongelukkig hierop ook nie breedvoerig ingaan nie, maar ons moet ook nie so maklik aanvaar soos wat in Suid-Afrika vir ons gesê word dat daar nie onderskeidings mag plaasvind tussen bevolkingsgroepe, met die enigste maatstaf dat daardie onderskeidings nie benadelend moet werk nie. Ek wil u slegs verwys na die baie interessante beslissing van die Maleisiese Minerale Hof, waar die hoofregter die volgende sê:

> "the principle underlying article 8 is the equality clause in the constitution of Malaysia. The principle underlying article 8 is that a law must operate alike on all persons under suchlike circumstances; not simply that it must operate alike on all persons in any circumstance, nor that the state is no longer to have the power of distinguishing and classifying persons."

Ek sou ook kon wys op 'n ander uitspraak van dieselfde hof, waar nog 'n baie sterker benadering met betrekking tot hierdie aangeleentheid gestel word.

Ek kan ongelukkig ook nie ingaan op die baie interessante uitspraak van die Amerikaanse 'Circuit Court' nie en kan maar net vir ons geleerde regters daarop wys. In hierdie uitspraak sê die hof – en ek haal hom kortliks aan:

> Some of the rights relied upon by appellants as stating principles of international law recognising individual rights are clearly not expected to be judicially enforced throughout the world . . . Since enforcement of these principles would revolusionize most societies.

Menseregte het ook nie bloot die funksie om meerderheidsregering op die basis van een mens een stem te verwesenlik nie, want sou menseregte slegs hierdie kwalifikasie gehad het, sou die werking daarvan onmiddellik beëindig moet word, waar meerderheidsregering reeds verwesenlik is. Menseregte is ook nie iets wat in die lug rondsweef en wat na willekeur uit sy voorpositiefregtelike vorm soos 'n bottel medisyne geneem kan word om 'n bepaalde *ad hoc*-situasie reg te dokter nie. Dan, waarskynlik die heel laaste maar ook die heel belangrikste gedagte, volgens my standpunt, ons het in Suid-Afrika al baie oor menseregte gesê, maar myns insiens nog niks gepraat, behoorlik gepraat, oor die begrensing, oor die afgrensing, oor die omlyning van menseregte nie, want hierin, as ons 'n menseregte-akte erken, lê die belangrikste taak van 'n hof. Daar is bloedweinig regte wat in artikel 1 tot en met 19 van die Duitse grondwet vervat is wat nie elk 'n beperking in hom ingebou het nie. In die Duitse reg, (ken ek drie beperkings: Elke grondreg het grense; in die tweede instansie, aan die hand van ander norme word perke gestel en in die derde instansie perke deur middel van algemene wetgewing. Uit hierdie oogpunt beskou, moet ek sê is staatsveiligheid nie 'n probleem in die Duitse reg nie, want aan die howe word die funksie verleen om die regte van die staat en die regte van die individu behoorlik te balanseer. Ek sluit af, dames en here: Graag, baie graag, 'n akte van menseregte, maar nie 'n akte van menseregte waaragter weggekruip word om daardeur my reg van voortbestaan in Suid-Afrika te ondermyn nie.

Prof DM Davis

(Professor Davis submitted a paper entitled *Legality and struggle: towards a view of a bill of rights for South Africa* during the panel discussion – see appendix 1.)

I have prepared a paper which is in front of you and I am going to make some comments in relation to that paper. Perhaps I should start off by saying that the proposition of understanding a bill of rights in South Africa cannot be examined either in idealistic terms or in a historical fashion. For example, this morning, Professor Dugard spoke about why there was a concern with a bill of rights in South Africa at present, and he mentioned a whole series of reasons, such as renewed support for the PFP, increased pressure from the national human rights movements, greater cultural connections with the USA, interest rates, interest in a bill of rights in other countries, comparative regimes like those of Bophuthatswana, Namibia, etcetera. I was intrigued to listen to this, because there was not one reference to the massive amount of extra-parliamentary pressure, which has been exerted in this country since 1973 and the Durban strike and no mention was made of the intensified international pressure with respect to disinvestment, or to the fact that South Africa at present suffers from a major crisis of legitimacy.

South Africa is today – and I think we must be blunt about it – in a situation where large areas are becoming civil war zones and where some black local authorities can only function with army and police support. It has been suggested that black community councils have become negatively portrayed as urban equipments of the homeland rulers. In this context it seems to me not surprising that a bill of rights and new constitutional orders are once more on the agenda. They are on the agenda precisely because of the legitimacy crisis. The point is that bills of rights in South Africa and arguments in relation thereto have to be predicated upon an understanding that the South African state is in an enormous crisis. It cannot move without the aid of the police and the army in vast areas of this country. That is a reality. Within the context of that reality, it is not surprising that matters of legality and bills of rights have come to the fore.

In contrast to the situation in Sharpeville in 1961, where the state was able to repress the African National Congress, the Pan Africanist Congress and other organizations with some measure of ease, the 1985 state of emergency has not proved a success for the repressive arms of the state. By contrast, the oppositional organizations are stronger today than they were before the state of emergency. It is true that a vast variety of weapons could be unleashed and oppression be used to quell and to crush the resistance, but I dare say that if this were to happen it would drag South Africa into a wasteland and it would hardly, if ever, be possible to perpetuate any form of civilized standards and economic growth in South Africa. Thus more than any other factor of the structure of the struggle within South Africa today, bills of rights and legality are back on the agenda.

The question about a bill of rights can be evaluated in three categories:

(a) a limited bill of rights of the kind that has been mentioned this morning,

(b) a completely liberal bill of rights and

(c) a bill of rights for a future democratic dispensation in South Africa, within the framework of a convention and the participation of all political groups.

If a full liberal bill of rights was, in fact, implemented in South Africa today, I have absolutely no doubt that it would be revolutionary, in that it would be completely incompatible with the constitution based upon the Population Registration Act and bolstered by a system of security legislation. The whole structure of the South African constitutional arrangement of today would have to collapse. Now I am not as naïve as to believe that that premise falls within government thinking, which has been obsessed with ethnicity of a statutorily defined nature. I note that my colleague, Professor Jacobs, (and obviously there are others as well) is even more committed to ethnicity of a statutorily defined and imposed nature. The kind of bill of rights that would be implemented in South Africa – if at all – would be a limited bill of rights. I believe that it would be a bill of rights within the context of consociational structures, thereby acting as a veto for whites, although official discourse will claim it to be concerned with the protection of group rights. The recent amendments to the Public Safety Act which extend the powers of the Minister of Law and Order to declare a limited state of emergency, are significant.

In short, the kind of argument that I believe is presently operative within South Africa, is one which is antithetical to a liberal bill of rights. By contrast, the fact that the *Freedom Charter* is on the political agenda of the United Democratic Front, indicates that, unlike the government, the opposition is concerned to deal with individual rights and the promotion of social justice. I must take issue with what was said this morning with regard to the fact that the *Freedom Charter* received a very belated mention right at the end of discussions. The *Freedom Charter* and the debates in relation thereto are vitally important, if indeed, the South Africa of the future is going to resolve the tensions of individual rights and the promotion of social justice. I am not one of those people who believe that bills of rights can only be discussed after power has been transferred. I believe that it is absolutely imperative that if a democratic tradition is to survive in this country, it begins to operate now and that it is extended, deepened and enriched. That means, to a large degree, that one should hope that the debates around the *Freedom Charter* and documents such as this continue.

What I am trying to say, ladies and gentlemen, is that the kind of legality which will operate in the South Africa of the future might be very different to the kind of legality we are talking about at the moment. Informal justice is not only found in communist countries. Informal justice is a very important component, not only of a third world society, but also of a first world society. Within that framework, I am suggesting that the kind of discussions that will have to take place, will be for a South Africa of the future with a bill of rights which has legitimacy. One must bear in mind that a recent Human Sciences Research Council study suggested that 69% of those black South Africans between the ages of eighteen and forty-four in the PWV area earning R300 or more and with a matric, were likely to support the ANC. Within that context it is quite clear that the kind of bill of rights that will work will have to be concerned with the redistribution of wealth and cannot be perceived as being a white veto.

Finally, if, during an interim phase, a bill of rights is indeed to be implemented by this government under the kind of pressure which I have been talking about, that too should not be completely dismissed, for in the final analysis it will open up space for organizations to actually develop politically. That, in itself, might well preserve a tradition.

Dr H Corder

Enige debat oor 'n menseregtehandves in Suid-Afrikaanse konteks moet met veral twee werklikhede rekening hou, naamlik die huidige sosio-ekonomiese-grondwetlike stand van sake en die strukturele geskiedenis en huidige toestand van die regstelsel.

Met betrekking tot die eerste aangeleentheid aanvaar ek die volgende stellings as beskrywend van die werklikheid en as grondslae vir sinvolle bespreking: Algemene sosiale verhouding word gekenmerk deur onkunde, agterdog, vrees en haat. Dat dié sektore van 'n bevolking wie se toekoms so innig van mekaar afhang so min van mekaar weet en begryp, is 'n betreurenswaardige feit. Die ekonomiese stelsel is vinnig besig om in duie te stort en die gepaardgaande werkloosheid gee aanleiding tot 'n wydverspreide gevoel van magteloosheid en wanhoop. Die konstitusionele bedeling is bankrot – 'n groot meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking ondersteun dit nie, die regerende groep reageer hoofsaaklik teen buite-parlementêre druk en die wettigheid (om nie eers te praat van die legitimiteit nie) van die regering word wyd en syd bevraagteken.

Teen hierdie agtergrond moet die *menseregtehandves*-idee ontleed word. In sy moderne gedaante, soos algemeen begryp, is 'n menseregtehandves amper sinoniem met die geskrewe produkte van die Franse en Amerikaanse Rewolusies. Dit is te verwagte dat die oorwinning van die bourgeoisie oor die feodale magte sou gelei het tot 'n oordrewe beklemtoning van die begrip van privaateiendom. Onder die Suid-Afrikaners wat as wit geklassifiseer word, was die moontlike totstandkoming van 'n menseregtehandves nooit 'n gewilde gedagte nie. Dit is gewoonlik gesien as 'n uitheemse gevaar wat hulle bevoorregte posisie sal ondergrawe. Dit blyk egter dat die nuttigheid van so 'n waarborg van sekere regte besig is om skielik steun te verwerf, maar in die vorm van die beskerming van "groepregte" (apartheid). Geen wonder dus dat dit met grootskaalse en diepgegronde agterdog bejeen word deur daardie mense wat dekades lank gely het onder die las van blanke bevoorregting en vooroordeel en wat duidelik tans die politieke inisiatief neem. Onder hierdie omstandighede is dit vanselfsprekend dat 'n manifes wat deur die Parlement uitsluitlik opgestel word en wat enigsins na "groep", "nasie" of "volk" verwys, van nul en gener waarde sal wees.

Dit beteken nie dat daar niks aan die probleem van die skending van menseregte gedoen moet word nie. Albei bronne van ons regstelsel (die Romeins-Hollandse en Engelse reg) het die erkenning van basiese regte hoog op prys gestel. Hierdie besorgdheid is sistematies en al hoe vinniger gedurende die twintigste eeu amptelik deur die owerhede verpletter, maar dit bly nog in die bewussyn van groot gedeeltes van die landsbevolking voortbestaan, (vergelyk byvoorbeeld die *Freedom Charter* van 1955.) Hierdie gesindheid moet aangemoedig word deur die erkenning deur die wetgewende, uitvoerende,

en regsprekende gesag van fundamentele prosessuele regte, sodat 'n bewustheid van die waarde van menseregte vir almal weer deel kan word van die murg en been van ons regspolitieke stelsel. Daar word ook voorgestel dat een enkele substantiewe reg onmiddellik gewaarborg word, naamlik die reg van vrye assosiasie, sodat alle apartheidswetgewing afgeskaf kan word. So 'n proses moet voorts natuurlik onvermydelik met ingrypende politieke veranderinge gepaardgaan, anders sal dit 'n niksseggende oefening wees.

'n Duidelike gevolg van so 'n proses is dat die gewone howe (wat myns insiens die aangewese liggaam is om sulke regte toe te pas) hulle benadering teenoor die regsprekende taak aansienlik sal moet heroriënteer. Of hulle daartoe in staat is, in die lig van hulle houding teenoor soortgelyke probleme deur die jare, is 'n ope vraag. Die gevaar van meer openlike politieke aanstellings tot die regbank moet ook hier in gedagte gehou word.

Daar word ter opsomming voorgestel dat 'n proses van diepgaande verandering en die skepping van 'n eenheidstaat waarin universele stemreg bestaan, vergesel moet word van 'n doelbewuste program om prosesregtelike geregtigheid te verseker en om substantiewe menseregte geleidelik in ons politieke bewussyn in te lyf. 'n Menseregtehandves deur die heersende groep op die bevolking afgedwing, sal nie geduld word nie.

11 Oop bespreking / Open discussion — 1 Mei 1986 / 1 May 1986

Voorsitter / Chairman **Mr Roger Cleaver** — President of the Association of Law Societies

Chairman

I haven't heard a voice against a bill of rights. It seems to me that we have had views from both sides of the scale: We have had the purely theoretical view expressed by Professor Du Plessis – I hope he doesn't mind me calling it purely theoretical – the practical implications of such a bill by Advocate Yacoob and then the middle road suggested by Professor Dugard and also referred to by other speakers. It seems too, that that may well be a worthwhile topic to stand still at – to consider those three possibilities.

Prof DC du Toit

Professor Schlemmer het verwys na groepregte. In 'n sekere sin voel ek 'n bietjie skuldig. Ek het in 1980 in getuienis 'n dokument voor die Presidentsraad gelê, waarin die eerste keer hierdie kwessie van groepregte gepropageer is. Ek het dit daarna soos 'n warm patat gelos, om twee redes: in die eerste plek, is die hele begrip van groepregte teoreties onoplosbaar – dit word effens anders genuanseerd gestel deur Professor Schlemmer en in 'n sekere sin probeer hy dit oplos, maar Lourens du Plessis het die teoretiese onhoudbaarheid daarvan in 'n sekere sin aangeroer. Ek dink nie dis geldig nie. Aan die een kant dink ek dis teoreties onhoudbaar, in die tweede plek is die probleem (en dit is veral waarom ek dit gelos het) dat dit beskou word as 'n heilmiddel of geneesmiddel vir alle moontlike kwale, wat dan vertolk of geïnterpreteer word in die sin van groepsbevoorregting. Dit is blykbaar waarom die huidige regering so veel aandag op die oomblik probeer gee aan groepregte en dit propageer. Ek dink dit is die twee redes waarom 'n mens versigtig moet omgaan met groepregte.

Op die oomblik word groepregte in sommige kringe gesien as iets wat 'n reg gaan gee op aparte skole, aparte woonbuurtes, ensovoorts. Met ander woorde, 'n voortsetting van apartheid in 'n ander vorm, in die vorm van groepregte, terwyl dit glad nie is waaroor groepregte aanvanklik gegaan het nie, of waaroor dit behoort of kan gaan nie. Dit is die klassieke vorm van die sogenaamde reg op die heem, of wat jy dit ookal wil noem, op grondgebied, waarin groepregte soms vertolk is as sou dit die reg behels van die groep om nie verdryf te word uit die gebied wat hy okkupeer nie. Dit sou dus juis, byvoorbeeld gewerk het teen verskuiwings van mense of hele groepe mense uit areas wat hulle bewoon, dit wil sê, presies die teenoorgestelde van wat ons gehad het in hierdie land en miskien nog het. Die reg van 'n individu om nie verdryf te word nie kan slegs met verwysing na die groep vasgestel word.

Prof L Schlemmer

Ek dink dat indien die hele saak van groepregte benader word vanuit die hoek van 'n afgebakende groep, wat op 'n basis van etnisiteit of rasse-identiteit regspersoonlikheid kry, dan is dit onhoudbaar. Ek dink dit is teoreties onhoudbaar, maar dit is ook moreel onhoudbaar in ons hele opset. Die feit is, indien 'n mens kyk na baie van die Europese demokrasië, dan het 'n mens met die neiging daar tot koalisieregering, wel 'n staatsvorm waar groepregte 'n rol speel – ek praat nou nie van etniese groepe nie, ek praat van belangegroepe, streke, klasse en godsdiensgroepe. In 'n ewolusionêre proses het 'n bestel daar ontwikkel waar daar 'n uitbalansering of afbalansering van die belange van verskillende groepe is en dit kry 'n gestalte in 'n koalisieregeringsvorm. Ek wil nie eers naby aan die idee van bevolkingsklassifikasie kom nie. As 'n mens egter vanuit die hoek kom van 'n bestel waar die regeringsvorm en veral die vorm van die uitvoerende bestel 'n afbalansering van verskillende belange in die gemeenskap is, soos hierdie belange in politieke partye gestalte kry, dan kry 'n mens 'n ander idee van 'n moontlikheid in verband met groep- of kollektiewe regte wat baie meer houdbaar is.

Mr W Lane

I picked up something that sounds rather like an eternal verity and if it is correct, I would like to have it in my collection of eternal verities: Collective rights can enable, individual rights can protect. I understood Professor Schlemmer as saying that individual rights are something just for protection. If that is correct, I would say that Professor Schlemmer is wrong, because surely the greatest individual right is freedom of speech and freedom of assembly. And if you have the right of freedom of speech, everything else follows. The present distressing situation in this country surely is due to the desire on the part of successive governments to suppress freedom of speech. Before the ANC was banned, it was a peaceful organization. I heard on the radio this morning that the government would talk to the ANC if it gave up violence. But the ANC did not practise violence at the time it was banned. Surely freedom of speech is something on which everything depends, that is an individual right and that is probably the most enabling right of all. All the other rights which Professor Du Plessis expounded, are rights which we could achieve for ourselves if we had freedom of speech and freedom of assembly. Most removals of groups of blacks are achieved by stopping the people from meeting. They may not meet without permission. Therefore the authorities are able to say that they know what these people want and therefore they all want to move. If those people were allowed to meet and express their views, they would be protected from being unlawfully removed. Could we ask Professor Schlemmer just whether he takes such a negative view of individual rights as I understood he was taking.

Prof L Schlemmer

What I was doing, in fact, was making a rather stylized distinction just to make a point. Quite obviously I regard human rights and individual rights as absolutely fundamental. In a situation where the constellation of forces and structures in a society is favourable – and by favourable I mean one

in which there is a natural balance of interests and forces so that you cannot have any one particular set usurping the interests and freedoms of others as we have had in the past under the apartheid regime – individual rights can go a very long way to meet the kind of fears which would make people wish to acquire collective rights. So, it is entirely possible that in post-industrial societies, where there is a high level of affluency, the notion of collective rights becomes rather academic. Even trade union rights are becoming less relevant in some societies, because individual rights are so effective and powerful. The problem is that in our country we have a constitutional hump to get over. Our society has got a dynamic balance in potential to have a completely normal open democracy with no particular provisions for collective rights. The hump is constituted by a minority which at the moment is usurping the freedoms of the majority, but also the possibility of a compact majority from the other side, which will usurp freedoms in the same way and therefore there is fear on both sides. If we can get over this hump, we shall have a normal society. Collective rights may play a role in getting over the hump.

Prof PL Volpe

All day we have talked of a bill of rights being conceived and born in South Africa. Some of the speakers have questioned the paternity of such a bill – possibly the paternity might not even be above suspicion – other speakers have expressed fears that such a bill might well end in a miscarriage. Have we given thought to an African convention on human rights, in other words, a convention similar to the European Convention on Human Rights, which is created not by a white minority in South Africa, but by states, black and white, in Southern Africa, signed by states in Southern Africa? This type of convention might be far more acceptable than one born and bred within South Africa.

Adv Z Yacoob

What we are suggesting, is a convention in this country, consisting of representatives of all the people within the country. And once this is sorted out it can be decided whether it is desirable to become involved in a convention with other countries as well. Until there is a convention between those not represented and those represented within the country itself, it seems like skipping a very important step and perhaps deceiving oneself talking about a convention in which other countries are involved as well.

Adv MS Motshekga

We have one white South Africa and several black mini South Africas. The constitution of this country is not valid and therefore the other mini states or so-called 'national states' within South African cannot be valid either. A change in the constitutional order of the country necessarily means a dismantling of all bantustans. I think that anything that is desired in the line of group interests is embodied in the *Freedom Charter.*

Mnr WC Malan

Ek sou dit baie graag wou sien, maar ek weet net nie of dit polities haalbaar is nie. Ek weet nie of die ander state graag met ons sou wou assosieer nie.

Prof DM Davis

Human rights cannot be seen in an abstract sense – they have shifted and changed over years. There can be little doubt that a liberal *laissez-faire* kind of rights would be incompatible with a right towards some form of redistribution or nationalization. Of course, the issue with regard to the *Freedom Charter* is to whether it in fact constitutes any more than a social democracy. If you look at the *Freedom Charter* it could well be compatible with any social democratic dispensation. One would hardly have regarded Attlee in 1945 as a raving Marxist, but I am sure that if he had subscribed to the *Freedom Charter*, nationalization of certain key industries in England would have been perfectly compatible with the type of approach which is adopted in the *Freedom Charter*. The second and more important point is the question of the protection of property rights and the issue of redistribution of wealth in this country. It seems to me that no bill of rights which would prevent some form of redistribution of wealth or some form of ability on the part of the state in the future to close the gap between the haves and have-nots could work. Any bill of rights which entrenches a property clause in it will be seen as a veto power to protect the vested interests of the minority. It will lack legitimacy. One of the great problems in the South Africa of the future will be for the state to produce the goods, in other words to be able to comply with and meet the legitimate aspirations of the majority, which would obviously have risen to considerable heights at the point of a transition. Any bill of rights which would be seen to block the possible redistribution, the possible eradication of massive inequality and poverty in this country, would be an illegitimate instrument. That is why I think that one should not run away from the *Freedom Charter* and those particular clauses. We have to debate those issues squarely and honestly, if we are serious about a future dispensation for this country. I certainly think that we should not swallow the kind of nonsensical and historically inaccurate argument that the *Freedom Charter* as a document is nothing more than some kind of communist manifesto. It was not held to be such in the treason trial in 1956 to 1961. It is also very much in line with the *Universal Declaration of Human Rights*. Tragically, even that kind of document is revolutionary in the sense that it is so antithetical to the group's norm at present.

Chairman

I wonder whether it is not a suitable time to deal with the real issue: On the one hand we had this very clear exposition from Professor Du Plessis in which he added a number of compartments as the ideal situation and that was repeated by Professor Davis, when he said we have the three alternatives: the fully liberal one, the limited one and the one where we would agree on a bill of rights when consultations took place with everyone else in this country.

Dr F van Zyl Slabbert

I would like to refer to the talks of Professor Dugard, Professor Rautenbach and Professor Davis. In other words, that in different stages in the political process, if I follow the debate today, a bill of rights apparently fulfills different functions. The argument has been put foward this morning that the government could introduce a limited bill of rights. Professor Dugard gives a certain degree of causal importance to that bill of rights. It could generate a certain climate. That is a totally different function in the political process to the one that Dennis Davis is talking about, which is almost a culmination of a political process which has run its course and reflects the conditions in society. The third possibility is to introduce a completely liberal bill of rights, without actually having reached the stage of transfer of power or of negotiating a new constitutional dispensation. In other words, the present government, through some kind of Damascus insight, decides that it is going to introduce a fully liberal bill of rights which is going to become operative after it has got rid of certain laws and practices which contradict a bill of rights. I think that the idea of a limited bill of rights is a very dangerous one. The limited bill of rights is simply going to highlight the absence of other fundamental rights that do not exist in our society. If you then allow freedom of association, that freedom is going to be used by people to demand the very rights that have been denied in the rest of society. If, on the other hand, you unilaterally impose a completely liberal bill of rights, but you do not negotiate the political situation, you also have contradictions. It would seem to me that I tend to agree with the point that Dennis Davis has made, that the bill of rights in the political process has to form part of a process of bargaining or the process of negotiation. If you introduce it before you actually reach that stage, it is going to be seen as an instrument to entrench the position of the ruling minority.

Prof J Dugard

This of course is the central issue in the debate. I have suggested that a bill of rights could be introduced now in order to create the climate, the legal framework, for negotiation. I believe that the government has difficulty in withdrawing many of the legal restrictions of freedom of speech, association and assembly and also difficulty in withdrawing some of the restrictions or discriminatory provisions that remain in our law, such as the Group Areas Act. A bill of rights might give to the courts the power to set aside some of these laws and thereby create the political framework for the discussions. I think Van Zyl Slabbert and I both agree that those negotiations are crucial. One has got to bring the ANC and the present government to the negotiating table. Then a bill of rights will emerge – a full bill of rights with the legitimacy of the kind that Dennis Davis has advocated. The only question that remains in my mind is whether we wait indefinitely for the government to take the decision to unban the ANC and to withdraw the Group Areas Act. It may take longer than we can afford to wait. It may be easier for the government to introduce a bill of rights and to allow the courts to create the correct legal framework. I see it as an interim strategy. I don't pretend to have the absolute answer.

Adv Z Yacoob

I actually do not understand why it is dangerous to place people who are deprived of their rights in a position to demand them. From whose point of view is it dangerous and what are we actually trying to achieve? I think that a bill of rights might well have some advantage to the majority of people in this country, who are striving for their legitimate rights.

Mr A Cager

I have some problems with this whole idea of a bill of rights. I do not see how we can have a bill of rights at all. It seems to me that the tension that exists between the judiciary and the executive is incompatible with the type of role which the judiciary will have to play in upholding the rights under such a bill of rights. I am also extremely doubtful as to whether the judiciary wants to play this role, being so used to play the role they play at the moment. I do not know whether they want to assume a new role and try and solve problems by applying a bill of rights. Because the way I see this, the problem in South Africa is primarily a political and not a legal one. We can fix the law up in no time. It is the politicians who have to get their act together, not the lawyers. One has to realize that the power of the courts and the success and enforceability of a bill of rights depend not on the legal order, but rather on the political and economic order. I was wondering whether someone is prepared to comment on the inferior position of our Supreme Court, compared to the American or German ones.

Dr H Corder

It is true that the kind of role which would be required of courts and the judiciary in the interpretation of a bill of rights and in the necessary testing of acts of parliament against the provisions of a bill of rights would constitute a departure from the normal course of events or the normal course of judicial history in this country. It worked before 1900 in the Orange Free State. It did not work in the Zuid-Afrikaansche Republiek before 1900. That might have had something to do with the political forces and conditions in each of those societies. It does seem to me that, without trying to make too much out of too small a number of decisions, there has recently been an awareness or a coming to terms with the crisis situation which exists in this country by a not insignificant minority of judges. I think that those decisions indicate that the judiciary actually are able and willing to strike out in a new direction and to depart from the accepted way of doing things. My difficulty would be that 99% of the administration of the laws of this country occurs at magistrates' courts level and while it might be possible that the Supreme Court is able to shift and that it would gradually through the doctrine of precedent sift down, we need a radical re-orientation at the level of the inferior courts as well. That is something which I think ought to be borne in mind, because the initial testing of even a by-law against the bill of rights will come before magistrates' courts as well.

Prof J vd Westhuizen

Net een baie kort opmerking in verband met die debat oor howe se gewilligheid en vermoë om 'n menseregtehandves toe te pas: Is daar nie miskien iets verkeerd met die wyse waarop ons die optrede van die howe beoordeel nie? Ons beskou die verlede waar die howe sonder 'n menseregtehandves en binne die konsep van parlementêre soewereiniteit geopereer het. Daaruit lei ons af hoe hulle met 'n handves sal optree en ons maak die gevolgtrekking dat hulle nie in staat of bereid sal wees om dit behoorlik toe te pas nie. Dit lyk vir my soos om aan 'n persoon wat nog nooit 'n motor bestuur het of 'n rybewys gehad het nie, een te weier omdat sy rekord daarvan getuig dat hy nie kan bestuur nie. Wat is die oorsaak en wat die gevolg? Die howe se optrede in die verlede is sekerlik ten dele die gevolg van die sisteem wat gegeld het. Natuurlik was daar soms verskillende moontlikhede en regters het ook verskillend opgetree. Om egter slegs na die howe se optrede binne die huidige bedeling te kyk ten einde te bepaal hoe 'n toekomstige bedeling sal funksioneer, is nie korrek nie. Met 'n menseregtehandves wil ons dit juis nie slegs vir die howe moontlik maak om anders op te tree nie, maar wel verpligtend.

Adv MS Motshekga

Mr Chairman, I do not hesitate to adopt the phrase suggested by you that a bill of rights called for now, could be seen as a reactionary measure. Professor Dugard made it clear when he spoke of the urgency of the bill, saying that it is better to introduce it as soon as possible, so that one can use it as a negotiating platform. I tend to differ, because the problem you find is that you have a new (1983) constitution, which under 'own affairs' entrenches what I prefer to call 'new apartheid'. The ANC, an essential party to negotiations, as Professor Dugard indicated, rejects apartheid, or so I gather from scanty newspaper information, whether it is a new or a modified form of apartheid. So, the suggested desired bill, which could serve as a platform for negotiation, will not work, because it is still within the framework of apartheid. I believe that one could start without preconditions. I regard Botha's reforms as very prescriptive.

When one analyzes Supreme Court judgments since 1934 one must come to the conclusion that the courts have consistently favoured the executive. Judges have adopted a positivistic approach, like the judges of Nazi Germany and the Nationalist government has exploited this. Security legislation is only necessary to suppress opposition to apartheid. If apartheid is completely abolished, security legislation will not be necessary.

Prof G Devenish

Many black people are no longer interested in a liberal democracy, but merely in a new economic order.

Prof D Basson

'n Mens kan nie ontken dat die howe vandag in 'n legitimiteitskrisis verkeer nie. Die tussengroepverhoudinge-ondersoek van die RGN het dit aangedui.

Selfs die Hoexter-kommissie se ondersoek het gesê dat die howe se toepassing van die instromingsbeheermaatreëls minagting gekweek het vir die regswese in die algemeen. Onder die swart mense wat dan onder hierdie wetgewing gebuk gegaan het, is daar minagting nie net slegs vir die wette waaronder hulle gebuk moes gaan nie, maar ook vir die regswese in die algemeen. Dit is 'n gevaarlike verskynsel. Vir my is 'n regstelsel 'n land se mees waardevolle instelling. As daardie instelling begin om geërodeer te word, dan is die gevolg van die wantroue daarin anargie en revolusie. Ek wil graag aansluit by die standpunt wat gestel is dat die regbank meer aktivisties moet wees. Ek kan nie saamstem met professor Van der Westhuizen se standpunt dat 'n mens nie gaan kyk wat in die verlede gebeur het nie, maar eenvoudig aanvaar dat die howe nou skielik anders gaan optree, net omdat daar 'n menseregtehandves bestaan. Hulle sal waarskynlik anders optree, aangesien dit nou binne die staatsregtelike opset moontlik is om die menseregtehandves af te dwing, maar dit gaan nie beteken dat die howe noodwendig dan die vertroue van die gemeenskap het nie. Dit is waaroor dit vir my gaan. Die regstelsel in die algemeen moet die vertroue hê van die gemeenskap wat hy moet orden. Om hierdie vertroue te handhaaf, sal die howe nou reeds meer aktivisties moet optree. Hierin het ons as akademici en as praktisyns 'n plig, wat hierdie sake voor die howe moet beredeneer waar die individu teenoor die staatsgesag in konflik kom.

Prof SC Jacobs

Ek het die standpunt in my referaat gehandhaaf dat solank ons in Suid-Afrika die wenslikheid van die opname van 'n menseregte-akte knoop aan ander politieke doeleindes wat ons daarmee wil verwesenlik, sal ons die menseregtedebat in diskrediet bring. Dit is 'n realiteit, wat geen bespreking buite rekening kan laat nie. Die tweede standpunt, wat hieruit voortvloei, is dat ons nie vandag praat oor die legitimiteitskrisis van die huidige regering of die feit dat hy onwettig is nie. Dit mag vir u interessant wees dat ek self dink dat van eergister af die huidige regering onwettig is, omdat dit die eerste keer is dat daar meer as vyf jaar verloop het waarin geen algemene verkiesing gehou is nie. Dit is egter nie vandag ter sprake nie. Wat vandag ter sprake is, is die vraag rondom die instelling van 'n menseregte-akte en wat daarmee saamhang. Rondom die kontrolebevoegdheid van die howe wil ek sê dat parlementêre soewereiniteit nie die kontrolebevoegdheid van die howe in die weg staan nie. Dit is reeds in 1898 in die epogmakende en baie belangrike, maar ietwat verwaarloosde beslissing van *S v Gibson* gegee deur regter en later generaal Hertzog. Ons het gehoor dat dit maar twaalf of agtien keer was wat die Amerikaanse hooggeregshof die afgelope aantal dekades wetgewing ongeldig verklaar het. As ons kyk na die funksie van die Duitse *Verfassungsgerricht* in hierdie verband, dan sien ons hy neem sy kontrolebevoegdheid met die grootste mate van terughoudendheid op. Nou ontstaan die vraag selfs al sou ons vandag die howe daardie mate van kontrolebevoegdheid gee wat die VSA het, of wat 'n staat soos Duitsland het, sou dit dan almal hier tevrede stel? Die antwoord is negatief, omdat ons deur middel van menseregte in judisiële kontrole eintlik die mannetjie daaragter nooit kan bykom nie. Daardie mannetjie wat die land regeer, wil ons eintlik daarmee byt. Die realiteit daarbuite is nie net 'n 'struggle' aan die een kant nie,

maar kan ook 'n 'struggle' aan die ander kant word. Dit is ons taak as juriste om te sorg dat die een 'struggle' nie die ander 'struggle' verder in 'n derde 'struggle' laat ontwikkel nie. As die *Freedom Charter* praat van 'n redistribusie van welvaart, dan is die gedagte dat dit met geweld bereik sal word, as dit nie grondwetlik bereik kan word nie. Daar moet in gedagte gehou word dat as dit in die *Freedom Charter* staan, dan is dit sonder twyfel inherent 'n Marxistiese beginsel. Nou mag 'n mens sê: 'Ek hou van hierdie Marxistiese beginsel', maar dit doen nie afbreuk daaraan dat dit 'n Marxistiese beginsel is nie. Ek wil u vandag daaraan herinner dat selfs 'n moderne samelewing soos die Federale Bondsrepubliek van Duitsland in sy handves vir menseregte die beginsel van resosialisering het en dat dit niks anders as die herverdeling van welvaart is nie. Daardie artikel is dood op die wetboek van die Federale Republiek. Dit is dood omdat dit inherent die vryheidsmaatstaf aantas. As ek 'n persoon verplig om sy rykdom te verdeel en met ander te deel, tas ek daarmee een van die hoekpilare van enige menseregsisteem aan, naamlik vryheid.

Mr WC Malan

Daar is een stelling wat Professor Jacobs gemaak het waarop ek moet reageer. Dit is dat solank as wat die menseregtedebat rondom politieke doelwitte konsentreer sal ons nêrens kom nie. Ek wil juis die teendeel stel. Solank as wat die mensregtedebat maar 'n idee is sodat die idee daar is en jy 'n mooi beeld na buite het gaan dit niks beteken nie. As die feit dat 'n reg wat 'n mens toekom, hom nie inderdaad in staat stel om iets wesenliks daarvan te maak om sy bestaansmoontlikhede te verwerklik ten opsigte van al die uitgangspunte wat daar gestel is dan beteken dit absoluut niks. In hierdie verband wil ek aansluit by veral die gesprek oor die *Freedom Charter* en ekonomiese regte. Ek dink dit is relatief maklik om ontslae te raak van die beperkinge op politieke regte in terme van deelname en in terme van diskriminerende wetgewing. Die dilemma lê egter op die vlak van die ekonomiese regte, of ons nou arm mense in hierdie land gehad het of nie. En dan tel ek myself as 'n ryk mens. Ek is nie bereid om net in die beperkte kring die magskonsentrasie in terme van ekonomiese vermoë wat daar in die hande van 'n paar individue of maatskappye lê, te regverdig nie. En op geen manier kan ek dit regverdig vir die totale gemeenskap nie. Daar wil ek saamstem met Professor Davis toe hy gesê het dat as die akte van menseregte nie toelaat dat daar 'n drastiese herverdeling kom nie, beteken dit niks vir die toekoms nie. Op welke wyse herverdeling moet geskied, wil ek my nie uitlaat nie. Maar ek wil verder gaan. Ons moet kyk of ons nie ook in die skep van hierdie akte van menseregte sekere regte kan inbou nie, wat beperkend werk teenoor die ander. As ons nie op 'n manier kan keer dat magskonsentrasie voortgaan nie en dat mense gebrek ly vanweë optrede wat nie vasgevat kan word met 'n idee soos 'n wet teen onregverdige mededinging nie, gaan ons nie ver genoeg nie. Vir die toekoms van hierdie land sal ons werklik moet konsentreer op ekonomiese regte.

Mr J Malatji

When we talk about wealth that should be shared it is something that frightens white people. We are not talking of taking the wealth away from people who

